

**BEROEPSVOORLIGTING AAN DIE BEGAAFDE
LEERLING IN DIE JUNIOR SEKONDêRE SKOOLFASE**

deur

Daniël Lodewikus Cronjé

(B.A., THOD., B.ED.)

Verhandeling goedgekeur vir die graad

Magister Educationis

In die Departement Voorligting en Ortopedagogiek

Van die Fakulteit Opvoedkunde

aan die

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studieleier: Dr. J.L. Marais

Mei 1990

DANKBETUIGINGS

Opregte dank word betuig aan:

- * My Hemelse Vader van wie ek al my vermoëns en krag ontvang het vir hierdie navorsing.
- * Dr. J.L. Marais vir sy simpatieke, doelgerigte en praktiese leiding en aanmoediging asook die aandag wat sy gesin moes ontbeer ter wille van sy bydrae tot hierdie studie.
- * Prof. H.B. Kruger vir sy aanvanklike hulp met die beplanning van die navorsingsonderwerp.
- * Die Transvaalse Onderwysdepartement vir toestemming om die vraelys vir invul aan sekondêre skole te kon stuur.
- * Dr. A.J. van der Walt en sy personeel van die Sentrale Publikasiediens van die PU vir CHO vir die druk en bind van hierdie verhandeling.
- * Departementshoofde: Opvoedkundige Leiding vir hulle gewaardeerde samewerking.
- * Transvaalse Onderwysmediadiens vir uitmuntende diens deur hulle gelewer.
- * Prof. H.S. Steyn en sy personeel van die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO vir hulle advies en hulp met die verwerking van die gegevens deur die rekenaar.
- * Prof. P.D. van der Walt en sy personeel vir die taalkundige versorging.
- * Mev. Francis Labuschagne vir die noukeurige en professionele tikwerk asook die bykomende moeite wat sy gedoen het.
- * My eggenote, kinders en kleinkinders vir hulle aanmoediging, liefde, geduld en jarelange opoffering.
- * My ouers, ander familieleden en vriende vir hul volgehoue belangstelling, liefde en aansporing.
- * Mnr. Johann van der Linde vir sy hulp om die studiemateriaal by mev. Labuschagne te besorg.

**Prediker 12:12-13. Die belangrikste van alles is: My seun, wees versigtig!
Daar kom nie 'n einde aan die skryf van baie boeke nie, te veel studie oorels
die liggaam. Die slotson van alles wat jy gehoor het, is dit: Dien God en
gehoorsaam sy gebooe.**

Inhoudsopgawe

HOOFSTUK 1	1
INLEIDING, PROBLEEMSTELLING, DOEL, METODE EN VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK	1
1.1 INLEIDING	1
1.2 PROBLEEMSTELLING	2
1.3 DOEL VAN DIE ONDERSOEK	3
1.4 METODE VAN ONDERSOEK	4
1.5 PROGRAM VAN ONDERSOEK	4
1.6 SAMEVATTING	5
HOOFSTUK 2	6
KENMERKE EN BEHOEFTE VAN DIE BEGAAFDE LEERLING EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR DIE BEROEPSVOORLIGTINGSPROGRAM	6
2.1 INLEIDING	6
2.2 WIE IS DIE BEGAAFDE KIND?	6
2.3 BESONDERE VERSTANDELIKE KENMERKE VAN DIE BEGAAFDE LEERLING EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR 'N BEROEPSVOOR- LIGTINGSPROGRAM	7
2.3.1 Intelligensie	7
2.3.1.1 Gevorderde beroepe	7
2.3.1.2 Assosiasievorming	8
2.3.1.3 Beroepsinligting	8
2.3.1.4 Optimalisering van persoonsvermoëns	8
2.3.1.5 Stimulering van persoonskenmerke	8
2.3.1.6 Probleemoplossingsvermoëns	8
2.3.1.7 Toekomsspekulasie	9
2.3.1.8 Abstrakte denke	9
2.3.2 Talentvolheid	10
2.3.2.1 Ontwikkeling van talent	10
2.3.2.2 Persoonsbeeld	10
2.3.2.3 Bydrae tot die gemeenskap	11
2.3.2.4 Probleemoplossing	11

2.3.3 Kreatiwiteit	12
2.3.3.1 Ontwikkeling van kreatiewe vermoëns	12
2.3.3.2 Vakkeuses	12
2.3.3.3 Probleemoplossing	12
2.3.3.4 Die formulerings van nuwe ooreenkomste	13
2.3.4 Aanleg	14
2.3.4.1 Onderwys- en opvoedingsgeleenthede	14
2.3.4.2 Ruimtelike aanleg	15
2.3.4.3 Syferaanleg	15
2.3.4.4 Verbale aanleg	15
2.3.4.5 Kunsaanleg	15
2.3.4.6 Musiekaanleg	16
2.4 BESONDERE BEHOEFTE VAN DIE BEGAAFDE LEERLING EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR 'N BEROEPSVOORLIGINGSPROGRAM	16
2.4.1 Inleiding	16
2.4.1.1 Beperking van aspirasies	16
2.4.1.2 Behoeftes aan groter uitdagings	17
2.4.1.3 Behoeftes aan steunegewing	17
2.4.1.4 Behoeftes aan 'n eie waardesisteem	17
2.4.1.5 Behoeftes aan 'n verskeidenheid vakkeuses	18
2.4.1.6 Behoeftes aan sekuriteit	18
2.4.1.7 Behoeftes aan groter beweegruimte	18
2.4.1.8 Behoeftes aan realistiese doelstellings	19
2.4.1.9 Behoeftes aan identifikasiefigure	19
2.5 SAMEVATTING	19
HOOFSTUK 3	20
BEROEPSVOORLIGTING AAN DIE BEGAAFDE LEERLING MET BESON- DERE VERWYSING NA TRANSVAAL	20
3.1 INLEIDING	20
3.2 METODES OM DIE BEROEPSVOORLIGTINGSPROGRAM VAN DIE BEGAAFDE LEERLING TE VERRYK	20
3.2.1 Beroepsinligtingsbesoeke deur die begaafde leerling	21
3.2.1.1 Die mediasentrum in die skool	21
3.2.1.2 Besoeke aan die beroepswêreld	23

(i) Doelstellings	23
(ii) Beplanning	23
(iii) Persoonseienskappe	23
(iv) Skakeling met persone in die beroepsituasie	24
(v) Afronding van die beroepsinligtingsbesoek	26
3.2.2 Beroepsvoorligtingspraatjies by die skool	26
3.2.2.1 Voorbereiding van leerlinge	27
3.2.2.2 Identifisering van sprekers	27
3.2.2.3 Ouers van begaafde leerlinge en oud-leerlinge	27
3.2.2.4 Kunstenaars uit die beroepswêreld	28
3.2.2.5 Onderwysers en dosente	28
3.2.2.6 Begaafde persone	28
3.2.2.7 Beroepslui van die openbare en privaatsektor	29
3.2.2.8 Afgetrede begaafde persone	29
3.2.2.9 Diverse beroepsvoorligtingsaspekte	29
(i) Beroepsdoelwitte en metodes	29
(ii) Beroepskennis	29
(iii) Sosiale waardes	30
(iv) Verbreding van horisonne	30
(v) Keuse-uitoefening	30
(vi) Belangstelling	31
(vii) Opvolgwerk	31
3.2.3 Beroepstudie	31
3.2.3.1 Beroepsnavorsingsentrum	31
(i) Bibliotekaresse	32
(ii) Navorsingspan	32
(iii) Navorsing van beroepsvelde	32
(iv) Ontwikkeling van denke	33
(v) Self- en beroepskennis	33
3.2.3.2 Rekenaar	33
(i) Beroepsinligtingsnetwerk	33
(ii) Persoonse kenmerke	34
3.2.4 Biografieë	35
3.2.5 Skakeling met die beroepsvoorligter	36

3.2.5.1 Inleiding	36
3.2.5.2 Gesindheidskweking by die kind	36
3.2.5.3 Emosionele rypheid	37
3.2.5.4 Spanvorming	37
3.2.5.5 Portuurgroep	38
3.2.5.6 Selfkonsep	39
3.2.5.7 Beroepsrolle	39
3.2.5.8 Self- en beroepskennis	40
3.2.5.9 Beroepskeuse-idees en beroepswaardes	40
3.3 OORSIG VAN DIE BESTAANDE BEROEPSVOORLIGTINGSPROGRAM VIR DIE JUNIOR SEKONDÊRE SKOOLLEERLING IN TRANSVAAL MET BESONDERE VERWYSING NA DIE BEGAAFDE LEERLING	40
3.3.1 Beroepsvoorligting aan die standaard vyf-leerling binne skoolver- band	40
3.3.1.1 Selfkennis	41
3.3.1.2 Beroepskennis	41
3.3.1.3 Self- en beroepskennis en die uitoefening van 'n keuse	41
3.3.2 Beroepsvoorligting aan die standaard-ses leerling binne skoolver- band	41
3.3.2.1 Tipe onderwys wat verskaf word	42
3.3.2.2 Studiemetodes	42
3.3.2.3 Selfkennis	42
3.3.2.4 Beroepskennis	42
3.3.2.5 Self- en beroepskennis en keuse-uitoefening	43
3.3.2.6 Opvoedkundige en persoonlike probleme as beperkende faktore vir studierigting-, vak- en beroepskeuse	43
3.3.3 Beroepsvoorligting aan die standaard sewe leerling binne skool- verband	44
3.3.3.1 Studiemetodes	44
3.3.3.2 Selfkennis	44
3.3.3.3 Beroepskennis	44
3.3.3.4 Self- en beroepskennis en keuse-uitoefening	45
3.3.4 Beroepsvoorligting aan die begaafde standaard-vyf leerling binne en buite skoolverband	46

3.3.5 Beroepsvoortligting aan die begaafde standerd ses- en sewe- leerling binne skoolverband	47
3.3.5.1 Programverryking in die klaskamer	47
(i) Individuele programme	47
(ii) Beroepskennis	47
(iii) Selfkennis	47
(iv) Kurrikulumuitbouing	48
(v) Kwalitatiewe differensiasie	48
(vi) Versnelling	48
3.3.5.2 Programverryking buitekant die gewone klaskamer	49
(i) Skole vir spesifiek-hoogs-begaafdes	49
(ii) Buitekurrikulêre sentra	50
3.3.5.3 Diverse beroepsvoortligtingsaspekte	51
3.3.5.4 Die rol van die opvoedkundige hulpdiens met betrekking tot be- roepsvoortligting aan die begaafde leerling	52
3.4 SAMEVATTING	54
HOOFSTUK 4	55
DIE EMPIRIESE ONDERSOEK	55
4.1 INLEIDING	55
4.2 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK	55
4.3 ENKELE ONDERSOEKMETODES EN KEUSE VAN DIE ONDERSOEK- MIDDEL	55
4.3.1 Die vraelys as empiriese navorsingsmetode	56
4.3.2 Die samestelling van die vraelys	56
4.3.3 Kriteria vir die ontwerp van die vraelys	57
4.3.4 Tegniese versorging van die vraelys	58
4.3.5 Faktore wat bepalend is vir die tegniese versorging van die vraelys.	58
4.3.6 Anonimiteit van die proefpersone	59
4.3.7 Voortoetsing van die vraelys	59
4.3.8 Die begeleidende brief	60
4.3.9 Verspreiding van die vraelys	61
4.3.10 Terugsending van die vraelys	61
4.3.11 Opvolgaktiwiteite	61

4.4 DIE EMPIRIESE ONDERSOEK	62
4.4.1 Die populasie en keuse van proefpersone	62
4.4.1.1 Bepaling van die studiepopulasie	63
4.4.1.2 Samestelling van die vraelys	64
4.4.1.3 Keuse van die soort items vir die vraelys	69
4.4.1.4 Eerste redaksie van die vraelys: motivering van items	70
4.4.1.5 Tweede redaksie van die vraelys	74
4.4.1.6 Aspekte van die finale vraelys	75
(i) Breë temas wat deur die vraelys gedek word	75
(ii) Lengte van die vraelys	76
(iii) Anonimiteit van die vraelys	76
(iv) Voorkoms van die vraelys	77
4.4.1.7 Begeleidende brief	77
4.4.1.8 Terugontvangste	77
4.4.1.9 Verwerking van die vraelysantwoorde	78
4.5 SAMEVATTING	78
HOOFSTUK 5	79
VRAELYS AAN DEPARTEMENTSHOOFDE: OPVOEDKUNDIGE LEIDING VAN SEKONDÊRE SKOLE: AANBIEDING EN ONTLEDING VAN DIE VRAELYSANTWOORDE.	79
5.1 INLEIDING	79
5.2 INTELLIGENSIE	80
5.2.1 Vraag 1	80
5.2.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	81
5.2.2 Vraag 2	81
5.2.2.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	82
5.2.3 Vraag 3	82
5.2.3.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	83
5.2.4 Vraag 4	83
5.2.4.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	84
5.2.5 Vraag 5	84
5.2.5.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	85
5.3 TALENTVOLHEID	85
5.3.1 Vraag 6	86

5.3.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	86
5.4 KREATIWITEIT	87
5.4.1 Vraag 7	87
5.4.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	87
5.5 AANLEG	88
5.5.1 Vraag 8	88
5.5.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	89
5.6 BESONDERE BEHOEFTE	89
5.6.1 Vraag 9	89
5.6.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	90
5.6.2 Vraag 10	90
5.6.2.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	91
5.6.3 Vraag 11	91
5.6.3.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	92
5.6.4 Vraag 12	92
5.6.4.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	93
5.7 DIE MEDIASENTRUM	93
5.7.1 Vraag 13	93
5.7.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	94
5.8 BEROEPSINLIGTINGSBESOEKE	94
5.8.1 Vraag 14	95
5.8.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	95
5.9 DIE MENTOR	96
5.9.1 Vraag 15	96
5.9.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	97
5.10 BEROEPSINLIGTINGSPRAATJES	97
5.10.1 Vraag 16	97
5.10.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	98
5.10.2 Vraag 17	99
5.10.2.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	99
5.11 DIE BEROEPSNAVORSINGSENTRUM	100
5.11.1 Vraag 18	100
5.11.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	100
5.12 DIE REKENAAR	101

5.12.1 Vraag 19	101
5.12.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	102
5.13 BIOGRAFIEë VAN BEGAAFDE BEROEPSLUI	102
5.13.1 Vraag 20	102
5.13.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	103
5.14 SKAKELING MET DIE ONDERWYSADVISEUR: LOOPBAANAAN- GELEENTHEDE VAN DIE OPVOEDKUNDIGE HULPDIENS.	103
5.14.1 Vraag 21	103
5.14.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	104
5.14.2 Vraag 22	105
5.14.2.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	105
5.14.3 Vraag 23	106
5.14.3.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	107
5.15 VAKPRESTASIES	107
5.15.1 Vraag 24	107
5.15.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	108
5.16 BEROEPSTUDIE	108
5.16.1 Vraag 25	108
5.16.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	109
5.17 SKAKELING MET DIE VOORLIGTERONDERWYSER	109
5.17.1 Vraag 26	110
5.17.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	110
5.18 PROGRAMVERRYKING IN DIE KLASKAMER	111
5.18.1 Vraag 27	111
5.18.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	112
5.18.2 Vraag 28	112
5.18.2.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	113
5.18.3 Vraag 29	113
5.18.3.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	114
5.19 BESOEKE AAN BUITEKURRIKULêRE SENTRA	114
5.19.1 Vraag 30	114
5.19.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	115
5.19.2 Vraag 31	116
5.19.2.1 Ontleding en vertolking van antwoorde	116

5.20 SAMEVATTING	117
HOOFSTUK 6	118
SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS	118
6.1 INLEIDING	118
6.2 SAMEVATTING	118
6.2.1 Probleemstelling	118
6.2.2 Doel van die ondersoek	118
6.2.3 Kenmerke en behoeftes van die begaafde leerling en die Implikasies daarvan vir die beroepsvoorligtingsprogram	119
6.2.3.1 Besondere verstandelike kenmerke van die begaafde leerling	119
6.2.3.2 Besondere behoeftes van die begaafde leerling en die Implikasies daarvan vir 'n beroepsvoorligtingsprogram	119
6.2.4 Beroepsvoorligting aan die begaafde leerling met besondere verwysing na Transvaal	120
6.2.4.1 Metodes om die beroepsvoorligtingsprogram van die begaafde leerling te verryk	120
6.2.4.2 Oorsig van die bestaande beroepsvoorligtingsprogram vir die junior sekondêre skoolleerling in Transvaal met besondere verwysing na die begaafde leerling	120
6.2.4.3 Beroepsvoorligting aan die begaafde standerd vyf, ses en sewe leerling binne en buite skoolverband	121
6.2.4.4 Die rol van die opvoedkundige hulpdiens met betrekking tot beroepsvoorligting aan die begaafde leerling	121
6.2.5 Die empiriese ondersoek	121
6.2.6 Aanbieding, ontleding en terugrapportering van die vraelysantwoorde	122
6.3 GEVOLGTREKKINGS	122
6.3.1 Kenmerke en behoeftes van die begaafde leerling en die implikasies daarvan vir die beroepsvoorligtingsprogram	122
6.3.2 Beroepsvoorligting aan die begaafde leerling met besondere verwysing na Transvaal	124
6.4 AANBEVELINGS	127
6.5 LEEMTES IN HIERDIE ONDERSOEK	129
6.6 SLOTOPMERKING	129

BRONNELYS	130
BYLAES	144

LYS VAN TABELLE

5.1	Eise wat gevorderde beroepe aan begaafdes stel	80
5.2	Die oorweging van beroepe van gevorderde aard	82
5.3	Die verband tussen verstandsvermoëns en mannekragbehoefes	83
5.4	Begrip en aanvaarding van verstandelike vermoëns	84
5.5	Ontwikkeling van probleemoplossingvaardighede	85
5.6	Talente van begaafde leerlinge en implikasies vir vak- en beroepskeuses	86
5.7	Vakke, vakversamelings en studierigtings vir begaafde leerlinge	87
5.8	Aanleg en die maak van keuses	88
5.9	Die uildaging wat vakke en vlak van vakke bied	90
5.10	Die begaafde leerling se insig in vak- en beroepskeuseprobleme	91
5.11	Watter waarde aan die keuse van vakke en beroepe geheg word	92
5.12	Die ervaring van liefde, sekuriteit en veiligheid	93
5.13	Die mediasentrum en die verrykking van beroepskennis	94
5.14	Besoeke aan werkgewende instansies	95
5.15	Skakeling met die beroepswêreld	97
5.16	Skakeling met begaafde persone uit die openbare en privaatsektor	98
5.17	Beroepskeuse op grond van beroepsinligting van gassprekers	99
5.18	Besoeke aan die beroepsnavorsingsentrum	100
5.19	Rekenaarsoektogte vir beroepstudie	101
5.20	Studie van begaafdes se biografieë	103
5.21	Hulp van die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede ten opsigte van studieprobleme	104
5.22	Hulp van die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede ten opsigte van emosionele probleme	105
5.23	Die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede en	

begaafdes se persoonsvermoëns	106
5.24 Vakprestasiëprofile vir die evaluering van vakprestasies	108
5.25 Beroepstudie met die oog op vak- en beroepskeuses	109
5.26 Individualiteit en beroepe	110
5.27 Programverryking in die gewone klaskamer	111
5.28 Verskeidenheid van skoolvakke	112
5.29 Vakversnelling	114
5.30 Besoeke aan 'n skool vir musiek, ballet en kuns	115
5.31 Besoeke aan Sentrum vir Begaafde Leerlinge	116

SUMMARY

This investigation determines the extent to which Vocational Guidance for junior secondary gifted pupils is effectively administered in the Transvaal. Authoritative literature on Vocational Guidance for the gifted child serves as theoretical background.

The characteristics, needs and developmental possibilities of the gifted child are investigated in terms of a vocational guidance programme.

The function of the home, school and "world of work" regarding the gifted child's vocational education and guidance are considered. The emphasis, however, is placed on the role of the school, and in particular the role of the Head of Department: Educational Guidance; subject teachers and the Educational Advisor: Vocational matters.

In the empirical investigation, a questionnaire was completed by Heads of Department: Educational Guidance, in a number of Afrikaans-medium and double-medium Secondary Schools. The SAS-computer programme is applied to determine the average of the responses for each question.

The results of the investigation indicate that certain aspects of the existing Vocational Guidance programme are effective. There are however, a number of areas which deserve more attention, and possibly need to be revised.

For the Vocational Guidance programme to be really effective, the existing programme needs to be implemented maximally, while comprehensive involvement of a committed teaching staff is essential. It is important to consider the latest developments regarding the vocational education of the gifted child in order to revise the present programme periodically.

HOOFSTUK 1

INLEIDING, PROBLEEMSTELLING, DOEL, METODE EN VERLOOP VAN DIE ONDERSOEK

1.1 INLEIDING

Dit is waarskynlik die meeste ouers se ideaal dat hulle kinders se potensiaal ten volle ontwikkel sal word. Staatsmanne, onderwysowerhede en almal wat belang het by die opvoeding van die jeug doen voortdurend op ouers 'n beroep om toe te sien dat hulle kinders se opvoeding van so 'n aard is dat hulle potensiaal ten volle sal ontplooi. Hierdie ideaal vind sy verwesenliking in die beleid van gedifferensieerde onderwys (De Jong, 1985:40).

Die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (Wet 39 van 1967) stel die verwesenliking van die moontlikhede van elke kind binne 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys as 'n belangrike doelstelling. Sedert 1973 is al die verskillende onderwysdepartemente in die RSA besig om 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys toe te pas (Kruger, 1980:2 en RGN, 1978:1).

Die behoefte aan gedifferensieerde onderwys spruit voort uit die feit dat alle mense gelykwaardig is, maar dat hulle op grond van onder andere verstandesvermoë, aanleg en belangstelling kwalitatief van mekaar verskil. Hierdie individuele verskille tussen mense en dus ook kinders, noodsaak gedifferensieerde onderwys om leerlinge die geleentheid te bied om ooreenkomstig hul vermoëns onderwys te ontvang sodat hul persoonsmoontlikhede tot volle ontplooiing kan kom en hulle aan die else wat deur naskoolse beroepsopleiding gestel word, kan voldoen. Leerlinge moet voorts inligting ontvang insake hul onderwys- en beroepskeuse sodat ook in die land se mannekragbehoefte voorsien kan word. Begaafde leerlinge is eweneens op gedifferensieerde onderwys en beroepsopvoeding aangewese. Scott (1984:1-2) is van mening dat dié leerlinge deeglike voorligting moet ontvang ten einde hulle potensiaal produktief te kan benut. Hierdie voorligting omsluit dus verskillende beroepsrigtings, moontlikhede tot verdere studie of opleiding asook

oor watter vaardigheids- of intellektuele eise deur die verskillende beroepe in tersiêre inrigtings aan studente gestel word.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Voorligting aan die begaafde leerling is onlosmaaklik deel van sy onderwysvoorsiening. Daar is sedert die sewentiger- en tagtigerjare hoofsaaklik op die onderwys en opvoeding vir begaafde leerlinge gefokus. Nasionale en internasionale simposiums en kongresse oor onderwys vir die begaafde leerling is van tyd tot tyd aangebied. Daar is egter tydens hierdie geleenthede weinig, indien enige, aandag aan beroepsvoorligting vir die begaafde kind geskenk. Slegs een referaat het die probleem van voorligting aan begaafdes tydens Ingenium 2000 aangeraak (Marais, 1984:4 en RGN, 1986:6).

As daar dan een terrein bestaan waarop begaafde leerlinge beslis 'n behoefte aan ondersteuning en leiding toon, dan is dit ten aansien van hul beroeps- en loopbaanbeplanning. Die volgende aantal probleme benadruk hierdie behoefte (Khalena, soos aangehaal deur die RGN, 1986:284).

- * "Die foutiewe aanname dat begaafde leerlinge enige doel waarvoor hulle aspireer, kan bereik, dit wil sê kan word wat hulle wil.
- * Die té vroeë kanalisering van begaafde leerlinge in sekere beroepsrigtings as gevolg van prestasie in sekere skoolvakke en vakkeuse wat gemaak word.
- * Die probleem wat sommige begaafde leerlinge ervaar om hulle waardesisteem met dié van ander te versoen.
- * Die konflik tussen hul uitmuntende prestasie en die reaksie sowel as aanvaarding van mede-skoliere daarop.
- * Die soeke na 'n loopbaan as primêre middel tot selfonderhouding en nie as middel tot selfverwesenliking nie.

- Die kernproblematiek rondom die beroeps- en loopbaanbeplanningsbehoefte van begaafde leerlinge sentreer om die feit dat hierdie leerlinge op grond van hul buitengewone vermoëns daartoe in staat is om 'n groot verskeidenheid keuses te kan uitoefen wat verder gekompliseer word deur die feit dat hulle ook in sekere stadiums gedwonge voel tot die maak van 'n bepaalde beroepskeuse op grond van die feit dat ander leerlinge dit doen."

Die besliste behoefte aan hulpverlening en steungewing by begaafde leerlinge ten aansien van beroeps- en loopbaanaangeleenthede moet dus aanvaar word.

In verband met die onderwerp waaroor navorsing onderneem word kom die volgende probleme na vore:

- Bied die bestaande beroepsvoorligtingsprogram in Transvaalse skole genoegsame beroepsvoorligting vir die begaafde leerling se behoeftes as sy intelligensie, kreatiwiteit, talentvolheid en belangstelling in ag geneem word?
- In welke mate kan beroepsvoorligting doelmatig aangebied word om in elke begaafde leerling se loopbaanbehoefte te voorsien?

1.3 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Na aanleiding van die voorafgaande probleemvrae kan die doel van hierdie ondersoek soos volg geformuleer word:

1. Om die behoeftes en eienskappe van begaafde leerlinge en die praktyk van beroepsvoorligting aan dié leerlinge in die algemeen en in Transvaal in die besonder vanuit die literatuur te ondersoek.
2. Om empiries te bepaal in welke mate beroepsvoorligting aan die begaafde leerling in die junior sekondêre fase in Transvaalse skole verwesenlik word.

3. Om ná die literatuurstudie en empiriese ondersoek tot bepaalde gevolgtrekkings en aanbevelings te kom ten aansien van beroepsvoorligting aan die begaafde leerling.

1.4 METODE VAN ONDERSOEK

Die studie val uiteen in 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek.

*** Literatuurstudie**

Die literatuurstudie sal toegespits word op:

- Die kenmerke en behoeftes van die begaafde leerling en die implikasies daarvan vir die beroepsvoorligtingsprogram.
- Beroepsvoorligting aan die begaafde leerling met besondere verwysing na Transvaal.

*** Empiriese ondersoek**

Die empiriese ondersoek behels die invul van 'n vraelys deur Departementshoofde: Opvoedkundige Leiding of voorligteronderwysers verantwoordelik vir die beroepsvoorligtingsprogram in Transvaalse sekondêre skole.

Op grond van die resultate van die vraelys sal gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak word.

Die data sal met behulp van die SAS-programpakket (SAS Institute, 1982) verwerk word ten einde te bepaal wat die stand van voortligting aan die begaafde leerling in die junior sekondêre skoolfase in Transvaal is.

1.5 PROGRAM VAN ONDERSOEK

In hoofstuk een word 'n oorsig van die rol van die begaafde kind in die Republiek van Suid-Afrika se toekomstige mannekragbehoefte sowel as die plek van beroepsvoorligting om hierdie rol sinvol uit te bou, gegee.

Daar word voorts op die metode, doel en program van ondersoek gefokus om aan te dui hoe die vraagstuk van beroepsvoorligting aan die begaafde kind in hierdie ondersoek geraak gaan word.

Hoofstuk twee word gewy aan die kenmerke en behoeftes van die begaafde leerling en die implikasies daarvan vir die beroepsvoorligtingsprogram.

In hoofstuk drie word gekyk na beroepsvoorligting aan die begaafde leerling met besondere verwysing na Transvaal.

Die empiriese ondersoek word in hoofstuk vier aangesny. Aspekte soos die doel van die ondersoek, enkele ondersoekmetodes, die keuse van die ondersoekmiddel en die vraeys word bespreek.

Die resultate van die ondersoek sal in hoofstuk vyf aangebied en toegelig word.

'n Samevatting van die hele navorsing sal in hoofstuk ses bespreek word. Sekere gevolgtrekkings, waarop aanbevelings gebaseer is sal gemaak word.

1.6 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het ten aanvang 'n oorsig oor 'n oriëntering van die navorsing gebied. Daarna is die probleemstelling van naderby bekyk. Die doel van die ondersoek het vervolgens onder die soeklig gekom, gevolg deur die metode en program van ondersoek.

In hoofstuk twee sal die kenmerke en behoeftes van die begaafde leerling en die implikasies daarvan vir die beroepsvoorligtingsprogram bespreek word.

HOOFSTUK 2

KENMERKE EN BEHOEFTES VAN DIE BEGAAFDE LEERLING EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR DIE BEROEPSVOORLIGTINGSPROGRAM

2.1 INLEIDING

In Suid-Afrika word al 'n geruime tyd aandag aan die diagnosering en remediëring van vertraagde en gestremde kinders gegee. Spesiale onderwys word aan al hierdie kinders voorsien. Tog is daar die neiging om terselfdertyd die area van die grootste belang in die vooruitgang en toekomst van die RSA te verwaarloos. Dit is naamlik die begaafde kind en sy onderwys (Kotze, 1983:3).

Volgens Gowan & Demos (1964:244) het die begaafde kind besondere intellektuele behoeftes, maar ten opsigte van sy behoefte aan beroepsvoorgligting verskil hy nie veel van ander kinders nie. Derhalwe is die begaafde kind se besondere kenmerke en behoeftes en die implikasies daarvan vir sy beroepsvoorgligtingsprogram in hierdie hoofstuk die fokuspunt. In die lig hiervan sal die wenslikheid al dan nie van eiesoortige beroepsvoorgligting aan die begaafde kind oorweeg word.

2.2 WIE IS DIE BEGAAFDE KIND?

Zlotnick (1989:50) wys daarop dat die begaafde kind in die RSA aan sekere kriteria moet voldoen. Dit is naamlik 'n intelligensiesyfer van 130, uitsonderlike vakprestasies, leierskap en kreatiwiteit. Daar is dus 'n verskeidenheid besondere vaardighede in dié kind se intellektuele sowel as die nie-intellektuele veld kenbaar. Dit is hierdie heterogeniteit ten opsigte van vermoëns wat dit onmoontlik maak om tot 'n allesomvattende definisie van die begaafde leerling te kom. Gouws (1983:37) en Coetzee (1984:20) wys op 'n aanvaarbare omskrywing van die begaafde kind. Hierdie beskouing is in 1972 deur die Amerikaanse kongres aanvaar en lui: "Begaafde en talentvolle kinders wat deur kundige persone geïdentifiseer is en as gevolg van hulle besondere

potensiaal, latent of gedemonstreer, in staat is om uitmuntend te presteer. Hierdie kinders het onderwysprogramme of dienste nodig, bo en behalwe wat aan die gemiddelde kind gebied word, sodat hulle tot maksimale nut vir hulself en hul samelewing kan wees." Daar word vir die doel van hierdie ondersoek met hierdie omskrywing van die begaafde kind volstaan.

2.3 BESONDERE VERSTANDELIKE KENMERKE VAN DIE BEGAAFDE LEERLING EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR 'N BEROEPSVOORLICHTINGSPROGRAM

2.3.1 Intelligensie

Begaafdheid word gekwalifiseer in terme van besondere intellektuele vermoë wat die begaafde leerling in staat stel om op 'n verskeidenheid terreine uitsonderlik te presteer. Die begaafde kind beleef die werklikheid soos enige ander kind, naamlik veral deur gewaarwording, waarneming, voorstelling, fantasering, denke en memorisering wat gedra word deur intelligensie en 'n uitsonderlike taalvermoë (RGN, 1986:28 en RGN-verslag (1976:21) soos vermeld deur Coetzee (1984:26).

Die wyse waarop intellektuele begaafdheid in 'n beroepsvoorligtingsprogram kan figureer, word onder die soeklig geplaas:

2.3.1.1 Gevorderde beroepe

Beroepe en professies van 'n gevorderde aard stel hoë eise aan die begaafde leerling se besondere intellektuele begaafdheid. Die leerling kan derhalwe begelei word om gevorderde beroepe in die ingenieurswese, geneeskunde en rekenmeesterswese te oorweeg. Die begaafde leerling moet ook ondersteun word om ideale en aspirasies te openbaar wat in ooreenstemming met sy uitsonderlike vermoëns is (Eysenck & Rose, 1979:849; Ommond, 1981:3; RGN, 1986:237 en Tullie & Becker, 1980:14).

2.3.1.2 Assosiasievorming

Die onderwyser en in besonder die voorligteronderwyser moet die leerling opvoed om die verband tussen sy besondere intellektuele vermoëns en die land se hoëvlak-mannekragbehoeftes in te sien (Clark, 1980:130).

2.3.1.3 Beroepsinligting

Die begaafde kind moet beroepsinligting ten aansien van die keuse van vakke, onderwys- en studierigtings bekom wat kan uitloop op die gevorderdste beroepe (RGN, 1986:288).

2.3.1.4 Optimalisering van persoonsvermoëns

Die kind moet gesteun word om maksimale voordeel uit die skoolsituasie te verkry en om tot die besef te kom dat die optimale aktualisering van vermoëns belangrik is ten einde te voldoen aan die toelatingsvereistes vir gevorderde opleiding vir professionele beroepe (RGN, 1986:288).

2.3.1.5 Stimulering van persoonskenmerke

Die kind moet ondersteun word om by die maak van keuses daardie aktiwiteite te kies wat as uitdaging sal dien. Die begaafde leerling moet ook gesteun word om beroepe te oorweeg wat die meeste uitdagings aan sy intellektuele begaafdheid sal bied. Hy moet derhalwe geleë word tot selfontdekking, selfinsig en selfbegrip, dit wil sê hy moet sy eie inherente vermoëns, belangstellings en persoonskenmerke op 'n realistiese wyse ontdek en aanvaar (RGN, 1986:287-288).

2.3.1.6 Probleemoplossingsvermoëns

Die begaafde leerling se besondere verstandelike begaafdheid omvat sy vermoë tot uitsonderlike probleemoplossing by wyse van ongewone en onkonvensionele wetenskaplike metodes nadat die probleem vinnig ontleed is

(Colangelo & La Frenz, 1981:8 en Tuttle & Becker, 1980:14). By beroepsvoortligting aan die begaafde leerling kan sy besondere vermoë tot probleemoplossing op verskillende wyses betrek word: die leerling kan gekonfronteer word met komplekse probleme uit die beroepswêreld wat oorspronklike oplossings verg. Die begaafde leerling word hierdeur geprikkel om beroepe te verken en te oorweeg wat 'n uitdaging aan sy besondere probleemoplossingsvermoëns bied (Clark, 1980:18; Feldhusen & Sokol, 1982:450 en Torrance, 1980:304).

2.3.1.7 Toekomsspekulasie

Die begaafde leerling spekulêr graag oor die toekoms. Hierdie spekulasie sentreer rondom scenario's soos interplanetêre reise en die bewoning van planeete. Hierdie inligting kan die leerling aanwend om probleme rondom 'n moontlike beroep- of studierigting te identifiseer. Dit kan daartoe lei dat die leerling opgelei word om 'n probleemvoorkomer in plaas van 'n probleemoplosser te word. Laasgenoemde is 'n eienskap wat in beroepe kan voorkom en wat voortvloei uit die begaafde kind se toekomsspekulasie (Craig, 1979:100 en Torrance, 1980:309).

2.3.1.8 Abstrakte denke

Volgens De Beer (1981:1591) kan begaafdheid gekenmerk word deur die besondere vermoë om idees te formuleer en tesame met buitengewone abstrakte denke struktuur daaraan te gee. Hierdie persoonskenmerk kan deur opvoeding ontwikkel word om idees te formuleer waardeur die gaping oorbrug word tussen byvoorbeeld fisika en biologie en/of fisika en ander wetenskappe waaruit nuwe konsepte, gedagterigtings en praktiese toepassings van die resultate kan lei tot nuwe insigte en kennis van genoemde vakgebiede tot voordeel van die mensdom. Beroepskennis wat die begaafde kind bekom terwyl hy idees formuleer lei tot nuwe insigte in die aard en wese van die bepaalde vakgebiede en kan daartoe meewerk dat hy vakke en beroepe oorweeg wat hieruit voortvloei.

2.3.2 Talentvolheid

Badenhorst (1988:2) wys daarop dat begaafdheid en talentvolheid as sinonieme beskou word. Begaafdheid en talentvolheid sluit mekaar derhalwe nie uit nie en omvat selfs intelligensie. Hierdie siening van begaafdheid is egter nie universeel nie; 'n talentvolle kind is nie noodwendig begaafd nie maar kan slegs as sodanig beskou word indien die begaafdheidseienskap kreatiwiteit tot talentvolheid toegevoeg word (Coetzee, 1984:11-16).

2.3.2.1 Ontwikkeling van talente

Alvorens die talentvolle of spesifiek begaafde leerling tot keusemaking kan kom, volg dit logies dat sy besondere talent 'n besondere programontwerp vereis wat aktiwiteite omvat waarvoor nie in die gewone klaskamer voorsiening gemaak word nie. Hiervoor is buitengewone onderwysgeleenthede nodig. Daarbenewens word hoogs gekwalifiseerde persone soos universiteits- en onderwyskollegedosente vir onderrig aan begaafde leerlinge op 'n deeltydse basis benodig. Op dié wyse kan leerlinge hul besondere talent op enige vakgebied in die skool asook op moontlike beroepe waarin hul sukses kan behaal, toepas (Renzulli et al., 1982:185-194; RGN, 1986:52-53 en Schlichter, 1981:145).

2.3.2.2 Persoonsbeeld

Dit is belangrik dat die onderwyser 'n totale persoonsbeeld van die talentvolle leerling verkry, wat beteken dat die somtotaal van sy persoonsvermoëns in ag geneem moet word alvorens hy op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse tot beroepsvolwassenheid begelei kan word. Talentvolheid vertoon 'n interaktiewe karakter met komplekse persoonsvermoëns wanneer die staat Delaware (RGN, 1986:28) se beskouing in oënskou geneem word. Begaafdheid is naamlik 'n oorkoepelende begrip waaronder spesifieke begaafdheid saangegroepeer en in wisselwerking met aanleg en ander vermoëns gesien word.

Indien die voorgenoemde komplekse aard van talentvolheid buite rekening gelaat word, bring dit mee dat die spesifiek begaafde leerling se kennis aangaande sy vermoëns eensydig en onvolledig is. Die leerling weet gevolglik nie waartoe hy in staat is nie en watter beroepe hy kan oorweeg waarin sy besondere persoonseienskappe kan ontplooi nie.

2.3.2.3 Bydrae tot die gemeenskap

Aangesien die gemeenskap waarskynlik onberekenbare verliese sal ly indien nagelaat word om die begaafde leerling se besondere persoonseienskappe te ontgin, is die identifisering en ontplooiing van hierdie leerling se besondere persoonseienskappe baie belangrik (Hopkinson, 1978:2).

Die samelewing kan dus verryk word deur die talentvolle leerling se besondere bydrae op verskeie terreine. Voorbeelde hiervan is die wiskunde, biologie, sterrekunde, elektronika, tale en sosiale wetenskappe (RGN, 1986:29 en Shlesinger, 1982:21).

Voortvloeiend uit voorgenoemde blyk dit dat die talentvolle leerling in die besonder opgevoed moet word om beroepe waar sy besondere talente ten beste benut word, te oorweeg. Die spesifiek begaafde kind moet daarop gewys word dat verskeie beroepe vir hul voortbestaan van sy besondere bydrae en persoonseienskappe afhanklik is (Schlichter, 1981:45).

2.3.2.4 Probleemoplossing

Volgens Marks & Nystrand (1981:83) word die talentvolle leerling gekenmerk deur besondere probleemoplossingsvermoëns. Deur 'n doeltreffende beroepsvoorligtingsprogram kan die leerling met werklike probleme uit die beroepswêreld in aanraking gebring word. Dit stel hom in staat om beroepe te leer ken wat uitdagings aan sy probleemoplossingsvermoëns bied, wat op sy beurt beroepskeuses positief kan beïnvloed.

2.3.3 Kreatiwiteit

Coetzee (1984:20) wys daarop dat kreatiwiteit gekenmerk word deur nuutheid of oorspronklikheid wat tot uiting kom in die begaafde leerling se denke, ongewone probleemoplossing en die aanwending van sy buitengewone vermoëns om iets oorspronklik die lig te laat sien. Daar gaan nou stilgestaan word by die invloed van hierdie besondere kenmerk op die beplanning van 'n beroepsvoortligtingsprogram.

2.3.3.1 Ontwikkeling van kreatiewe vermoëns

Die leerling moet deur die onderwyser opgevoed word om alle aspekte van sy besondere kreatiewe vermoëns ten volle te ontwikkel. Dit is nodig, aangesien die begaafde leerling aan die eise wat hoogs professionele beroepe aan sy besondere kreatiewe wesenkenmerke stel, moet voldoen (Eysenck & Rose, 1979:859).

2.3.3.2 Vakkeuses

Volgens Brandwein (1979:28) en Fox (1981:228) is kreatiwiteit 'n verstandsfunksie wat in vakke soos wiskunde, tale, die sosiale wetenskappe, kunsrigtings soos musiek, dans, beeldhouwerk en die digkuns vergestalt word. Hierdie verskeidenheid vakke bring mee dat die leerling 'n wye vakkeuse gebied behoort te word waardeur hy die geleentheid kry om kennis te maak met vakinhoud wat hoë eise aan sy kreatiewe vermoëns stel. Die verskeidenheid vakke kan in verband gebring word met beroepe wat daaruit kan voortvloei en wat uitdagings aan sy besondere kreatiewe eienskappe bied. Daar word dus vir die kreatiewe leerling 'n beroepswêreld ontsluit wat bydra tot die verryking van sy beroepskennis.

2.3.3.3 Probleemoplossing

Volgens Omond (1979:30) word kreatiwiteit onder andere gekenmerk deur die begaafde leerling se besondere vermoë tot oorspronklikheid of nuutheid soos

dit vergestalt word in die leerling se vermoë tot oorspronklike probleemoplossing. Probleme word op 'n oorspronklike wyse vinnig opgelos nadat die begaafde leerling meer as een oorspronklike benadering gevolg het om verskeie oplossings vir 'n probleem voor te stel (Duminy & Söhne, 1981:202; Collis, 1980:3; Colangelo & la Frenz, 1981:8 en Torrance, 1980:304). Verskeie beroepsvoorligtingsimplikasies kan hieruit voortspruit:

- Die begaafde leerling kan opgevoed word om probleme in die beroepswêreld te voorkom. Daar is feitlik onbeperkte probleemareas in die wêreld waarvoor nie altyd voor die hand liggende oplossings bestaan nie. Dit lyk asof probleemidentifisering as 'n poging tot probleemvoorkoming 'n kernkomponent van kreatiwiteit is - 'n kenmerk wat as 'n faktor van begaafdheid nie baie aandag geniet het nie (Colangelo & la Frenz, 1981:3). Volgens Chittenden (1981:92) en Torrance (1980:304) kom probleme op feitlik alle beroepsterreine voor. Die beroepsvoorligtingsprogram moet derhalwe daarop ingestel wees om elke moontlike terrein van die beroepswêreld vir die begaafde leerling te ontsluit. Hierdeur kan die leerling kennis maak met probleme van verskeie beroepe wat sy beroeps- en selfkennis verryk. Dit beteken dat die leerling se beroepskennis uitbrei deurdat hy kennis maak met beroepe waarin hy sy oorspronklike probleemoplossingsvermoëns kan vergestalt; terselfdertyd leer hy sy persoonseenskap tot probleemoplossing ken, aangesien hy begelei word om hierdie vermoë op probleme in die onderskeie beroepe toe te pas.
- Die begaafde leerling kan opgevoed word om 'n toekomsvisie te vorm van die ontwikkeling van nuwe beroepe en sy besondere posisie in dié beroepe waarin hy sy besondere probleemoplossingsvermoëns kan gebruik (Torrance, 1980:309).

2.3.3.4 Die formulering van nuwe ooreenkomste

Volgens Laycock (1980:21) is een van die kensketsende eienskappe van kreatiwiteit die begaafde leerling se besondere vermoë om nuwe ooreenkomste tussen afsonderlike entiteite, voorwerpe of gebeure te formuleer sodat

oplossings doeltreffender kan wees. Daar is verskeie maniere waarop 'n beroepsvoortligtingsprogram op grond van voorgenoemde kenmerk saamgestel kan word. Alvorens die begaafde leerling vak- en beroepskeuses kan oorweeg, moet hy gelei word om sy besondere kreatiewe vermoëns en die eise wat vakke en beroepe daaraan stel te leer ken.

Nuwe denkrigtings het gelei tot nuwe ontdekkings; dikwels was daar ooreenkomste tussen hierdie nuwe ontdekkings waaruit beroepsrigtings wat verwant is aan mekaar, voortgespruit het. Daar was verskeie tegnologiese deurbrake as gevolg van die vrag van verskeie ontdekkings. Die ontdekking van elektrisiteit het byvoorbeeld gelei tot die elektroniese era, die rekenaar, telekskommunikasie, ruimtenavorsing en kibernetika. Nuwe ontdekkings kan baie help om die begaafde leerling te steun in sy keusmaking; hy kan, as gevolg van sy besondere kreatiewe vermoë tot assosiasievorming, gesteun word om die verband of ooreenkomste tussen professionele beroepsrigtings waaruit hy 'n keuse kan maak, in te sien (Maarschalk, 1980:21).

2.3.4 Aanleg

Volgens Shertzer (1981:309) is aanleg as 'n faktor van begaafdheid skynbaar nie 'n alleenstaande persoonseienskap nie maar eerder 'n komplekse kombinasie van verskeie elemente van begaafdheid. Daar is verskeie beroepsopvoedingsaspekte wat met die begaafde kind se aanleg rekening moet hou en sal vervolgens aangesny word.

2.3.4.1 Onderwys- en opvoedingsgeleenthede

Die vlak wat die begaafde leerling in 'n professionele beroep kan bereik, word onder andere deur sy onderwys- en opvoedingsgeleenthede bepaal om sy besondere aanleg te ontwikkel. Verrykingsprogramme in verskeie vakke behoort derhalwe daargestel te word (RGN, 1986:52). As gevolg van die ontwikkelingsvlak wat die leerling kan bereik, kan hy gevorderde beroepe oorweeg wat aan die land se hoëvlak mannekragbehoeftes voldoen.

2.3.4.2 Ruimtelike aanleg

Ruimtelike aanleg is die vermoë om driedimensionele figure wat saamval in tyd en ruimte te visualiseer en dui op besondere prestasies op die gebied van fisika en tegniese tekene (Haasbroek & Jooste, 1981:3 & Passow, 1979:189). Dit dui voorts op die hantering van twee- en driedimensionele voorwerpe, soos masjinerie en handgereedskap deur die snydokter, tandarts, argitek, ingenieur en beeldhouer (Ehrlich, 1980:142).

2.3.4.3 Syferaanleg

Volgens Marks & Nystrand (1981:3) manifesteer syferaanleg in die begaafde leerling se besondere vermoë om abstrakte simbole te gebruik en sy vinnige vordering in hierdie vak. Syferaanleg is noodsaaklik vir die verstaan van syfers, ten einde dit vinnig en akkuraat toe te pas op leerstof van simboliese, algebraiese en meetkundige aard sowel as om die verwantskap tussen oorsaak en gevolg van numeriese konsepte te verstaan (Byrne & Byrne, 1979:19).

2.3.4.4 Verbale aanleg

Die begaafde leerling kan gekenmerk word deur besondere verbale aanleg. Hierdie kenmerk word vergestalt in beroepe waar verbale kommunikasie en debattering 'n vereiste is, soos die politiek, teologie, joernalistiek, filosofie, regte en die onderwys (Mc Alpine, 1980:9).

2.3.4.5 Kunsaanleg

Volgens Haasbroek & Jooste (1981:75) en Whitmore (1980:344) kan 'n besondere kunsaanleg as 'n faktor van verbale vermoë een van die begaafdhede van die leerling wees. Hieronder ressorteer onder andere die bemeestering van motoriese vaardighede waar die begaafde leerling moet leer om die hamer en beitel te hanteer wat hy benodig vir sy beeldhouwerk en die kwas vir sy skilderstukke (Whitmore, 1980:344).

2.3.4.6 Musiekaanleg

Uitmuntende musiekaanleg is voorts deel van verbale potensiaal. Dit is die leerling se besondere vermoë om musiek te komponeer. Musiekaanleg kom tevoorskyn in 'n besondere begaafdheid t.o.v. musiekteorie, vokale en instrumentale musiek (Haasbroek & Jooste, 1981:15 en Marks & Nystrand, 1981:13).

Vervolgens word die besondere behoeftes van die begaafde leerling en die implikasies daarvan vir 'n beroepsvoorligtingsprogram bespreek.

2.4 BESONDERE BEHOEFTE VAN DIE BEGAAFDE LEERLING EN DIE IMPLIKASIES DAARVAN VIR 'N BEROEPSVOORLIGTINGSPROGRAM

2.4.1 Inleiding

Volgens Louw (1982:123, 489 & 505) is Maslow se selfaktualiseringsteorie 'n hiërargie van behoeftes waardeur die mens kan ontwikkel. Daar is gebreksbehoeftes wat fisiologiese en sosiale behoeftes omvat. Fisiologiese behoeftes is byvoorbeeld voedsel en kleding, terwyl sosiale behoeftes dui op onder andere liefde en sekuriteit. Bevrediging van die gebreksbehoeftes lei daartoe dat die sogenaamde groeibehoeftes na vore tree. Groeibehoeftes is die verwesenliking van die self wat die mens na 'n geleentheid laat soek om homself ten volle te verwesenlik. Daar mag sekere verskille tussen mense wees, maar 'n gemeenskaplike kenmerk is dat hulle behoeftes dieselfde is. Die begaafde leerling is geen uitsondering nie en openbaar dieselfde behoeftes. Marais (1984:677) wys daarop dat die begaafde leerling selfs meer hulp en bystand as ander leerlinge nodig het. Met voorafgaande as agtergrond gaan daar na enkele beroepsvoorligtingsbehoeftes van die begaafde kind gekyk word.

2.4.1.1 Beperking van aspirasies

Daar is dikwels 'n foutiewe aanname dat die begaafde leerling enige doel waarna hy aspireer, kan bereik. Die leerling kan op grond van sy besondere

vermoëns 'n groot verskeidenheid keuses uitloef. Hy moet egter steeds opgevoed word om sy besondere vermoëns te ken en beroepskennis te bekom van beroepe waarbinne sy besondere vermoëns kan realiseer (Khatena, 1982:204 en RGN, 1986:285).

2.4.1.2 Behoeftte aan groter uitdagings

Volgens die RGN (1986:298) het die begaafde leerling 'n behoefte aan uitdagings ter verwesenliking van sy besondere persoonsvermoëns. Daar is derhalwe verrykte vakinhoud en gevorderde vakke vir dié doel nodig. Hierdie stimulering van die leerling se onderskeidende kenmerke is nodig om sy vakprestasies sodanig te maksimaliseer dat hy aan die hoë eise wat gevorderde studierigtings aan sy persoonsvermoëns stel, kan voldoen.

2.4.1.3 Behoeftte aan steungewing

Die begaafde leerling toon uitmuntende algemene en/of spesifieke intellektuele vermoë wat gewoonlik vir buitengewone goeie prestasie op skoolastiese en/of kulturele gebied sorg (Gouws, 1983:10-20). Ten spyte van dié leerling se buitengewone kognitiewe vermoë is dit nie altyd 'n waarborg vir effektiwiteitse probleemoplossingsvaardighede nie.

Sy behoefte aan steungewing by problematiese vak- en beroepskeuses bly steeds dieselfde as dié van die gewone leerling. Beide is op die steungewing van die opvoeder aangewese om hulle self- en beroepskennisvelde te ontgin met die oog op wetenskaplik-verantwoordbare loopbaanbeplanning (Gouws, 1983:10-20; Gowan & Bruch, 1971:34-37 en Van der Walt, 1983:5-9).

2.4.1.4 Behoeftte aan 'n eie waardesisteem

Die begaafde leerling kan homself dikwels gedwing voel tot die maak van 'n bepaalde vak- en beroepskeuse omdat ander leerlinge dit doen. Dit beteken dat die begaafde laasgenoemde leerlinge se waardes sy eie maak. Wanneer die onderwyser die begaafde leerling se unieke waardesisteem ignoreer, kan

dit daartoe lei dat dié leerling onderpresteer (Khatena, 1982:204). Die begaafde leerling se behoefte aan 'n eie, besondere waardesisteem (byvoorbeeld die behoefte aan 'n gevorderde professionele beroep) word gekortwiek weens die feit dat hy as gevolg van sy onderprestasie nie aan die eise wat gevorderde beroepe aan uitmuntende prestasies stel, voldoen nie (RGN, 1986:282).

2.4.1.5 Behoeft e aan 'n verskeidenheid vakkeuses

Alhoewel die begaafde leerling se buitengewone vermoëns hom in staat stel om 'n groot verskeidenheid keuses uit te oefen, moet daarteen gewaak dat hy op 'n vroeë stadium van sy skoolloopbaan in sekere beroepsrigtings gestuur word vanweë beperkende vakkeuses (RGN, 1986:284-285).

2.4.1.6 Behoeft e aan sekuriteit

Van der Walt (1983:5) wys daarop dat die begaafde leerling, soos enige ander kind, behoefte het aan sekuriteit, liefde en aanvaarding vir die ontplooiing van sy wesenskenmerke. Wanneer nie aan hierdie opvoedingsbehoefte s voldoen word nie, gaan die begaafde leerling se besondere vermoëns vir die samelewing verlore.

2.4.1.7 Behoeft e aan groter beweegruimte

Volgens die RGN (1986:279) verskil die begaafde leerling van die nie-begaafde leerling ten aansien van die feit dat hy op grond van sy besondere persoonskenmerke oor 'n groter ontwikkelingspotensiaal beskik. Hy het derhalwe 'n behoefte aan groter beweegruimte vir die verwesenliking van sy besondere persoonsvermoëns. Daar behoort dus reeds met die aanvang van die begaafde leerling se junior sekondêre skoolfase verrykte vakinhoud e en bykomende vakke te wees wat sy besondere vermoëns kan stimuleer.

Die begaafde leerling moet inligting insake vakkeuses, vakkombinasies, studierigtings en 'n uiteindelik e beroepskeuse bekom. Hierdie

opvoedingsaksie kan by die bykomende vakke en verrykte vakinhoudes aansluiting vind deurdat die leerling opgevoed word om die verband tussen sy skoolvakke en beroeps- en studierigtings in te sien (Van der Walt, 1983:9).

2.4.1.8 Behoeftes aan realistiese doelstellings

Die begaafde leerling het 'n behoefte daaraan om realistiese doelstellings na te streef, om dit op 'n nuchter wyse te evalueer en om sy vermoëns konstruktief aan te wend. Steunegewing is nodig om die leerling te wys op die vereistes van 'n moontlike beroep en om homself op 'n objektiewe wyse aan hierdie vereistes te meet (RGN, 1986:278 en 289).

2.4.1.9 Behoeftes aan identifikasiefigure

Volgens Gowan & Bruch (1971:34-37) en Van der Walt (1983:5-9) ondervind die begaafde kind probleme met die vind van geskikte identifikasiefigure, omdat hy die vermoë het om waardes en norme en gevolglik ook normatiewe voorkeure te kan beoordeel. 'n Identifikasiefiguur kan as beroepsbeoefenaar vir die begaafde leerling 'n voorbeeld wees van die ideale beroepsbeoefenaar waar die persoon as beroepsbeoefenaar aan die leerling beroepswaardes en norme uitwys wat eie aan 'n besondere beroep is.

2.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is kortliks aandag aan 'n beskrywing van die begaafde kind gegee. Daarna is enkele verstandelike kenmerke van die leerling sowel as die implikasies daarvan vir sy beroepsvoorligtingsprogram uitgelig.

Ten slotte is daar gekyk na enkele behoeftes van die leerling, met besondere verwysing na die realisering van hierdie behoeftes in sy beroepsopvoeding. Hoofstuk drie word gewy aan 'n bespreking van 'n beroepsvoorligtingsprogram vir die begaafde kind.

HOOFSTUK 3

BEROEPSVOORLIGTING AAN DIE BEGAAFDE LEERLING MET BESONDERE VERWYSING NA TRANSVAAL

3.1 INLEIDING

Binne 'n stelsel van onderwysvoorsiening is dit noodsaaklik dat in so 'n mate gedifferensieer word dat daar vir alle leerlinge voorsiening gemaak word en derhalwe ook vir die begaafde leerling. Beroepsvoorligting aan leerlinge in die "gewone" skool, wat begaafde leerlinge insluit, moet dus met die onderwys- en beroepsaangeleenthede van die begaafde leerling rekening hou in die lig van sy unieke persoonstruktuur soos sy besondere verstandsmoontlikhede, aanleg en belangstellings (RGN, 1986:268 en 287).

Hierdie hoofstuk word derhalwe, in die lig van bogenoemde, eerstens gewy aan metodes om die beroepsvoorligtingsprogram van die begaafde leerling te verryk, soos beroepsinligtingsbesoeke deur leerlinge, besoeke en voordragte by die skool, beroepstudies en skakeling met die beroepsvoorligter. Tweedens word 'n oorsig van die bestaande beroepsvoorligtingsprogram vir leerlinge in die Transvaal gegee.

3.2 METODES OM DIE BEROEPSVOORLIGTINGSPROGRAM VAN DIE BEGAAFDE LEERLING TE VERRYK

Daar is verskillende metodes om die beroepsvoorligtingsprogram van die begaafde leerling te verryk. Hierdie metodes moet gesien word as aanvullend ten opsigte van die beroepsvoorligtingsprogram binne die klaskamer en binne skoolverband.

Wanneer 'n verrykte beroepsvoorligtingsprogram die gemeenskap en in besonder die beroepsgemeenskap betrek, is dit 'n spanpoging tussen die skool en die beroepswêreld om die begaafde leerling voor te berei vir 'n toekomstige loopbaan. Sy keuse kan vergemaklik word deurdat hy kennis maak

met die aard en wese van beroepe en beroepsbeoefenaars en so kan ervaar hoe 'n beroep van sy keuse daar uitsien.

Die programverrykingsmetodes wat vervolgens aan die orde gestel word, is nie los entiteite nie maar het verskillende raakpunte wat as sodanig toegelig gaan word. Ter wille van duidelikheid sal daar gepoog word om verskeie metodes onder die loep te neem. Aspekte wat aangesny word, is onder meer beroepsinligtingsbesoeke deur die begaafde leerling, die mediasentrum in die skool en besoeke aan die beroepswêreld.

Hierdie bespreking word hoofsaaklik gedoen aan die hand van oorsese literatuur en is tans nie noodwendig praktyk in die RSA nie.

3.2.1 Beroepsinligtingsbesoeke deur die begaafde leerling

Beroepsinligtingsbesoeke is 'n programverrykingsmetode waar die onderwyser die begaafde leerling die geleentheid bied om buite die mure van die klaskamer met die beroepswêreld kennis te maak. Daar is verskillende wyses waarop hierdie besoeke kan plaasvind en word vervolgens aan die orde gestel.

3.2.1.1 Die mediasentrum in die skool

'n Besoek aan die mediasentrum kan as 'n beroepsinligtingsbesoek beskou word, aangesien die begaafde leerling hier waardevolle beroepskennis kan bekom. Die mediasentrum kan naamlik 'n belangrike skakel wees tussen die begaafde leerling en die beroepswêreld. Volgens Davie (1982:331) kan hierdie skakeling soos volg verloop:

- * Die onderwyser in die mediasentrum stel stukke saam wat inligting van werkgewende instansies bevat met die oog op beroepsinligtingsbesoeke. Hierdie besoeke word gereël in oorleg met die onderwyser wat vir die verrykingsprogram verantwoordelik is.

- * Die skoolmediakundige (die onderwyser) skakel met die werkgewende instansies om sodoende vas te stel wie bereid is om die begaafde leerling by te staan in die verkryging van beroepsinligting.
- * Die mediasentrum kan gebruik word om inligting te verskaf in verband met die aktiwiteit van die begaafde leerling se belangstellingsgroepe soos fotografie-, seëlversameling- en skaakklubs en watter beroepsinstansies genader kan word met die oog op beroepsinligting en -moontlikhede vir hierdie besondere belangstellings van die begaafde leerling.
- * Runions (1980:155) wys daarop dat die mediakundige met die besondere persoonskenmerke van die leerling soos sy buitengewone belangstellings, konvergente en divergente denke sowel as sy kreatiewe probleemoplossingsvermoëns rekening moet hou. Hierdeur verseker die mediakundige dat leerstof wat gevorderde beroepsinligting oor professionele beroepe bevat, aan die begaafde leerling beskikbaar gestel word. Die mediakundige kan met persone skakel wat kundiges in hul spesifieke beroepe is ten einde beroepsinligting van hulle te bekom (Smith, 1980:177 en Street, 1980:23).
- * Die mediakundige versprei beroepsinligting by wyse van pamflette, brosjures en nuusbriewe. Hierdie inligting kan die volgende wees:
 - besoeke en voordragte van persone uit die beroeps- en universiteitswêreld;
 - 'n maandelikse loopbaankeuse en ander tersaaklike beroeps- en opleidingsinligting;
 - loopbaanuitstallings;
 - loopbaandoelwitte wat die leerling behoort te formuleer wanneer hy 'n beroep oorweeg;

- hulp aan die begaafde leerling om 'n loopbaan te identifiseer wat die beste by sy besondere beroepsbelangstellings pas (Davie, 1982:331 en Turner, 1979:61).

3.2.1.2 Besoeke aan die beroepswêreld

(i) Doelstellings

Die doelstellings vir die besoek kan deur die onderwyser aan die begaafde leerling verduidelik word. So kan hy die leerling daarop wys dat hy beroeps-inligting kan bekom, watter beroepsaspekte aandag verdien en die vrae wat hy kan vra om meer van die plekke wat hy besoek te wete te kom.

(ii) Beplanning

Die onderwyser kan voorsorg tref vir die maak van video-opnames van die besoek wat hy ná die tyd kan gebruik om beroepsaspekte uit te lig wat die leerling tydens die uitslappie teengekom het (Hohenshili & Miles, 1976:180). Werkgewende instansies stel dikwels oudio-visuele materiaal aan die skool beskikbaar wat hul beroepsmoontlikhede uitbeeld. Hierdie materiaal kan gebruik word om die begaafde leerling voor te berei vir die besoek; hy word naamlik op hoogte gestel van verskeie aspekte van 'n loopbaan by die betrokke werkgever (Tolbert, 1980:188).

(iii) Persoonseienskappe

Feldhusen en Sokol (1982:51) is van mening dat die begaafde leerling se unieke eienskappe en behoeftes unieke onderwysmetodes regverdig. Hierdie stelling word gebaseer op ondersoeke van Bloom en Sosniak (1981:4) volgens Feldhusen en Sokol (1982:51) wat bevind het dat suksesvolle, begaafde beeldhouers, pianiste, wiskundiges, neuroloë, swemmers en tennisspelers blootgestel was aan besondere versnellingsprogramme en spesifieke beroepsrigtings en ouers gehad het wat gesorg het vir verskeie stimulerende onderwysgeleenthede vir hierdie leerlinge. Die kognitiewe eienskappe van die

begaafde leerling regverdig voorgaande "programverrykingspogings". Beroepsinligtingsbesoeke waar hierdie kenmerke gestimuleer word, kan gereël word. Die begaafde leerling kry die geleentheid om in die beroepsituasie verskeie kognitiewe eienskappe op die proef te stel maar ook om dit te ontwikkel:

- Die leerling behoort ervaring op te doen van 'n spesifieke beroep waardeur hy sy besondere probleemoplossingsvermoëns kan toepas op probleme in die arbeidsituasie en waardeur hy 'n besondere bydrae kan lewer op 'n spesifieke gebied (Clark, 1980:166 en Schwartz, 1981:45).
- By aktiewe beroepsdeelname kry die begaafde leerling die geleentheid om sy besondere denkvaardighede te ontwikkel deurdat hy intensief blootgestel word aan beroepe en beroepsaspekte. Sy kognitiewe vermoëns pas hy byvoorbeeld toe op 'n abstrakte vlak waar hy 'n vak soos Wiskunde gebruik in die teorie en praktyk van mikrorekenaars, satelliete, ruimtereise en die aardwetenskappe (Gowan & Demos, 1975:275 en Hamill, 1979:21).
- Die begaafde leerling kan 'n navorsingsprojek aanpak om kennis te bekom voortspruitend uit sy beroepsinligtingsbesoek. 'n Persoon uit die beroepswêreld kan hierdie projek evalueer, waaruit die leerling kan leer om op 'n wetenskaplik-verantwoordbare basis navorsing te doen. Hierdie kennis kan hy toepas om beroepsaspekte te ontleed, te evalueer en op sy persoonse eienskappe toe te pas om sodoende vas te stel of dit aan 'n besondere beroepsvereiste voldoen (Schwartz, 1981:45).

(iv) Skakeling met persone in die beroepsituasie

'n Mentor is 'n voog, onderwyser, raadgewer of adviseur (Noller, 1982:14) en is 'n professionele persoon met gespesialiseerde beroepskennis wat sy kundigheid met 'n leerling kan deel. Die begaafde leerling kom met 'n mentor in aanraking wanneer hy buite skoolure op 'n deeltydse basis by dié persoon gaan werk (Clark, 1980:75, Noller, 1982:14 en Sanderlin, 1979:123). Daar is 'n paar redes waarom hierdie skakeling belangrik is:

- * Die mentor tree as rolmodel vir die begaafde leerling op. Dit beteken dat die leerling hom met die mentor as die ideale beroepsbeoefenaar identifiseer. Die leerling ervaar hierdeur die wyse waarop die mentor sy besondere persoonseienskappe en aangeleerde vaardighede aanwend in die beoefening van sy beroep (Young & McLamb, 1984:3).
- * Die begaafde leerling se konsep van die beroepswêreld verbreed, aangesien hy blootgestel word aan beroepsituasies en die voor- en nadele, die sleur- en roetinerwerkfrustrasies, maar ook die uitdagings beleef (Strom, 1983:281; Young & McLamb, 1984:3 en Vail, 1979:87). Die begaafde leerling het besondere aanleg wat hom suksesvol kan laat wees in 'n verskeidenheid beroepe. Die mentor kan hom tydens 'n beroepsinligtingsbesoek blootstel aan verskeie gevorderde beroepe, waartydens die leerling kan vasstel of sy besondere aanleg en ander persoonsmoontlikhede voldoen aan die eise wat die onderskeie loopbane daaraan stel (Ellington, 1983:210; Strom, 1983:281 en Sanborn, (1978), soos aangehaal deur Colangelo & la Frenz, 1981:294).
- * Deurdat 'n begaafde leerling met 'n mentor of raadgewer in 'n beroepsituasie kennis maak, kan laasgenoemde hom lei om die beroepswêreld te sien as 'n verlengstuk van sy teoretiese beroeps- en selfkennis wat hy in die klaskamer opdoen (Sanderlin, 1979:123). Ellington (1983:210) skets hierdie interaksie as "students have an opportunity to experience reality confrontation that gives relevance to all education". Begaaftde leerlinge toets derhalwe hul teoretiese kennis in die beroepswêreld; hulle ervaar voorts die doel en betekenis van beroepsopvoeding, aangesien hulle kan begryp waarheen dit in die beroepswêreld lei.
- * Mentors of raadgewers kan as skakelpersone tussen die beroepswêreld en begaafde leerlinge dien deurdat hulle kan reël dat die leerlinge onderhoude met beroepsbeoefenaars uit verskillende beroepe voer. Hierdie onderhoude kan hulle beroepskennis verryk, aangesien hulle beroepsperspektiewe uit die gesigspunte van verskillende persone uit die beroepswêreld leer (Gray, 1982:16).

(v) Afronding van die beroepsinligtingsbesoek

'n Beroepsinligtingsbesoek is slegs effektief wanneer daar 'n beplande opvolgaksie na afloop van die besoek is. Daar is verskeie doelstellings wat met hierdie afronding nagestreef kan word:

- Die begaafde leerling behoort die beroepsinligting wat hy bekom het skematies te verwerk en uit te ruil vir beroepsinligting wat 'n ander leerling tydens 'n beroepsinligtingsbesoek verkry het (Avent, 1974:112).

Herr (1972), soos aangehaal deur Byrne (1977:245), noem 'n paar van hierdie beroepsinligtingsaspekte:

- opleidingstemas as voorvereistes vir beroepstoetredes;
 - die moontlikhede vir Indiensneming;
 - salaris, werksure en verlofvoordele.
- Die leerling kan verslae skryf van sy ervarings in die beroepswêreld, waarin hy redes verskaf waarom hy nie 'n spesifieke beroep sal oorweeg nie, gegrond op die beroepskennis wat hy tydens sy beroepsinligtingsbesoeke opgedoen het (Avent, 1974:112).
- Die begaafde leerling behoort die geleentheid te kry om 'n opvolgbesoek te beplan as afronding van sy eerste beroepsinligtingsbesoeke (Fourie, 1982:3).

Uit die voorafgaande blyk dit dat 'n beroepsinligtingsbesoek afgerond behoort te word deur 'n opvolgaksie waar die begaafde leerling se beroepsinligting geëvalueer en georden word om hom in sy keuse te steun.

3.2.2 Beroepsvoorligtingspraatjies by die skool

Beroepsvoorligtingspraatjies deur besoekers aan die skool is deel van die begaafde leerling se totale verrykingsprogram waartydens hy die geleentheid

kry om deur middel van beroepslui met die beroepswêreld kennis te maak. Deeglike beplanning is nodig ten einde die beroepsinligtingsbesoeke doeltreffend te laat verloop. Die beplanning sluit verskeie sake in.

3.2.2.1 Voorbereiding van leerlinge

Beroepsinligtingsbesoeke kan vir 'n leerling van waarde wees en sinvol verloop indien voorafinligting van die besoekende spreker bekom word (Hyman & Brody, 1984:32). Biografiese besonderhede van die spreker is byvoorbeeld nodig ten einde 'n persoonsbeeld te vorm. Die begaafde leerling kan hierdie inligting gebruik om vrae voor te berei wat afgestem is op die belangstellings en die beroep van die spreker. Hierdie vrae kan die leerling tydens die besoek gebruik om beroepsinligting van die spreker te bekom (Turner, 1979:60).

3.2.2.2 Identifisering van sprekers

Die voorligtingonderwyser, die betrokke begaafde leerlinge en 'n personeelkonsultant vorm 'n span om beroepslui te nomineer wat geskik is om as sprekers op te tree. Die sprekers word uit verskeie beroepsvelde en opleidingsinstansies geïdentifiseer (Laycock, 1980:135; Morgan et al., 1980: 60 en Sangster & Adamson, 1977:27).

3.2.2.3 Ouers van begaafde leerlinge en oud-leerlinge

Volgens Clark (1980:54, Hopkins 1980:67 en Weinrach 1979:64) kan ouers van begaafde kinders en begaafde oud-leerlinge 'n bydrae tot die begaafde leerling se beroepsopvoeding lewer deur praatjies in verband met die belangstellingsveld van die sprekers en beroepsimplikasies daarvan te hou. Hierdie beroepslui kan voorts die leerlinge motiveer om hul persoonsmoontlikhede te ontwikkel om sodoende aan die eise wat gevorderde beroepe aan hul persoonsvermoëns stel te voldoen. Die sprekers kan die begaafde leerlinge steun om 'n positiewe selfkonsep te ontwikkel, aangesien dit ten grondslag lê van suksesvolle vak- en beroepskeuses (Hohenshiff & Miles, 1976:165 en Weinrach, 1979:64).

3.2.2.4 Kunstenaars uit die beroepswêreld

Begaafde leerlinge maak 'n studie van skrywers, digters en kunstenaars in die visuele en uitvoerende kunste se werke. Die tema, karakters, skryfstyl en wyse van kunsbeoefening van voorgenoemde persone kan die leerlinge evalueer, sodat hulle daardeur geïnspireer kan word om self ook skrywers, digters of kunstenaars in ander kunsrigtings te word (Ehrlich, 1980:183; Hyman & Brody, 1984:32 en Schachter, 1980:69).

3.2.2.5 Onderwysers en dosente

Daar is verskeie kundiges wat 'n sinvolle bydrae tot die beroepsopvoeding van begaafde leerlinge kan lewer. Eerstens is daar die onderwyspersoneel van primêre en sekondêre skole wat begaafde leerlinge kan voorlig oor die besondere beroepsimplikasies van hul vakkeuse. Tweedens is daar dosente van universiteite en teknikons wat voorligting aan begaafde leerlinge kan verskaf. In verband met die toelatingsvereistes, vakinhoud en studierigtings van hierdie opleidingsinstansies en die hoogs professionele beroepe wat daaruit kan voortvloei (Clendenning & Davies, 1980:171; Freeman, 1980:267 & Visagie, 1980:99).

3.2.2.6 Begaafde persone

Jeugdige begaafde beroepsbeoefenaars wat pas hul opleiding aan 'n hoërskool, teknikon of universiteit voltooi het, kan 'n belangrike bydrae ten opsigte van beroepe vir begaafde leerlinge lewer. Hulle praat vanuit hul jeugdige beroepservaring en beroepsdoelwitte wat tot begaafdes spreek, aangesien hierdie sprekers binne dieselfde milieu as die begaafde leerlinge val (Hyman & Brody, 1984:32).

3.2.2.7 Beroepslui van die openbare en privaatsektor

Beroepslui van die openbare en privaatsektor kan die onderskeie loopbaanmoontlikhede met begaafde leerlinge bespreek (Clendenning & Davies, 1980:171).

3.2.2.8 Afgetrede begaafde persone

As gevolg van hul beroepservaring is pensionarisse toegerus om leerlinge ten opsigte van verskeie beroepsaspekte van 'n hele aantal beroepe toe te lig (Morgan et al., 1980:60).

3.2.2.9 Diverse beroepsvoorligtingsaspekte

'n Hele aantal ander beroepsvoorligtingsaspekte kan uit 'n beroepsvoorligtingspraatjie voortspuit. 'n Paar van die belangrikstes word vervolgens bespreek.

(i) Beroepsdoelwitte en metodes

Volgens Ellington (1983:43; Ginsberg & Harrison, 1977:164 & Laycock, 1980:136) is dit wenslik dat die spreker die leerlinge vanuit sy ervaring as beroepsbeoefenaar toespreek. In dié verband kan die besoeker melding van sy beroepsdoelwitte maak en die metodes wat hy aangewend het om dit te bereik. Langs hierdie weg kan hy leerlinge motiveer om studierigtings te volg waarvan hy 'n sukses gemaak het (Clark, 1980:43 & Turner, 1979:60).

(ii) Beroepskennis

Beroepskennis speel 'n belangrike rol by die beroepskeuse van begaafde leerlinge en kan dikwels van deurslaggewende belang wees wanneer hy 'n beroepskeuse maak. Die spreker moet daarom sekere aspekte onder die aandag van die leerlinge bring:

- * Die keuse van opleidingsentra ter voorbereiding van 'n beroep.
- * Die opleidingstydperke.
- * Toetredingsvereistes vir beroepe en bevorderingsmoontlikhede (Dovey, 1982:10; Izaacson, 1978:476 & Strom, 1983:297).

(iii) Sosiale waardes

Die gasspreker behoort onder meer op sosiale waardes (die waardes van spesifieke beroepe in 'n gemeenskap) en die invloed daarvan op die leerling se keuse te wys (Dovey, 1982:10 & Strom, 1983:297).

(iv) Verbreding van horisonne

Die gasspreker kan die begaafde leerling se horisonne verbreed deur verskeie gevorderde beroepe onder sy aandag te bring. 'n Voorbeeld hiervan is die mediese beroep wat bestaan uit verskeie dissiplines, waaronder verpleegsters, fisioterapeute en mediese tegnoloë (Weinrach, 1979:291). Hierdeur word die leerling begelei om die verwantskap en interafhanklikheid van beroepe te verstaan; terselfdertyd maak hy met 'n verskeidenheid beroepe kennis (Morgan et al., 1980:46 & Norris et al., 1979:418).

(v) Keuse-uitoefening

Die gassprekers kan die begaafde leerling vir keuse-uitoefening toerus wanneer laasgenoemde luister na beroepsinligting oor hoogs professionele beroepe soos verskaf deur verskeie hoogs gekwalifiseerde persone uit verskillende beroepsvelde. Dit kan geskied deurdat die sprekers die ooreenkoms tussen die leerling se skoolvakke en die beroepswêreld aantoon sowel as om die begaafde leerling te help om vaardighede wat hy in die skool aanleer op beroepe van toepassing te maak (Elington, 1983:212; Hyman & Brody, 1984:32 & Marks & Nystrand, 1981:69). Phelps (1978:26) illustreer hierdie standpunt wanneer hy wys op aktiwiteite wat daarop gemik is om die

begaafde leerling met die basiese beginsels van meganiese ingenieurswese en 'n verskeidenheid professionele bestuursvaardighede toe te rus.

(vi) Belangstelling

Belangstelling kan 'n belangrike rol speel by keuse-uitoefening. Die gasspreker behoort dus die begaafde leerling se belangstellings te prikkel deur die bespreking van onderwerpe waarin die begaafde leerling belangstel en wat sy stokperdjies kan insluit. Die spreker kan voorts die begaafde leerling aanmoedig om sy belangstelling as basis vir sy loopbaanbeplanning te gebruik (Gray, 1982:16; Whitmore, 1980:217; Laycock, 1980:135; Vail, 1979:119 en Norris et al., 1979:417).

(vii) Opvolgwerk

Ná afloop van die beroepsinligtingsbesoek behoort die voorligtingonderwysers, begaafde leerlinge en die gasspreker die besoek in oënskou te neem, en wel om die volgende redes:

- Die beroepsinligting wat verkry is, moet verwerk word, sodat dit aangewend kan word vir voortdurende verwysing na beroepsinligting (Hopkins, 1980:109 & Weinrach, 1979:291).
- Daarbenewens moet beplan word vir 'n opvolgpraatjie om die begaafde leerling, sy ouers en onderwysers op hoogte te hou van ontwikkelinge in die beroepswêreld en om dit as verwysingsraamwerk vir voortgesette beroepsopvoeding te gebruik (Clark, 1980:147, 153).

3.2.3 Beroepstudie

3.2.3.1 Beroepsnavorsingsentrum

Beroepstudie is 'n opvoedingsaksie waar die begaafde leerling deur die opvoeder begelei word om navorsing oor beroepsinligting te doen. Hierdie

navorsing is noodsaaklik, aangesien beroepskennis 'n belangrike rol speel by die vak- en beroepskeuses van die begaafde leerling. Die beroepsnavorsingsentrum maak voorsiening vir beroepstudie deur die begaafde leerling. Die metodes wat hierdie leerling kan gebruik om beroepsinligting in die sentrum te bekom, word vervolgens bespreek.

(i) Bibliotekaresse

Die bibliotekaresse kan deel van die personeel van die beroepsnavorsingsentrum vorm en kan belangrike rolle vervul in die beskikbaarstelling van beroepsinligting in die beroepsinligtingsbiblioteek.

(ii) Navorsingspan

Die bibliotekaresse vorm saam met die res van die onderwyspersoneel 'n navorsingspan om die geskikte boeke en ander beroepsinligting vir begaafde leerlinge te help ontsluit. Hierdie beroepsinligting kan uit geselekteerde leerstof bestaan wat beroepsinligting in sake hoogs professionele beroepe in die vorm van rekenaardrukstukke, audio-visuele materiaal, mikrofichefilms, naslaanwerklêers oor verskillende beroepe en bandopnames bevat (Hertz & Janecek, 1978:120; Street, 1980:24 & Young & Mc Lamb, 1984:3). Die bibliotekaresse moet toesien dat die beroepsinligting altyd die relevantste en resantste is en dit onder die aandag van die begaafde leerlinge bring. Sy moet die inligting so doeltreffend moontlik organiseer, sodat dit vir die begaafdes toeganklik is (Hertz & Janecek, 1978:120 & Biggs, 1982:20).

(iii) Navorsing van beroepsvelde

Dit is belangrik dat die bibliotekaresse hulp aan die leerlinge bied om verskeie beroepsvelde na te vors, waardeur hulle perspektief kry van verskillende beroepe. Hierdie mikpunt kan bereik word deur die verkryging van geselekteerde leesstof wat vir beroepstudie deur begaafde leerlinge bedoel is. Dit word verkry deurdat die bibliotekaresse voortdurend by wyse van selfstudie

navorsing doen oor beroepsinligting. Hierdeur word 'n beroepsinligtingsbiblioteek opgebou (Reilly, 1981:3; Street, 1980:124 & Smith, 1980:163).

(iv) Ontwikkeling van denke

Die bibliotekaresse kan die begaafde leerlinge stimuleer en hul denke te ontwikkel deur gevorderde studie- en leesvaardighede by hulle te kweek, sodat dié leerlinge onafhanklike en selfstandige navorsers kan word en hul kreatiewe elenskappe kan ontwikkel, wat tot selfstandige beroepsnavorsing kan lei (Roslak & Deutsch, 1982:306).

(v) Self- en beroepskennis

Die bibliotekaresse kan die begaafde leerlinge begelei om hul persoonsvermoëns beter te verstaan. Hierdie selfkennis behoort die leerlinge aan hul beroepstudie te koppel, om daardeur beroepe van hoogs professionele aard na te vors waarin hul besondere persoonsvermoëns verwesenlik kan word (Runions, 1980:155).

3.2.3.2 Rekenaar

Die rekenaar kan op verskillende maniere deur die begaafde leerling betrek word in sy beroepstudie. Van die belangrikste is onder meer die volgende

(i) Beroepsinligtingsnetwerk

Die onderwyser kan by 'n beroepsinligtingsnetwerk inskakel. Daardeur kan hy begaafde leerlinge motiveer en stimuleer om beroepstudie te onderneem wat hul ervaringsveld ten opsigte van beroepsinligting verbreed deurdat die rekenaar meer inligting kan verskaf as geskrewe materiaal (Dover, 1983:84 & Tashner, 1982:323) en hy alternatiewe beroepe en/of beroepsdoelwitte kan verifieer. Tashner (1982:323) huldig 'n soortgelyke standpunt deur te konstateer dat die rekenaar die begaafde leerling kan help om sy beroepskeuses af

te skaal tot die minimum wanneer hy op die voorafgaande wyse beroepstudie doen.

(ii) Persoonskenmerke

'n Beroepsvoortigtlingsprogram vir die begaafde leerling behoort sy persoonskenmerke in gedagte te hou, aangesien dit 'n onontbeerlike rol vervul by sy vak- en beroepskeuses. Daar word nou gefokus op die maniere waarop die rekenaar aangewend kan word:

Die onderwyser kan die rekenaar gebruik om die begaafde leerling se besondere persoonsvermoëns te stimuleer en sodoende sy persoonskenmerke ontwikkel (Tashner, 1982:323). Chorp (1977), soos aangehaal deur Dover (1983:82), stel dit soos volg ... "reluctant learners often lose their hesitation towards schoolwork and become more responsive, active and interested in school; computers can in the same tune help stimulate underachievement gifted towards actualizing their potential". Ford, Walkington en Bitter (1982), soos aangehaal deur Dover (1983:83), is voorts van mening dat hierdie leerling deur die rekenaar gestimuleer word om sy gevorderde denkvermoëns te ontwikkel. Zuber (1980), soos aangehaal deur Dover (1983:81), verklaar dat logiese denke 'n voorvereiste is vir kreatiwiteit en dat die begaafde leerling geprogrammeerde onderrig behoort te ontvang om hierdie unieke potensiaal te ontwikkel.

Tashner (1982:318) wys daarop dat die rekenaar die begaafde leerling se kreatiewe kenmerke kan stimuleer deur probleme daar te stel wat ingewikkelde oplossings verg. Dover (1983:82) is van mening dat die begaafde leerling hierdeur gestimuleer word om oorspronklike oplossings vir probleme te bedink.

Die onderwyser kan die begaafde leerling bystaan om probleme te identifiseer en om te sê watter doelstellings hy by probleemoplossing wil gebruik. Tentatiewe hipoteses kan geformuleer word as antwoorde vir die probleem (Clark, 1980:65, Reis & Cellerino, 1983:137 en Tashner, 1982:321).

Die begaafde leerling word, nadat die rekenaarprogram afgehandel is, begelei om beroepsnavorsing te doen en vas te stel watter beroepe van gevorderde aard is en die meeste geleentheid bied vir probleemoplossing. Die begaafde leerling kan sy tentatiewe beroepskeuses dan evalueer deur sy besondere persoonsmoontlikhede van toepassing te maak op moontlike beroepskeuses en in die besonder die eise wat beroepe stel aan sy uitsonderlike persoonsvermoëns (Gibson & Mitchell, 1981:65).

Die rekenaar se beroepsinligting stimuleer die begaafde leerling se besondere persoonsvermoëns ten aansien van analise, sintese en konsepvorming. Hierdie wesenskenmerke stel die leerling in staat om 'n beroep te analiseer en sodoende sy wesenskenmerke te ontleed. Hy kan dan tot 'n sintese kom van die beroep in sy geheel en 'n konsepplan formuleer vir beroepsverkenning en keuse-uitoefening (Reilly, 1981:3).

Die begaafde leerling se buitengewone intellektuele vermoëns stel hom in staat om 'n bydrae te lewer op die gebied van die rekenaar-tegnologie. Sy Interaksie met die rekenaar stimuleer hom dus om aan die rekenaarwese te dink as 'n moontlike loopbaan (Dover, 1983:81).

3.2.4 Biografieë

Die begaafde leerling kan biografieë van volwasse begaafde persone in die beroepswêreld bestudeer. Verskeie beroepsopvoedingsdoelwitte kan hieruit geformuleer word.

- * Deur hom met begaafde volwasse persone as beroepsbeoefenaars te vereenselwig, leef die begaafde leerling hom in eersgenoemde se rol in ten opsigte van 'n beroep, en dit kan sy beroepskeuse positief beïnvloed.
- * Die begaafde leerling kan in die biografieë verskeie fasette van die besondere persoonskenmerke van die begaafde volwassene navors. Hy kan bepaal hoe die volwassene sy unieke persoonskenmerke hanteer en in die besonder die feit dat dit hom verskillend maak van die sogenaamde ge-

middelste individu. Verder leer die leerling watter persoonseenskappe die begaafde persoon in staat stel tot kreatiwiteit en in die besonder kreatiewe probleemoplossing in gevorderde beroepe. Die begaafde leerling kry ten slotte 'n objektiewe beeld van die aard en wese van die begaafde volwassene se ander besondere persoonseenskappe en put daaruit wat verels word om 'n beroep met sukses te beoefen (Nash et al., 1980:404 en Turner, 1979:61).

3.2.5 Skakeling met die beroepsvoorigter

3.2.5.1 Inleiding

Die onderwyser of 'n persoon buite skoolverband wat beroepsvoorigting aan leerlinge verskaf, het verskillende posbenamings, waaronder "counsellor", "vocational counsellor" en "guidance counsellor" (Fox & Pyryt, 1979:190; Child, 1986:347 en Biehler & Snowman, 1986:190). Uit die literatuur blyk dit dus dat daar sinonimie bestaan om dieselfde begrip te omskryf. Daar kan gekonstateer word dat almal basies dieselfde werk doen. Aangesien hierdie onderwerp oor die rol van die beroepsvoorigter handel, sal vir die doeleindes van hierdie navorsing met die begrip "beroepsvoorigter" volstaan word.

Die rol van die beroepsvoorigter word aan die hand van oorsese literatuur bespreek en is gevolglik nie noodwendig op die taak van dié persoon (onderwysadviseur: loopbaanaangeleenthede) van die opvoedkundige hulpdiens van die TOD van toepassing nie. Daar word vervolgens na die rol van die beroepsvoorigter ten opsigte van die begaafde leerling gekyk.

3.2.5.2 Gesindheidskweeking by die kind

Wanneer 'n begaafde leerling met studieprobleme deur die skoolhoof na die beroepsvoorigter verwys word, moet hy die leerling voorlig om die regte gesindheid teenoor arbeid asook positiewe studiegewoontes aan te kweek (Gibson et al., 1983:203). Hierdie basiese beginsels gaan die leerling dwarsdeur sy loopbaan benodig, ongeag watter beroep hy kies. Die aanvaarding en

uitoefening van hierdie opvoedingsaktiwiteit kan daartoe meewerk dat die begaafde leerling sodanig in sy vakke presteer dat dit hom in staat stel om 'n vakkeuse uit te oefen wat verskeie beroepsrigtings ontsluit.

3.2.5.3 Emosionele ryphheid

Die begaafde leerling se buitengewone persoonskenmerke kan baie vroeg in sy lewe tot uitdrukking kom. Dit gee daartoe aanleiding dat sy ouers en onderwyspersoneel dink dat hy emosioneel gereed is om vak- en beroepskeuses uit te oefen (Colangelo & la Frenz, 1981:70). Keuse-uitoefening veronderstel egter kognitiewe vermoëns wat in 'n besondere mate aanwesig is by die begaafde leerling maar wat beïnvloed word deur dié kind se emosionele ryphheid en ontwikkeling (McMillan & Loveland, 1984:125). Die beroepsvoorligter se besondere bydrae in hierdie verband is om vas te stel of die begaafde leerling emosioneel gesond is en om die ouer van die begaafde leerling te steun om enige maatskaplike emosionele probleme op te los alvorens 'n beroepsvoorligtingsaksie onderneem kan word (Colangelo & La Frenz, 1981:276; McMillan & Loveland, 1984:125 & Engelkes & Van der Groot, 1982:72).

3.2.5.4 Spanvorming

Dit is dikwels nodig dat die onderwyser en die ouer van die begaafde leerling voorligting in verband met verskeie aspekte van die leerling se beroepsopvoeding ontvang. Die beroepsvoorligter vorm dus 'n span saam met bogenoemde persone om die invloed van die ouer op die begaafde leerling se skool- en beroepsloopbaan krities te evalueer. Hierdie bemoeienis word begroot deur Sanborn, Pulvine & Wunderlin (1971), soos aangehaal deur Colangelo en la Frenz (1981:266), wat van mening is dat die belangrikheid van ouerbetrokkenheid ten aansien van die unieke beroepsopvoeding van die leerling kwalik oorskat kan word. Chambers (1961) het naamlik 'n opvolgstudie onderneem met drie groepe begaafde leerlinge met 'n gemiddelde intelligensie van 135 en hoër; sy gevolgtrekking was dat die ouerlike invloed

'n groter rol in dié leerlinge se studie- en loopbaansukses gespeel het as hul verstandelike vermoëns.

Die ouer, onderwyser en beroepsvoortligter kan saamwerk om 'n beroepsopvoedingsprogram daar te stel wat in die unieke loopbaanbehoefte van die begaafde leerling voorsien (Colangelo & la Frenz, 1981:274).

Die beroepsvoortligter moet dikwels die hele gesin betrek by die keuse-uitoefening van die begaafde leerling. Kommunikasie is naamlik nodig tussen ouer en kind om daardeur te verseker dat hulle mekaar se beroepsbehoefte begryp, dat die ouer nie vir die kind 'n beroepskeuse maak nie maar in samewerking met hom (Tolbert, 1980:315).

Uit wat hierbo geformuleer is, blyk dit dat die ouer, leerling en beroepsvoortligter poog om die kind se besondere persoonsmoontlikhede te begryp en te aanvaar. Dit word aangewend om dié leerling se loopbaanontwikkeling te evalueer, sodat loopbaandoelstellings geformuleer kan word (Bernard & Fulmer, 1978:136).

3.2.5.5 Portuurgroep

Die begaafde leerling kan vervreemd raak van sy portuurgroep wat nie altyd sy besondere denke verstaan nie en hom sodoende isoleer. Wanneer hy dan 'n beroepskeuse uitoefen wat nie die stereotiepe en "bekende" beroepe insluit nie, kan dit sy vervreemding en vereensaming verder in die hand werk. Die meeste beroepsvoortligters is nie ten gunste van die homogene groepering van begaafde leerlinge nie, aangesien die portuurgroep soveel druk op dié leerlinge kan uitoefen om die portuurgroep se norme te respekteer. Daar kan dus weinig sprake wees van die ontplooiing van die begaafde leerling se besondere kreatiewe en unieke intellektuele vermoëns (Gowan, et al., 1979:165 en Zaffran & Colangelo (1977), aangehaal deur Colangelo & La Frenz (1981:257).

Die beroepsvoortligter se taak is dus om die begaafde leerlinge te betrek in 'n voortligtingssessie, sodat hulle hul gevoelens ten aansien van hul persoonsont-

wikkeling kan lug en om hul loopbane met mekaar te bespreek. Dit sal daartoe meewerk dat hulle hulself beter sal verstaan, die waarde van hul besondere vermoëns vir 'n loopbaan in perspektief sal sien en dat dit hul interpersoonlike verhoudings kan verbeter (Zaffran & Colangelo (1977) soos aangehaal deur Colangelo & la Frenz, 1981:257).

3.2.5.6 Selfkonsep

Volgens Van Tassel-Baska (1983:146) is die begaafde leerling se selfkonsep 'n uitvloeisel van sy selfkennis. 'n Leerling met 'n negatiewe selfkonsep ervaar sy vermoëns sodanig dat dit tot uiting kan kom in skolastiese onderprestasie; wanneer die leerling 'n vakkeuse moet uitloef, kan hy nie dié vakke kies wat die beste by sy besondere vermoëns pas nie omdat hy nie die vereiste vakprestasies behaal het nie. Die beroepsvoorligter se bemoeienis is om die begaafde leerling op te voed om homself te begryp en te aanvaar, sodat hy sodanig op skool presteer dat hy dié vak- en beroepskeuses kan oorweeg waarin sy besondere persoonsvermoëns ten volle verwesenlik kan word.

Zlotnick (1989:1) se navorsing met 160 begaafdes illustreer die belangrikheid van selfkennis as 'n uitvloeisel van die selfkonsep. Hierdie leerlinge se beroepskeuse was eerstens geneeskunde en tweedens ingenieurswese en is bepaal deur hul beroepsbelangstellings en die uitdaging wat hierdie hoogs professionele beroepe aan hul besondere persoonsvermoëns bied.

3.2.5.7 Beroepsrolle

Die beroepsvoorligter kan die begaafde leerling daarop wys dat die beroepswêreld kan eis dat hy sekere beroepsrolle behoort te vervul en dat die gemeenskap terselfdertyd eise stel aan sy besondere persoonsvermoëns. Colangelo en Zaffran (1979:260) en Heinemann en Mallis, (1978:82) huldig 'n soortgelyke standpunt; hulle is naamlik van mening dat die begaafde leerling van dié eise van die beroepswêreld gevrywaar behoort te word.

3.2.5.8 Self- en beroepskennis

Wanneer 'n begaafde leerling die beroepsvoorligter nader vir loopbaanvoorligting, moet hy die leerling se self- en beroepskennis evalueer, omdat dié twee opvoedingsaspekte nie as losstaande entiteite in die beroepsopvoeding van die leerling funksioneer nie. Hy moet die begaafde leerling wys op hierdie twee faktore se rol as een geïntegreerde geheel en sy opvoeding tot beroepsvolwassenheid.

3.2.5.9 Beroepskeuse-idees en beroepswaardes

McMillan en Loveland (1984:125) wys daarop dat die beroepsvoorligter daarteen moet waak dat sy beroepskeuse-idees en beroepswaardes die keuse-uitoefening van die begaafde leerling beïnvloed. Dit is 'n sterk moontlikheid, aangesien die beroepsvoorligter oor meer lewenswysheid en beroepskennis beskik. Die leerling se lewenservaring is baie meer beperk en dit kan hom na die opvoeder laat opsien om leiding.

Vervolgens word 'n oorsig gegee oor die bestaande beroepsvoorligtingsprogram in Transvaal, met besondere verwysing na beroepsvoorligting vir die begaafde leerling.

3.3 OORSIG VAN DIE BESTAANDE BEROEPSVOORLIGTINGSPROGRAM VIR DIE JUNIOR SEKONDÊRE SKOOLLEERLING IN TRANSVAAL MET BESONDERE VERWYSING NA DIE BEGAAFDE LEERLING

Ten aanvang word die beroepsvoorligtingsprogram vir die "gewone" leerling bespreek, waarna dié program vir die begaafde leerling aandag geniet.

3.3.1 Beroepsvoorligting aan die standaard vyf-leerling binne skoolverband

Die handleiding vir primêre onderwys (TOD, 1985:48) en die beroepsvoorligtingsprogram vir die sekondêre skool (TOD, 1988b:12) bepaal verskeie sake

wat met die leerling behandel moet word en wat vervolgens aan die orde gestel word.

3.3.1.1 Selfkennis

Dit is belangrik dat die leerling sy persoonsvermoëns optimaal verwesenlik met die oog op 'n vak-, vlak van vak- en hoërskoolkeuse. Om hierdie doel te bereik moet die leerling selfkennis bekom - dit is kennis ten opsigte van sy verstandsmoontlikhede wat hy met behulp van onder andere 'n histogram van vakprestasies kan bepaal, kennis van sy vak- en ander belangstellings en studie- en ander metodes om sy vakprestasies te verbeter. Die leerling moet ook die rol van sy liggaam by beroepsbeoefening leer ken.

3.3.1.2 Beroepskennis

Die leerling moet ook beroepskennis bekom. Hierdie kennis aangaande die beroepswêreld is byvoorbeeld 'n oorsig oor die beroepswêreld en die rol en betekenis van arbeid.

3.3.1.3 Self- en beroepskennis en die uitoefening van 'n keuse

Die leerling se self- en beroepskennis is die twee fundamente waarop hy sy vak- en sekondêre skoolkeuse baseer. Dit moet naamlik lei tot keusegereedheid en keuseverantwoordelikheid. Hiervoor is kennis (ook ten opsigte van die ouers) van die onderskeie studierigtings, die eise wat elkeen stel, beroepsmoontlikhede wat daaruit voortvloei, aan watter sekondêre skole elkeen aangebied word, oorskakelingsmoontlikhede en probleme en die keuse van twee vakke uit 'n aantal vakke, nodig.

3.3.2 Beroepsvoorligting aan die standerd-ses leerling binne skoolverband

Die beroepsvoorligtingsprogram vir die standerd ses leerling word aan die hand van TOD (1988a:4; 1988b:12-31 en 1989:19) en De Lange (1988:5-12) bespreek.

3.3.2.1 Tipe onderwys wat verskaf word

Ten aanvang word die leerling op die verskil tussen die primêre en sekondêre skool gewys. Sake wat aandag geniet, is die tipe onderwys wat verskaf word, die verskillende vakke wat aan die sekondêre skool geneem kan word, die slaagvereistes vir standerd ses, die rol van die jaarpunt en die oorskakelingsmoontlikhede tussen die vlak van vakke (gewone en laer graad) wat gedurende die loop van die jaar toegelig word.

3.3.2.2 Studiemetodes

Studiemetodes is 'n belangrike komponent. Die leerling doen 'n basiese verkenning daarvan en maak kennis met goeie luistergewoontes, 'n doeltreffende studierooster, nadele verbonde aan die uitstel van studiewerk, die stel van vroeë, motivering vir studie, konsentrasie en 'n toepaslike selfevaluering ten aansien van voorafgaande.

3.3.2.3 Selfkennis

Die leerling moet homself leer ken (selfkennis). Hy verkry dit deur aktiewe deelname aan verskeie skoolaktiwiteite om sy vermoëns en beperkinge te leer ken. Hy voltooi byvoorbeeld vakprestasieprofile om sodoende sy verstandsmoontlikhede te evalueer. Die leerling kry dus die geleentheid om sy akademiese prestasievermoë sowel as om die nadelige invloed van akademiese onderprestasie op sy beroepstoeikoms en op sy vakkeuses vir standerd agt te bepaal.

Die leerling leer sy liggaamlike vermoëns en begrensinge ken soos sy gesondheidstoestand, aan die hand van vraelyste en profile.

3.3.2.4 Beroepskennis

Die leerling onderneem beroepstudie wat verskillende belangrike komponente aansny. Hy bestudeer onder meer beroepsgeleenthede wat die groepering van

beroepe volgens die onderskeie professies insluit, byvoorbeeld beroepe van 'n klerklike aard, beroepe vir geskooldes, halfgeskooldes en ongeskooldes.

Die interafhanklikheid van beroepe geniet eweneens aandag terwyl die leerling voorts kennis maak met 'n elementêre raamwerk vir die bestudering van 'n beroep, waaronder die beskikbaarheid van bronne vir beroepsinligting.

3.3.2.5 Self- en beroepskennis en keuse-uitoefening

Die leerling leer om sy self- en beroepskennis te integreer met die oog op 'n moontlike vak- en beroepskeuse. Hy leer byvoorbeeld die betekenis van menseverhoudings en medemenslikheidsgevoel, die mens as sosiale wese wat saam met sy medemens woon en werk en die eise wat beroepe ten opsigte van menseverhoudings stel. Dit is belangrik dat die kind sy persoonsvermoëns, sy studierigting, vakke en skoolse prestasies meet aan die eise wat sy voorgenome vak- en beroepskeuses daaraan stel.

3.3.2.6 Opvoedkundige en persoonlike probleme as beperkende faktore vir studierigting-, vak- en beroepskeuse

Daar is verskillende opvoedkundige en persoonlike probleme wat 'n invloed op die leerling se keuse kan uitoefen. Die leerling moet gevolglik opgevoed word om dit dienoreenkomstig te hanteer. Hy moet leer om te aanvaar dat probleme 'n alledaagse verskynsel is wat hy kan oorwin deur onder andere die ontleding van die feite deur middel van nugsere denke en positiewe optrede deur selfdisipline, pligsbesef, eerlikheid, verantwoordelikheid, inspanning en volharding. Dit is verder belangrik dat die kind met sy probleme na sy voorligteronderwyser, voog of 'n ander persoon sal gaan met die oog op raad en bystand.

3.3.3 Beroepsvoorligting aan die standerd sewe leerling binne skoolverband

3.3.3.1 Studiemetodes

In standerd sewe word op die standerd ses-program voortgebou. Daar word verskeie temas voorgeskryf, naamlik die leerling se aanleer van 'n positiewe houding en gesindheid teenoor skoolwerk, wat met behulp van 'n selfkennisvraelys geëvalueer word. Studiebepanning en hersieningsmetodes is eweneens belangrik waar die leerling by groepbesprekings en verkenninge betrek word ten einde studiemetodes en gesindhede te evalueer.

3.3.3.2 Selfkennis

Die leerling moet begelei word tot selfinsig - dit is kennis aangaande sy persoonsmoontlikhede. Hy moet dus positiewe opvoedkundige doelwille aan homself stel wat in ooreenstemming met sy persoonsvermoëns is. Voorafgaande beteken dat die kind sy persoonsvermoëns moet evalueer deur die voltooiing van vakprestasieprofile om sy skolasiese prestasies te evalueer ten einde vas te stel of hy aan die vereistes van die vakke en vlakke van vakke voldoen waaruit hy 'n keuse vir die senior sekondêre skoolfase moet maak.

3.3.3.3 Beroepskennis

Die leerling onderneem beroepstudie met die doel om beroepskennis te bekom. Dié beroepskennis moet hy gebruik om vak- en beroepskeuses te maak. Die volgende sake word behandel.

- * Studiegeleenthede vir die senior sekondêre skoolfase, naamlik die geesteswetenskaplike, natuurwetenskaplike, landbou- handels-, kuns- (kuns, musiek en ballet), tegniese, huishoudkundige en algemene studierigting. Die verskillende vlakke van vakke in hierdie studierigtings, te wete hoër graad, standaardgraad en laer graad word toegevoeg.

- * Met die voorafgaande as vertrekpunt voltooi die leerling vakprestasiëprofile om vas te stel of hy aan die vak- en prestasievereistes voldoen om een van die voorgenoemde studierigtings te kies. Hy bestudeer voorts beroepsvelde en enkele kombinasies van beroepsvelde wat uit die onderskeie studierigtings kan voortspruit. Die verskillende fasette van naskoolse opleiding, te wete beroepsgerigte Indiens- of technikon- sowel as universiteitsopleiding word bespreek. Die toelatingsvereistes van die onderskeie opleidingsinstansies evalueer die leerling in die lig van sy voorgename beroeps- of studierigting.
- * Met die voorgenoemde as agtergrond onderneem die leerling 'n elementêre verkenning van twee beroepe.

3.3.3.4 Self- en beroepskennis en keuse-uitoefening

Die leerling se self- en beroepskennis moet hy gebruik om vak- en beroepskeuses te maak. Verskeie sake is belangrik:

- * Hy moet die verband tussen sy persoonsgeskikthede en beroepsvelde verstaan. Voorbeelde hiervan is gesondheid en liggaamlike geskiktheid sowel as verstandelike, sosiale, geestelike en belangstellingsgeskiktheid. Selforiëntering ten aansien van die verwerking van die eie persoonsvermoëns kan by wyse van selfevalueringskale, profile en vraelyste geskied. Hierdie metodes kan die leerling help om sy vermoëns aan die vereistes van die onderskeie beroepe te meet
- * Die belangrikheid van die standaard sewe-leerling se vakkeuses word onderstreep. Die faktore wat medebepalend is hiervoor, is slaagverleistes en die rol van die jaarpunt, oorskakelingsmoontlikhede tussen vlak van vakke (gewone graad en laer graad), besluitneming en die beginsels wat daaruit voortvloei.
- * Ten opsigte van skoolverlaters word die begripsterminologie bekyk. Begrippe soos werkgewer, werknemer, arbeider, ambag, beroepswêreld, arbeidsmark, beroepsweerbaarheid, werkloosheid, werkskuheid en

produktiwiteit word omskryf. Aansoeke om 'n betrekking is belangrik; derhalwe word sake soos die wyse van aansoek, byvoorbeeld skriftelik, mondeling en op 'n voorgeskrewe vorm, werkverskaffingsburo's van die Departement Mannekrag, Nywerheidswetgewing en vakleerlingskap, persoonlike onderhoude en die belangrikheid van verdere studie beklemtoon.

- * Nadat die leerlinge hul beroepsvoorligtingsprogram voltooi het en nog keuseprobleme ondervind, word hulle na die onderwysadviseur: loopbaanaangeleenthede van die Opvoedkundige Hulpdiens verwys.

3.3.4 Beroepsvoorligting aan die begaafde standaard-vyf leerling binne en buite skoolverband

Die handleiding vir primêre onderwys (1985:48) en die beroepsvoorligtingsprogram vir die sekondêre skool (TOD, 1988c:12) maak vir beroepsvoorligting binne skoolverband aan alle leerlinge voorsiening, wat derhalwe begaafdes insluit. Begaafde leerlinge ontvang dus dieselfde beroepsvoorligting as die ander leerlinge (soos bespreek in par. 3.3.1). Die bykomende beroepsvoorligtingsprogram vir begaafdes bepaal dat dié leerlinge selfkennis moet bekom - dit is insig in hul besondere persoonsvermoëns. Hierdie leerlinge moet ook beroepskennis verkry deurdat hulle van gevorderde beroepe moet kennis neem wat die beste by hul besondere persoonsvermoëns pas.

Buitekurrikulêre sentra is vir begaafde leerlinge in die lewende geroep waar hulle ná skoolure en tydens vakansies die geleentheid gebied word om hul besondere vermoëns te ontwikkel. Stegse een onderwerp word aangebied, naamlik tematiese studie (TOD, 1989:185).

3.3.5 Beroepsvoorligting aan die begaafde standerd ses- en sewe-leerling binne skoolverband

3.3.5.1 Programverrryking in die klaskamer

Ten elnde vir die begaafde leerling in standerd ses en sewe in die gewone klaskamer voorsiening te maak, sodat sy besondere begaafdhede soos sy verstandelike vermoëns, aanleg en belangstellings verwesenlik kan word, is verskeie elemente in die beroepsvoorligtingsprogram ingebou wat vervolgens bespreek word.

(i) Individuele programme

Die begaafde leerling kan toegelaat word om sy eie program ten opsigte van onderwerpe te volg, wat vir sy kreatiewe vermoëns en wye belangstelling ruimte laat (TOD, 1984:13).

(ii) Beroepskennis

Die voorligteronderwyser kan aan die begaafde leerling steun bied deur sy individuele, selfstandige aktiwiteite (uitgesonderd sy skolasiese aktiwiteite of prestasies) aan moontlike beroepe te koppel. Hierdie beroepskennis kan later in sy skoolloopbaan aangevul word deur bykomende beroepskennis waarop hy kan steun wanneer hy 'n vak- en beroepskeuse moet uitoefen.

(iii) Selfkennis

Die voorligteronderwyser kan die aktiwiteite van die TOD (1984:13) gebruik om die begaafde leerling te help om sy persoonsvermoëns te ontdek en te ontwikkel; terselfdertyd kan hy geleer word om sy tekortkominge te ken en te aanvaar. Hierdie kennis kan die begaafde leerling later gebruik om vas te stel wat sy skolasiese prestasies behoort te wees, soos in vakke waar besondere probleemoplossingsvermoëns (byvoorbeeld Wiskunde) of skeppende en

kreatiewe denke (byvoorbeeld die onderskeie kunsrigtings) voorvereistes is vir sukses.

(iv) Kurrikulumuitbouing

Kurrikulumuitbouing vind plaas waar 'n begaafde leerling meer vakke as die ander leerlinge neem, waardeur sy kwantitatiewe belading verhoog word. Hy kan byvoorbeeld alle vakke op die hoër graad en/of meer as die vereiste 6 vakke aanbied. Hierdie belading werk daartoe mee dat die begaafde leerling nou harder moet werk, 'n loopbaankeuse word vergemaklik en selfwerkzaamheid en selfstudie word bevorder (TOD, 1984:13 en TOD, 1989:184).

Die begaafde leerling se loopbaankeuse word waarskynlik vergemaklik deurdat hy reeds in standaard ses ekstra vakke neem waarin hy eksamen kan aflê in standaard tien. Hy kan byvoorbeeld Musiek as 'n ekstra vak neem, wat meebring dat hy 'n musiekloopbaan kan oorweeg.

(v) Kwalitatiewe differensiasie

Dit beteken dat die verrykingsprogram vir differensiasie voorsiening moet maak. Daar word naamlik rekening gehou met die begaafde leerling se uitnemende begripsvermoë, aanleg, belangstellings, hoëvlak-denkwitewite en probleemoplossingsvermoëns wanneer hy by wyse van verrykte vakinhoudende onderrig ontvang (TOD, 1984:14).

(vi) Versnelling

Versnelling beteken dat die begaafde leerling die geleentheid kry om in 'n bepaalde vak of standaard vinniger as die sogenaamde "gemiddelde" leerling te vorder. Hy kan selfs universiteitshandboeke raadpleeg om sy behoefte aan verdere kennis te bevredig. Goedbeplande en gekontroleerde versnelling het meer vrye tyd tot gevolg vir intellektuele verryking. Omdat versnelling

organisatoriese probleme skep, sal die TOD nie graag 'n begaafde leerling toelaat om twee standers in een skooljaar te voltooi nie (TOD, 1984:16).

By versnelling kan die begaafde leerling só vinnig vorder dat hy sy skoolloopbaan gouer voltooi as ander leerlinge van dieselfde chronologiese ouderdom. Dit bring mee dat hy op 'n vroeë ouderdom begin met 'n loopbaan of universiteitstudie. Indien dié begaafde nie emosioneel ryp genoeg is om die eiesoortige eise van 'n loopbaan of beroepsopleiding te hanteer nie, kan dit lei tot ernstige aanpassings- en ander probleme in sy loopbaan. Die begaafde kan byvoorbeeld in kompetisie tree met persone wat ouer is as hy en wat as gevolg hiervan waarskynlik beroepseise beter kan hanteer.

'n Ander probleem ten aansien van versnelling is dat die begaafde leerling as gevolg van sy besondere vermoëns baie vinnig kan vorder in 'n beroep en op 'n relatief vroeë ouderdom in 'n senior posisie aangestel word. Dit bring mee, soos in die geval van die Ingenieur, dat hy dan nie noodwendig sy beroep kan beoefen waarvoor hy opgelei is nie vanweë sy bestuursposisie. Verder kan dit afstuur op 'n middelloopbaankrisis waar die Ingenieur besef dat hy op 'n vroeë ouderdom sy toppunt bereik het. Daar is dan in dié deel van sy loopbaan wat nog in die toekoms lê, nie veel uitdagings nie.

3.3.5.2 Programverryking buitekant die gewone klaskamer

Daar is verskeie maniere waarop programverryking plaasvind waarvan op die belangrikstes gefokus word.

(i) Skole vir spesifiek-hoogsbegaaftes

Spesifiek-hoogsbegaaftes is in die geleentheid om skole vir Musiek, Ballet en Kuns te besoek (Jooste, 1982:4; TOD, 1984:7 en 1989:184). Aangesien daar by hierdie skole ander vakke, bo en behalwe die kunsvakke, aangebied word, word die begaafde in staat gestel om in standerd sewe vakke te kies wat kan lei tot verskeie beroepsrigtings.

(ii) Buitekurrikulêre sentra

Buitekurrikulêre sentra waarvan daar een in elke komprehensiewe eenheid in Transvaal is, maak vir die onderrig van vakke wat nie binne skoolverband aangebied word nie, voorsiening. Hierdie vakke is geld- en bankwese, materiaal-, staatkundige, elektroniese, petrochemiese, geologiese en taal- en literatuurstudie. Daarbenewens ontvang die begaafde leerling onderrig in Informatika asook enige ander rigting wat die TOD mag goedkeur (TOD, 1982:1; 1986:157 en 1989:185).

Daar is verskeie voordele aan die TOD-program verbonde:

- * Die begaafde leerling se selfkennis word uitgebrei deurdat sy besondere vermoëns soos sy hoë intelligensie, kreatiwiteit, skeppende denke, probleemoplossingsvermoëns en sy belangstellings gestimuleer en ontwikkel word deur die uitdagings en eise wat die onderskeie vakrigtings en verrigte vakinhoud aan sy persoonskenmerke stel.
- * Die onderskeie kuns- en musiekrigtings waarin die begaafde leerling onderrig ontvang, kan lei tot die uitbreiding van sy beroepskennis. Deur byvoorbeeld kennis te maak met ballet, die skilder-, ontwerp-, beeldhou- en grafiese kuns sowel as klavier, klarinet, kitaar, tjello en ander musiekinstrumente en dienoreenkomstige teoretiese inhoud, leer die leerling reeds op skool in 'n mindere of meerdere mate wat die aard van die beroep of beroepe is wat hy kan oorweeg; dieselfde faktore soos die hamer en beitel in sy beeldhouwerk gaan hy teenkom wanneer hy hierdie beroep beoefen.
- * In beroepsvoortligting aan die begaafde leerling verbonde aan die skool vir Kuns, Musiek en Ballet en waar hy onderrig word by buitekurrikulêre sentra in ander vakke, moet die doelstelling steeds bly om hom só op te voed dat al sy persoonsmoontlikhede ontwikkel en hy in al sy vakke presteer. Tesame hiermee behoort die begaafde leerling se vak- en beroepskeuses, as uitvloeisel van die beroepsleidingsprogram, die hele spektrum van sy persoonsmoontlikhede te dek. Hiermee word bedoel dat die leerling se

keuse-uitoefening moet berus op al sy vakprestasies en nie net op die kunsvakke en die ander vakrigtings waarin hy onderrig word by die buitkurrikulêre sentra nie. Dit sal meebring dat die begaafde leerling se beroepsmoontlikhede nie beperk word deur eensydige self- en beroepskennis gebaseer op enkele vakrigtings en -inhoude nie.

3.3.5.3 Diverse beroepsvoorligtingsaspekte

Behalwe 'n spesifieke beroepsvoorligtingsprogram vir die begaafde leerling in die junior sekondêre skoolfase, maak die TOD-program (TOD, 1982:221 en TOD, 1986:11) ten opsigte van beroepsvoorligtingsaspekte vir alle leerlinge in st. 6 en 7 (wat die begaafde leerling insluit) voorsiening:

- * Leiding aan leerlinge in verband met 'n sinvolle onderwyskeuse soos studierigtings, verpligte en keusevakke, die vlak van vakke (laer-, standaard- en hoërgraad).
- * Steungewing aan elke leerling ter verwesenliking van sy totale persoonsmoontlikhede.
- * Die beginsels waarop 'n beroepskeuse berus, is onder meer:
 - Begeleiding tot selfkennis - dit beteken dat die leerling vertrouwd sal raak met sy persoonsmoontlikhede.
 - Begeleiding van die leerling dat hy beroepskennis sal inwin.
 - Hoe self- en beroepskennis geïntegreer kan word, sodat dit kan lei tot die uitoefening van 'n beroepskeuse.
 - Die inagneming van landsomstandighede en behoeftes as 'n faktor by die verwysing van die leerling met vak- en beroepskeuseprobleme na die departementele beroepsvoorligter (dit is die onderwysadviseur: loopbaanaangeleenthede) (TOD, 1982:221 en TOD, 1986:11).

Wanneer die bestaande beroepsvoorligtingsprogram in oënskou geneem word, blyk dit dat leiding aan ouers en leerlinge 'n belangrike plek in die TOD se beroepsvoorligtingsprogram beklee. Verder word voldoende opvoedingsgeleenthede vir leerlinge geskep. Daar is byvoorbeeld doeltreffende studiemetodes wat daartoe kan bydra dat die leerling se skoolse prestasies kan verbeter. Verder is daar opvoeding tot beroepsvolwassenheid deurdat die begaafde leerling begelei word om self- en beroepskennis te bekom en die wyse waarop dié twee keusevelde geïntegreer word om vak- en beroepskeuses moontlik te maak. Die rol en betekenis van arbeid sowel as die rol van die liggaam by beroepsbeoefening word ingesluit by die beroepsopvoeding van die leerling.

3.3.5.4 Die rol van die opvoedkundige hulpdiens met betrekking tot beroepsvoorligting aan die begaafde leerling

Die rol van die opvoedkundige hulpdiens met betrekking tot beroepsvoorligting aan die begaafde leerling word aan die hand van De Lange (1988:28 en TOD (1988a:4) toegelig.

Die opvoedkundige hulpdiens is ten nouste met die beroepsopvoeding van die kind gemoeld. Hiervoor maak die pligstaar van die onderwysadviseur: loopbaanaangeleenthede verbonde aan dié diens voorsiening vir verskeie funksies ten aansien van die gewone en die begaafde leerling.

Beroepsvoorligting om leerlinge sowel as hul ouers en onderwysers by te staan ten opsigte van die uitoefening van verantwoordbare vak- en beroepskeuses:

In die primêre skool moet die onderwyser, leerling en ouer gesteun word om die standerd vyf-leerling by te staan in die uitoefening van 'n skool-, studierigting en enkele vakkeuses, waar van toepassing. Hiervoor word 'n intensiewe en omvattende diagnostiseringsprogram toegepas waar, onder andere, toetse ingeskakel en onderhoude met ouers gevoer word.

In die sekondêre skool word individuele leerlinge wat probleme ondervind met finale studierigting, vak- en vlak van vak hanteer. Leerlinge met studieprobleme geniet eweneens aandag.

Die onderwysadviseur: loopbaanaangeleenthede staan die onderwyspersoneel in die toepassing van beroepsvoortligtingsprogramme by en is voorts behulpzaam met die informele indiensopleiding van voortligter-onderwysers. Hulle dien voorts as skakel tussen die skool en beroepswêreld ten einde beroepsinligting te bekom en te versprei, beroepsinligtingsbesoeke te reël, werks- en opleidingsgeleenthede te ondersoek en vir leerlinge bekombaar te maak sowel as om loopbaanuitstallings te reël.

Die onderwysadviseur staan die onderwyspersoneel in die identifisering van begaafde leerlinge by. Verskeie persoonskwaliteite soos die leerling se verstandes vermoë, die resultate van aanleg- en belangstellingsvraelyste, prestasie op skolasiese en buite-kurrikulêre gebied, onderwysers se evaluering, die ouer se kennis van sy kind, besondere persoonskwaliteite en die portuurgroep se evaluering word in ag geneem.

Bo en behalwe die besondere bemoeienis met die begaafde kind is die onderwysadviseur: loopbaanaangeleenthede se funksies ten aansien van beroepsvoortligting aan die begaafde kind omvattend van aard en omsluit dit die hele spektrum van beroepsvoortligting aan die "gewone" kind soos uiteengesit in die sillabus. Die verskil is egter daarin geleë dat die begaafde leerling se uitsonderlike vermoëns in ag geneem word wanneer hy beroepsvoortligting ontvang. Die onderwysadviseur hou dus met gevorderde vakke en vakkeuse rekening wat kan lei tot die gevorderdste beroepe vir die begaafde kind.

Die onderwysadviseur: loopbaanaangeleenthede moet leerlinge met opvoedings- en ander probleme identifiseer, die nodige voortligting aan hulle en hul ouers gee en na ander professionele persone vir deskundige advies verwys. Hierdie bystand is belangrik, aangesien die begaafde en ander leerlinge se probleme met betrekking tot vak- en beroepskeuses dikwels die gevolg van probleme in die leerling, sy ouers en/of omgewing is. Hierdie

probleme moet dus eers opgelos word voordat die begaafde en ander leerlinge hul keuse kan uitoeven.

3.4 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk het oor 'n beroepsvoorligtingsprogram aan die begaafde leerling gehandel. Ten aanvang is op 'n verskeidenheid metodes om die beroepsvoorligtingsprogram te verryk, gefokus. Vervolgens is na skakeling met 'n beroepsvoorligter gekyk. Hierna het 'n oorsig van die beroepsvoorligtingsprogram vir die junior sekondêre skoolleerling in Transvaal aan die beurt gekom. Hoofstuk vier word aan 'n empiriese studie gewy.

HOOFSTUK 4

DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die empiriese ondersoek bespreek. Die vraelysmetode word as die toepaslikste ondersoekmiddel vir hierdie ondersoek onder die loep geneem. Ten slotte word die begeleidende en opvolgbrief, die statistiese tegnieke en terugontvangste van die vraelyste van naderby bekyk.

4.2 DIE DOEL VAN DIE ONDERSOEK

Die doel van hierdie ondersoek is om empiries te bepaal in welke mate beroepsvoorligting aan die begaafde leerling in die junior sekondêre fase (in Transvaalse skole) tot sy reg kom.

4.3 ENKELE ONDERSOEKMETODES EN KEUSE VAN DIE ONDERSOEKMIDDEL

In paragraaf 4.2 is die doel van die empiriese ondersoek geformuleer. Die bruikbaarste en prakties uitvoerbaarste ondersoekmetode wat aan die geldigheds- en betroubaarheidsvereistes sou beantwoord en waarmee inligting bekom kan word, moet geïmplementeer word. Daar is oorweging geskenk aan:

- * Persoonlike onderhoude met 'n aantal skoolvoorligters in Afrikaansmedium- sekondêre skole in Transvaal.
- * 'n Vraelys vir Invul deur Departementshoofde: Opvoedkundige Leiding of die voorligteronderwyser om die mate waarin beroepsvoorligting aan die begaafde leerlinge verwesenlik word te bepaal.

Na deeglike oorweging van die voor- en nadele van beide ondersoekmetodes is op laasgenoemde besluit.

4.3.1 Die vraelys as empiriese navorsingsmetode

Die vraelys het ten doel om gegewens in te win oor 'n onderwerp of verwante onderwerpe ten einde meer lig te werp op 'n probleem wat ondersoek word. 'n Vraelys oor 'n opvoedkundige probleem of onderwerp het ook 'n spesifieke doel, naamlik om feite in verband met onderwysaangeleenthede, didaktiese tegnieke, onderrigmedia sowel as die onderwyspraktyk in te win (Best & Kahn, 1986:166; Landman, 1988:78 en Wiersma, 1969:274).

Die vraelys bestaan uit 'n aantal vrae wat, op versoek van die opsteller daarvan, deur 'n aantal persone op 'n skriftelike of mondelinge wyse beantwoord moet word (Best & Kahn, 1986:166; De Wet et al., 1981:163 en Landman, 1988:78).

Subjektiwiteit is 'n probleem eie aan 'n vraelys. Dit is derhalwe belangrik dat die opsteller van die vraelys vroeë vermy wat 'n spesifieke antwoord suggereer (Borg & Gall, 1979:297).

Ten einde die respondente te motiveer om die vraelys sinvol te beantwoord moet die vrae hul belangstelling wek (Landman, 1980:109).

4.3.2 Die samestelling van die vraelys

- * Die vraelys moet aantreklik en kort wees en maklik om in te vul. Dit beteken dat sowel die inhoud as die formaat van die vraelys deeglik beplan moet wees. Geen item mag ingevoeg word wat nie direk met die ondersoek te make het nie (Landman, 1980:109 en Slavin, 1984:88).
- * Dit is belangrik dat voorbeelde van bestaande vraelyste geraadpleeg word wat reeds suksesvol in 'n navorsingsprojek aangewend is. Dit sal die ondersoeker in staat stel om die geldigheid van 'n vraelys en ook die samestelling daarvan te bepaal (Slavin, 1984:87).
- * Ten einde negatiewe response te voorkom behoort die navorser elke vraag te motiveer. Hierdie stap is nodig, aangesien respondente dikwels vraelyste

met 'n negatiewe gesindheid ontvang en as 'n vermorsing van tyd beskou (Borg en Gall, 1979:295).

- * Die vrae moet deur die hipotese en die navorsingstema begrond word. Hierdie twee faktore moet dus ter ondersteuning van die vrae dien (Sax, 1979:246).

4.3.3 Kriteria vir die ontwerp van die vraelys

Daar is 'n aantal riglyne waarvolgens individuele items geformuleer moet word.

- * Die Instruksies moet kort en duidelik wees.
- * Rangskik die items in 'n logiese volgorde (Best & Kahn, 1986:195 en Landman, 1980:110).
- * Begrippe wat in die vrae voorkom, moet gedefinieer word (Landman, 1980:110).
- * Raadpleeg bestaande vraelyste om sodoende die formulering te bepaal.
- * Die vrae moet doelmatig getabuleer en gerekenariseer kan word.
- * Die struktuur van die vrae moet sodanig wees dat slegs een antwoord per item verstrek kan word (Sax, 1979:257).
- * Vermyn vrae wat 'n antwoord suggereer en gevolglik die gee van objektiewe inligting bemoelilik (Borg & Gall, 1979:297 en Landman, 1980:110).
- * Vermyn persoonlike vrae wat 'n verleentheid vir die respondente is (Ary et al., 1979:177).
- * Die vraelys moet van kwaliteit getuig om 'n gunstige reaksie van die respondente te verkry (Ary et al., 1979:176).

4.3.4 Tegniëse versorging van die vraelys

Dit is belangrik dat die tegniëse versorging van 'n vraelys van professionaliteit getuig. Dit verseker waarskynlik 'n gunstige reaksie van die respondent, wat hom motiveer om deel te neem.

4.3.5 Faktore wat bepalend is vir die tegniëse versorging van die vraelys.

- * Die Instruksies moet duidelik wees en die respondent moet kan onderskei tussen die aanwysings en die vrae in die vraelys.
- * Daar moet voorsiening vir spasiering gemaak word ten einde tussen die vrae te onderskei; dit voorkom verwarring.
- * Ary et al., (1979:177) en Best & Kahn (1986:197) is van mening dat vrae gegroepeer moet word met die oog op tabulering. Groepering werk daartoe mee dat die respondent vrae in 'n gunstige lig beskou en dienoreenkomstig benader (Sax, 1979:255).
- * Daar moet blokkies na elke vraag wees waarin die respondent sy antwoord aandui. Dit vergemaklik die beantwoording en rekenarisering en voorkom dat vrae uitgelaat word of onbeantwoord bly; terselfdertyd laat dit ruimte vir die respondent om te kies tussen verskillende antwoorde (Cohen & Manion, 1980:85; Slavin, 1984:197 en Tuckman, 1978:213).
- * Ten einde die respondent se belangstelling te behou moet vrae sinvol gerangskik word. Dit is voorts van wesenlike belang dat belangrike vrae nie aan die einde van 'n vraelys geplaas word nie maar aan die begin daarvan om die respondent se belangstelling te wek (Borg & Gall, 1979:298 en Cohen & Manion, 1980:85).
- * Die vraelys moet voorsiening maak vir rekenarisering (Youngman, 1978:20).
- * Die respondente behoort aan die einde van die vraelys bedank te word vir hulle samewerking (Youngman, 1978:20).

4.3.6 Anonimiteit van die proefpersone

In die meeste opvoedkundige ondersoeke word van die respondent verwag om hom te identifiseer. Anonimiteit is dikwels nodig waar die navorsingsonderwerp sensitief van aard is en die proefpersone of respondente verkies om anoniem te bly. In hierdie geval kan openliker en eerliker antwoorde verwag word, aangesien die respondente hulle nie blootstel nie (Borg & Gall, 1979:300).

Borg & Gall (1979:300) noem 'n paar faktore wat ter sprake is by die anonimiteit of identifikasie van die respondent.

- * Opvolgondersoeke word bemoelijk, aangesien die respondente nie opgespoor kan word nie.
- * Anonimiteit kan daartoe lei dat 'n onvoldoende aantal vraelyste terugontvang word.
- * Dit lyk asof die mate van volwassenheid van die respondente bepaal of hulle anoniem wil bly en of hulle hul wil identifiseer.
- * Die navorser moet probeer vasstel of anonimiteit nodig is om akkurate antwoorde te verkry.

4.3.7 Voortoetsing van die vraelys

Volgens Ary et al., (1979:83) en Slavin (1984:86) moet 'n aantal respondente by die voortoetsing van die vraelys betrek word. 'n Paar belangrike redes word van naderby bekyk:

- * Daar kan bepaal word of die instruksies duidelik, niksseggend of misleidend is (Landman, 1980:112 en Tuckman, 1978:226).
- * Vrae wat te sensitief van aard is, word geïdentifiseer (Sax, 1979:258 en Tuckman, 1978:226).

- * Die response op die vraelys help die navorser om die doeltreffendheid van die vraelys as meetinstrument te bepaal (Ary et al., 1978:83).
- * Die hipotese kan aan die antwoorde getoets word (Ary et al., 1978:83).
- * Uit die voorafgaande blyk dit dat die voortoetsing van die vraelys daarop gemik is om moontlike tekortkominge vas te stel en voorstelle vir verbetering te bekom (Landman, 1980:11).

4.3.8 Die begeleidende brief

Die vraelys moet van 'n begeleidende brief vergesel word wat verskeie belangrike besonderhede bevat:

- * Die doel van die vraelys moet sodanig geformuleer word dat dit die respondente sal motiveer om aan die ondersoek deel te neem. Die belangrikheid van die ondersoek vir die proefpersone se professie moet met die oog hierop beklemtoon word (Best & Kahn, 1986:177 en Cohen & Manion, 1980:87).
- * Die navorser moet die beroep en tersaaklike omstandighede van die respondente in ag neem en die brief daarvolgens formuleer. Indien die hoof van 'n organisasie se werknemers betrek word, moet die brief aan hom gerig word (Borg & Gall, 1979:302).
- * Die instansie wat die ondersoek goedkeur en/of ondersteun, moet geïdentifiseer word, aangesien dit die respondente die geleentheid bied om die eglheid daarvan vas te stel (Landman, 1980:111 en Sax, 1979:258).
- * Waar anonimiteit ter sprake is, moet die navorser dit waarborg; terselfertyd moet die respondent die versekering kry dat sensitiwe inligting as vertroulik behandel sal word (Tuckman, 1978:232 en Best & Kahn, 1986:178).
- * 'n Definitiewe datum moet genoem word waarop die vraelys teruggestuur moet word (Landman, 1980:111).

- * 'n Geadresseerde, gefrankeerde koevert vir die terugsending van die vraelys moet ingesluit word (Best & Kahn, 1986:178 en Landman, 1980:111).

4.3.9 Verspreiding van die vraelys

Volgens Youngman (1978:20) is amptelike toestemming van die betrokke onderwysdepartement 'n vereiste. Die Direkteur van die Transvaalse Onderwysdepartement moet toestemming aan die navorser verleen alvorens die vraelys aan Transvaalse skole gestuur word (TOD - o/m 48:1988a).

4.3.10 Terugsending van die vraelys

Sonder die terugontvangs van die vraelys is die voortsetting en afhandeling van die navorsingsprojek onmoontlik. Dit is daarom belangrik dat die navorser sal poog om die respondente te motiveer om die vraelys terug te stuur. Volgens Van Dalen (1979:154) is daar 'n paar maniere waarop die navorser dit kan bewerkstellig:

- * Die respondente moet die navorsing so belangrik ag dat hulle die vraelys behoorlik sal invul en terugstuur.
- * Die inligting moenie vir die respondente elders beskikbaar wees nie.
- * Die vraelys moet kort en saaklik, aantreklik en so maklik moontlik wees om in te vul.

'n 50% terugontvangs is bevredigend, 60% is goed en 70% is baie goed (Hopkins, 1980:299).

4.3.11 Opvolgaktiwiteite

Ten einde geldigheid aan die ondersoek te verleen, moet minstens 70% van die vraelyste terugontvang word (Landman, 1980:112). Indien dit nie die geval is nie, is verskeie stappe nodig:

- * Die belangrikheid van die ondersoek en die respondent se deelname moet beklemtoon word (Cohen & Manion, 1980:87).
- * Sluit 'n vraelys en 'n gefrankeerde koevert in (Tuckman, 1978:234).
- * Stuur 'n aanmaningsposkaart (Landman, 1980:112).

Indien die eerste opvolgopgag onsuksesvol was, kan die navorser 'n brief, telefoonoproep, poskaart of telegram aan die respondent oorweeg om hom aan die vraelys te herinner (Best & Kahn, 1986:178; Landman, 1980:112 en Tuckman, 1978:234).

Maak melding van die belangrikheid van die respondent se antwoorde en van die feit dat 'n groot persentasie persone dit die moeite werd geag het om die vraelys in te vul (Landman, 1980:112).

Volgens Landman (1980:112) is die reaksie van die respondente soos volg:

- * Met die eerste poging word min of meer 40% van die vraelyste teruggestuur
- * Met die tweede poging behoort die 70% merk bereik te word. Verdere pogings is gewoonlik nie geslaagd nie.

4.4 DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

4.4.1 Die populasie en keuse van proefpersone

Die doel van hierdie ondersoek is om empiries te bepaal in welke mate beroepsvoorligting aan die begaafde leerling in die junior sekondêre fase in Transvaalse skole tot sy reg kom.

Daar is besluit om Departementshoofde: Opvoedkundige Leiding in die ondersoek te betrek, en wel om die volgende redes:

- * Hulle is primêr verantwoordelik vir die implementering van die beroeps-voorligtingsprogram.
- * Hulle ervaring en kennis van die inhoud van die program.
- * Hulle ervaring en kennis van die sekondêre skoolkind in al sy ontwikkelingsfases.
- * Omdat van die veronderstelling uitgegaan is dat die ondersoek vir hulle belangrik is en hulle sou bydra tot die suksesvolle implementering daarvan.

Omdat die 171 departementshoofde vir opvoedkundige leiding by Afrikaans en dubbelmedium sekondêre skole in Transvaal as verteenwoordigend van die universum van 248 departementshoofde by sekondêre skole beskou is, is besluit om slegs hulle by die ondersoek te betrek.

4.4.1.1 Bepaling van die studiepopulasie

Die steekproef moet so groot as moontlik wees om verteenwoordigend van die populasie te wees ten einde betroubare en geldige gevolgtrekkings te verseker. Dit moet terselfdertyd klein genoeg wees om ekonomies geselekteer te word in terme van die beskikbaarheid van die respondente, tyd en finansies en die kompleksiteit van die data wat geanaliseer moet word. Die navorser moet dus aanvaar dat die aantal respondente en hul antwoorde 'n aanvaarbare vlak van waarskynlikheid as verteenwoordigend van die populasie is. Die waarskynlikheidsvlak ("confidence level") is gewoonlik 95% (die sogenaamde 0,5 vlak) (Slavin, 1984:102). Dit beteken dat daar 'n 95% moontlikheid bestaan dat dieselfde response oor die hele populasie kan voorkom (De Wet et al., 1981:117; Landman, 1988:91 en Tuckman, 1978:231). 'n Studiepopulasie van $N = 171$ voldoen aan hierdie vereiste.

4.4.1.2 Samestelling van die vraelys

Motivering vir en ontwerp van die vraelys wat in die ondersoek gebruik is:

Na aanleiding van die bevindings uit die literatuurstudie en met inagneming van die doelstellings van hierdie ondersoek is besluit om meer inligting oor die volgende sake in verband met beroepsvoortligting te kry:

- * Beroepe en professies van 'n gevorderde aard stel hoë eise aan die begaafde leerling se besondere intellektuele begaafdheid (kyk par. 2.3.1.1). Daar moet dus 'n vraag gestel word oor die mate waarin die leerling voorgelg word om by wyse van beroepstudie die aard en wese van gevorderde beroepe te leer ken (kyk vraag 1, p.80).
- * Die begaafde leerling kan hoë loopbaanideale koester vanweë die feit dat hy oor uitsonderlike verstandelike vermoëns beskik wat hom in staat stel om gevorderde beroepe te oorweeg (kyk par. 2.3.1.1). Daar sal vasgestel moet word of die leerling beroepsvoortligting ontvang wat hom motiveer om besondere beroepsaspirasies te koester (kyk vraag 2, p.81).
- * Dit is belangrik dat die begaafde leerling opgevoed word om sy besondere persoonsvermoëns aan te wend om te voorsien in sy land se hoëvlak-mannekragbehoefes (kyk par. 2.3.1.2). Daar moet vasgestel word of die leerling voortligting ontvang in dié verband (kyk vraag 3, p.82).
- * Ten einde 'n vak- en beroepskeuse uit te oefen waarin sy besondere persoonsvermoëns ten volle verwesenlik kan word, is dit nodig dat die begaafde leerling tot selfkennis in sake sy persoonsvermoëns gelei word (kyk par. 2.3.1.5). Die vraag is of die leerling hieroor beroepsvoortligting ontvang (kyk vraag 4, p. 83).
- * Die begaafde leerling se besondere intellektuele begaafdheid is onder meer 'n uitsonderlike vermoë om ingewikkelde probleme op te los. Hy behoort dus beroepe te oorweeg waarin hierdie gevorderde persoonseenskap uit-

gedaag word (kyk p. 2.3.1.6). Die beroepsvoorligtingsprogram behoort hiervoor voorsiening te maak (kyk vraag 5, p.85).

- Die begrip "talentvolheid" is 'n algemeen aanvaarde term wat 'n bestaansreg binne die begaafdheidsverskynsel regverdig. 'n Beroepsvoorligtingsprogram behoort dus voorsiening te maak vir die talentvolle leerling se vak- en beroepskeuses waarin sy talente ten volle kan ontplooi (kyk par. 2.3.2 & 2.3.2.1). 'n Vraag moet ingesluit word om vas te stel in welke mate die talentvolle leerling beroepsvoorligting in hierdie verband ontvang (kyk vraag 6, p.86).
- Die begaafde leerling se kreatiewe potensiaal stel hom in staat om 'n verskeidenheid vakke te oorweeg waarin sy skeppende vermoëns ten beste kan ontplooi (kyk par. 2.3.3.2). Daar moet derhalwe vasgestel word of 'n gedifferensieerde onderwysstelsel voorsiening maak vir 'n verskeidenheid vak- en studierigtings (kyk vraag 7, p.87).
- Aanleg is klaarblyklik 'n samestelling van komplekse elemente van begaafdheid, wat meebring dat die begaafde leerling verskeie beroepe kan oorweeg waar hy die verskillende fasette van sy aanleg kan beoefen (kyk par. 2.3.4). Gevolglik ontstaan die vraag of die beroepsvoorligtingsprogram voorsiening maak vir sodanige beroepsverkenning (kyk vraag 8, p.88).
- Die begaafde leerling het 'n behoefte aan uitdagings ter verwesenliking van sy besondere persoonsvermoëns. Daar is derhalwe verrykte vakinhoud vir dié doel nodig (kyk par. 2.4.1.2). Daar moet dus 'n vraag gestel word om te bepaal of sy vakke oor genoegsame verrykte inhoud beskik wat hom sal motiveer om sy persoonsvermoëns te verwesenlik (kyk vraag 9, p.89).
- Ten opsigte van die begaafde leerling se buitengewone kognitiewe vermoë is dit nie altyd 'n waarborg vir effektiewe probleemoplossingsvaardighede nie. Sy behoefte aan steun by problematiese vak- en beroepskeuses bly steeds dieselfde as dié van die gewone leerling (kyk par. 2.4.1.3). 'n Vraag moet ingesluit word om vas te stel in welke mate die begaafde leerling

steun ten aansien van problematiese vak- en beroepskeuses ontvang (kyk vraag 10, p.90).

- Die begaafde leerling het 'n behoefte aan 'n eie waardesisteem wat as riglyn kan dien in sy keuse. Hy kan byvoorbeeld baie waarde aan 'n hoë, professionele beroep heg of dieselfde vakke as sy maats verkies (kyk par. 2.4.1.4). In die vraelys sal met een of meer vrae vasgestel moet word of die begaafde leerling opgevoed word om 'n eie waardesisteem te ontwikkel (kyk vraag 11, p.91).
- Die begaafde leerling het behoefte aan sekuriteit, liefde en aanvaarding vir die ontplooiing van sy wesenskenmerke (kyk par. 2.4.1.6). Die vraag ontstaan of die onderwyser in hierdie behoefte voorsien (kyk vraag 12, p.92).
- 'n Beroepsvoorligtingsbesoek kan daartoe meewerk dat die begaafde leerling waardevolle beroepsinligting bekom. Die mediasentrum kan in hierdie verband 'n waardevolle bydrae lewer (kyk par. 3.2.1.1). Daar moet vasgestel word of die mediasentrum georganiseer is om voldoende beroepskennis aan die begaafde leerling te verskaf (kyk vraag 13, p.94).
- Die besondere kognitiewe eienskappe van die begaafde leerling regverdig verrykte onderrigprogramme soos 'n beroepsinligtingsbesoek waar die leerling hierdie vermoëns op die proef kan stel (kyk par. 3.2.1.2). Die vraag is of die beroepsvoorligtingsprogram hiervoor voorsiening maak (kyk vraag 14, p.95).
- Die mentor of raadgewer tree as rolmodel vir die begaafde leerling op. Dit beteken dat die leerling hom met die mentor as die ideale beroepsbeoefenaar identifiseer. Die begaafde leerling ervaar hierdeur die wyse waarop die mentor sy besondere persoonseenskappe en aangeleerde vaardighede aanwend in die beoefening van sy beroep (kyk par. 3.2.1.2). Daar sal 'n vraag ingestuit word om vas te stel of die begaafde leerling die geleentheid gebied word om met 'n mentor in aanraking te kom (kyk vraag 15, p.96).

- Beroepsvoorligtingspraatjies deur besoekers aan die skool is deel van die totale verrykingsprogram waardeur die begaafde leerling die geleentheid kry om in die beroepswêreld deur middel van die beroepslui kennis te maak (kyk par. 3.2.2). Die vraag ontstaan of die beroepsvoorligtingsprogram hiervoor voorsiening maak (kyk vraag 16, p.98).
- Die gassprekers kan die begaafde leerling vir keuse-uitoefening toerus wanneer dié leerling na die sprekers se beroepsinligting luster (kyk par. 3.2.2.9). Daar moet vasgestel word of die begaafde leerling deur professionele beroepslui gehelp kan word in sy keuse (kyk vraag 17, p.99).
- Die beroepsnavorsingsentrum maak voorsiening vir beroepstudie deur die begaafde leerling (kyk par. 3.2.3.1). Die leerling moet die nodige beroepsvoorligting ontvang om die beroepsnavorsingsentrum te gebruik (kyk vraag 18, p.100).
- Die rekenaar kan 'n belangrike rol vervul wanneer die begaafde leerling beroepstudie doen (kyk par. 3.2.3.2). Daar moet gekyk word of die beroepsvoorligtingsprogram ruimte laat vir die gebruik van die rekenaar (kyk vraag 19, p.101).
- Die begaafde leerling kan inligting oor verskeie fasette van die beroepswêreld te wete kom wanneer hy 'n studie maak van biografieë van begaafde beroepslui (kyk par. 3.2.4). Die leerling moet die nodige voorligting in dié verband ontvang (kyk vraag 20, p.102).
- Dit is dikwels nodig dat die begaafde leerling met studieprobleme deur die beroepsvoorligter gehelp word (kyk par. 3.2.5.2). Daar moet dus 'n vraag gestel word in watter mate die begaafde leerling van die onderwyser of beroepsvoorligter hulp ontvang om sy studieprobleme op te los (kyk vraag 21, p. 104).
- Dit is belangrik dat die begaafde leerling emosioneel gesond moet wees alvorens hy 'n vak- en beroepskeuse kan uitoefen (kyk par. 3.2.5.3). Dit is

derhalwe nodig dat die leerling deur die beroepsvoorganger gesteun moet word indien hy emosionele probleme ondervind (kyk vraag 22, p.105).

- * Die beroepsvoorganger moet die begaafde leerling sodanig opvoed dat hy homself begryp en aanvaar om dusdoende sodanig te presteer dat hy die vak- en beroepskeuses kan oorweeg waarin sy besondere persoonsvermoëns ten volle verwesenlik kan word (kyk par. 3.2.5.5). Die beroepsvoorgangingsprogram moet hiervoor voorsiening maak (kyk vraag 23, p. 106).
- * Dit is belangrik dat die begaafde leerling vakprestasieprofile voltooi ten einde sy vakprestasies te evalueer met die oog op 'n onderwys-, vak- en beroepskeuse (kyk par. 3.3.3.2). Daar moet vasgestel word of die beroepsvoorgangingsprogram hiervoor voorsiening maak (kyk vraag 24, p.107).
- * Beroepsvoorgang aan die begaafde leerling sluit deurlopende beroepsstudie in wat die leerling moet steun in sy vak- en beroepskeuses (kyk par. 3.3.3.3). Die beroepsvoorgangingsprogram moet dus hierdie opvoedingsaktiwiteit insluit (kyk vraag 25, p.109).
- * Dit is belangrik dat die voorgangeronderwyser die begaafde leerling help om sy individuele, selfstandige aktiwiteite (uitgesonderd sy skoolse prestasies) aan moontlike beroepe te koppel (kyk par. 3.3.5). Die vraag is of die leerling wel by voorgenoemde persoon uitkom (kyk vraag 26, p.110).
- * Die beroepsvoorgangingsprogram maak vir die begaafde leerling in die gewone klaskamer voorsiening deurdat ruimte geskep word vir sy begaafdheid, waaronder sy kreatiewe vermoëns en besondere belangstellings (kyk par. 3.3.5.1). Daar moet dus 'n vraag gestel word om vas te stel of die beroepsvoorgangingsprogram hiervolgens funksioneer (kyk vraag 27, p.111).
- * Kurrikulumuitbouing vind plaas waar 'n begaafde leerling meer vakke as die ander leerlinge neem, waardeur sy kreatiewe belading verhoog word.

Sy loopbaankeuse word waarskynlik daardeur vergemaklik (kyk par. 3.3.5.1). Die vakkeuse moet dus 'n verskeidenheid vakke insluit wat die begaafde leerling se vak- en loopbaankeuse vergemaklik (kyk vraag 28, p.112).

- * Versnelling beteken dat die begaafde leerling die geleentheid kry om in 'n bepaalde vak of standerd vinniger as die sogenaamde "gemiddelde" leerling te vorder (kyk par. 3.3.5.1). Die vraag is of hierdie beginsel reeds toegepas word (kyk vraag 29, p.113).
- * Programverryking buitekant die gewone klaskamer beteken dat begaafde leerlinge skole vir spesifiek-hoogbegaafdes kan besoek (kyk par. 3.3.5.2). Die vraag is of begaafde leerlinge hierdie skole besoek het (kyk vraag 30, p.115).
- * Daar is buitekurrikulêre sentra vir begaafdes waar hulle onderrig in vakke wat nie in die skool aangebied word nie, ontvang (kyk par. 3.3.5.2). Dit moet deur middel van 'n vraag gekontroleer word (kyk vraag 31, p.116).

Die vraelys sal aan die hand van die kriteria vir die ontwerp van 'n vraelys opgestel word (kyk par. 4.3.3), en aangesien rekenaarverwerkings gebruik gaan word, sal dit ontwerp word om te voldoen aan die vereistes wat gestel word deur die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO (vgl. par. 4.3.3 - 4.3.5).

4.4.1.3 Keuse van die soort items vir die vraelys

Aangesien daar in hierdie ondersoek vasgestel gaan word in welke mate die vraelysitems in die beroepsvoorligtingsprogram vir die begaafde leerling gestalte kry, is besluit om van die Likert-tipe skaal gebruik te maak.

Volgens Landman (1988:18) is die Likertskaal 'n tipe ordinerende houdingskaal waarmee die mate waarin respondente saamstem of nie met 'n reeks stellings wat verband hou met 'n houding wat evalueer word, gemeet word.

Likert, volgens Best & Kahn (1986:181), wys daarop dat die eerste stap in die ontwikkeling van 'n skaal die keuse van moontlike responskategorieë is. In die aanvanklike ontwikkeling van 'n skaal het Likert van 5 kategorieë gebruik gemaak (Sax, 1979:249). Dit is moontlik dat die respondente op 'n 5 of 6-puntskaal geneig sal wees om gemiddelde response aan te bied wat nie 'n getroue weergawe van hul risiko ten opsigte van die onderwerp onder bespreking kan wees nie. Dit is dus wenslik om van 4 kategorieë gebruik te maak.

Die waardetoekenning van die responskategorieë is belangrik. Die hoogste telling word aan die kategorie van volkome instemming toegeken, wat 4 punte op die 4 kategorieë skaal beteken, en die laagste telling, naamlik 1, aan die sterk negatiewe kant (Best & Kahn, 1986:181-182).

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat 'n totale telling van 'n respondent verkry kan word wat 'n beeld van sy negatiewe of positiewe reaksie ten opsigte van die navorsingsonderwerp kan verskaf.

Die formulering van die items is aan die hand van die kriteria vir vraagformulering gedoen (kyk par. 4.3.8). Daar is deurgaans gepoog om kort, duidelike vrae te formuleer.

4.4.1.4 Eerste redaksie van die vraelys: motivering van items

Na aanleiding van die motivering vir die bepaalde vraelys (kyk par. 4.4.2.1) en die riglyne en kriterium met betrekking tot die ontwerp van 'n vraelys (kyk par. 4.3.3) is besluit op 'n eerste redaksie.

Die skaal wat gebruik is vir die beantwoording van die vrae, is soos volg:

- 1 = Glad nie
- 2 = Onbevredigend
- 3 = Redelik
- 4 = Ten volle

Om vas te stel in welke mate beroepsvoorligting aan die begaafde leerling in die junior sekondêre skoolfase verwerklik word, is die volgende vrae in die voorlopige vraelys ingesluit:

1. Die mate waarin die begaafde leerling voorgelig is om by wyse van beroepsstudie vas te stel of hy aan die eise voldoen wat gevorderde beroepe aan sy besondere vermoëns stel.
2. Die mate waarin die voorligteronderwyser die leerling begelei het om professionele beroepe van 'n gevorderde aard te oorweeg waarin sy besondere vermoëns ten volle kan ontplooi.
3. Die mate waarin die begaafde leerling voorligting ontvang het om die verband tussen sy besondere verstandsvermoëns en die land se hoëvlakmannekragbehoefte in te sien.
4. Die mate waarin die beroepsvoorligtingsprogram die begaafde kind gehelp het om sy verstandelike vermoëns te ontdek, te begryp en te aanvaar.
5. Die mate waarin die beroepsvoorligtingsprogram die begaafde leerling voorberei het om sy besondere probleemoplossingsvaardighede te ontwikkel en dit toe te pas op sy keuse ten opsigte van vakke en beroepe.
6. Die mate waarin die beroepsvoorligtingsprogram die kind van sy talente bewus gemaak het en die implikasies daarvan vir sy vak- en beroepskeuses.
7. Die mate waarin daar voldoende vakke, vakversamelings en studierigtings bestaan wat uitdagings aan die leerling se besondere kreatiewe vermoëns bied.
8. Die mate waarin die belangrikheid van aanleg benadruk is by beroepsstudie, sodat die begaafde leerling 'n keuse kon maak wat die beste by sy besondere aanleg pas.

9. Die mate waarin die vakke en vlak van vakke 'n uitdaging aan die leerling gebied het om sy besondere begaafdheid te ontwikkel.
10. Die mate waarin die voorligteronderwyser die leerling ondersteun het om insig in sy probleme ten aansien van sy vak- en beroepskeuses te verkry en hierdie probleme sodoende op te los.
11. Die mate waarin die leerling voorgelig is om waarde te heg aan die keuse van vakke en beroepe wat die beste by sy besondere vermoëns pas.
12. Die mate waarin die voorligteronderwyser die begaafde leerling aanvaar het, hom liefde gebied het en sodoende sekuriteit of 'n gevoel van veiligheid gegee het wat hom aangespoor het tot akademiese vakprestasies.
13. Die mate waarin die mediasentrum die leerling die geleentheid gebied het om sy beroepskennis te verryk.
14. Die mate waarin daar vir die leerling geleentheid was om besoeke aan werkgewende instansies te bring waardeur hy sy besondere verstandelike vermoëns kon toets aan die vereistes wat gevorderde beroepe daaraan stel.
15. Die mate waarin die begaafde kind die geleentheid gebied is om met 'n raadgever in die beroepswêreld in aanraking te kom om só sy self- en beroepskennis te verbreed.
16. Die mate waarin daar vir die begaafde leerling geleentheid was om met begaafde persone uit die openbare en privaatsektor tydens hul besoek aan die skool oor hul loopbane te gesels.
17. Die mate waarin die leerling op grond van beroepsinligting soos deur die gasspreker (kyk vraag 16) aan hom verskaf, 'n beroepskeuse kon maak.
18. Die mate waarin die beroepsvoorligtingsprogram die begaafde leerling geleentheid gebied het om die beroepsnavorsingsentrum in die skool te besoek met die oog op beroepstudie.

19. Die mate waarin rekenaarsoektogte die begaafde kind in staat gestel het om beroepstudie te onderneem.
20. Die mate waarin die voorligtingonderwyser die begaafde leerling op die belangrikheid van die bestudering van begaafde beroepsbeoefenaars se biografieë (lewensbeskrywings) gewys het met die oog op die inwin van beroepskennis.
21. Die mate waarin die begaafde leerling hulp van die onderwysadviseur: loopbaanaangeleenthede van die opvoedkundige hulpdiens ontvang het wanneer hy studieprobleme ondervind het.
22. Die mate waarin die onderwysadviseur: loopbaanaangeleenthede van die opvoedkundige hulpdiens die begaafde leerling gehelp het om sy emosionele probleme te hanteer en op te los.
23. Die mate waarin die onderwysadviseur: loopbaanaangeleenthede van die opvoedkundige hulpdiens die begaafde leerling ondersteun het om sy besondere persoonsvermoëns te begryp en te aanvaar ten einde in sy vakke so te kon presteer dat hy vak- en beroepskeuses kon oorweeg wat die beste by sy besondere persoonsvermoëns pas.
24. Die mate waarin die begaafde kind die geleentheid gekry het om vakprestasiëprofile te teken ten einde sy vakprestasies te evalueer met die oog op sy vak- en beroepskeuses.
25. Die mate waarin die voorligtingonderwyser die begaafde gewys het op die belangrikheid van deurlopende beroepstudie wat hom moet steun in sy vak- en beroepskeuses.
26. Die mate waarin die voorligtingonderwyser die begaafde leerling gehelp het om sy individuele, selfstandige aktiwiteite (uitgesonderd sy skoolse prestasies) aan moontlike beroepe te koppel.

27. Die mate waarin daar in die gewone klaskamer vir die begaafde leerling ruimte gelaat is om sy eie program te volg om sodoende sy besondere begaafdheid, kreatiewe vermoëns en belangstellings te ontwikkel.
28. Die mate waarin die begaafde leerling se vakkeuses voorsiening gemaak het dat hy uit 'n groter verskeidenheid vakke (soos 'n ekstra bullemuurse vak) as die ander leerlinge 'n vakkeuse kon maak.
29. Die mate waarin die begaafde leerling die geleentheid gehad het om in 'n vak vinniger te vorder en sodoende sy skoolloopbaan gouer te voltooi.
30. Het die begaafde leerlinge aan u skool 'n skool vir musiek, ballet en kuns besoek?
31. Het u skool se begaafde leerlinge 'n sentrum vir begaafde leerlinge buite u eie skool (uitgesonderd die skool in vraag 30 genoem) besoek?

4.4.1.5 Tweede redaksie van die vraelys

Die vraelys is met die studieleier en advieskomitee bespreek. Nadat enkele wysigings aangebring is, is die tweede redaksie opgestel.

Die tweede redaksie is vir 'n loodsondersoek deur 'n aantal voorligteronderwysers ingevul. Vrae 30 en 31 is na afloop hiervan herformuleer.

Die doel van die loodsondersoek was om misleidende, onduidelike en dubbelsinnige items te identifiseer en uit te skakel. Daar moes voorts bepaal word of die data wat uit die vraelys verkry word, gerekenariseer en geanaliseer kon word.

Die tweede redaksie van die vraelys is met die studieleier bespreek. Slegs enkele tegniese wysigings is hierna nodig geag.

Skriftelike toestemming is van die Buro vir Onderwysnavorsing van die TOD verkry om die vraelys deur Departementshoofde: Opvoedkundige Leiding of voorligteronderwysers te laat invul.

4.4.1.6 Aspekte van die finale vraelys

(i) Breë temas wat deur die vraelys gedek word

Die volgende sake word met behulp van die vraelys ondersoek:

- * In welke mate die begaafde leerling deur middel van die beroepsvoortligtingsprogram voorgelig en gesteun word ten opsigte van sy
 - intelligensie (kyk vrae 1 tot 5);
 - talentvolheid (kyk vraag 6);
 - kreatiwiteit (kyk vraag 7);
 - aanleg (kyk vraag 8);
 - besondere behoeftes (kyk vrae 9 tot 12).
- * Die verskillende metodes wat toegepas word om die beroepsvoortligtingsprogram te verryk, waaronder
 - die mediasentrum (kyk vraag 13);
 - beroepsinligtingsbesoeke (kyk vraag 14);
 - die mentor (kyk vraag 15);
 - beroepsinligtingspraatjies (kyk vrae 16 tot 17);
 - die beroepsnavorsingsentrum (kyk vraag 18);
 - die rekenaar (kyk vraag 19);

- biografieë van begaafde beroepslui (kyk vraag 20);
- skakeling met die beroepsvoorligter van die opvoedkundige hulpdiens (kyk vrae 21 tot 23).
- * 'n Oorsig oor die bestaande beroepsvoorligtingsprogram in Transvaal om vas te stel in welke mate vir die begaafde leerling voorsiening gemaak word ten aansien van
 - die evaluering van sy vakprestasies (kyk vraag 24);
 - beroepstudie (kyk vraag 25);
 - skakeling met die voorligteronderwyser in verband met die koppeling van selfstandige aktiwiteite aan beroepe (kyk vraag 26);
 - programverryking in die klaskamer (kyk vrae 27 tot 29);
 - besoeke aan buitekurrikulêre sentra (kyk vrae 30 tot 31).

(ii) Lengte van die vraelys

Die vraelys is beperk tot die minimum aantal vrae wat terselfdertyd die nodige inligting moes bekom.

Die vraelys bestaan uit 31 items (kyk Bylae 3).

(iii) Anonimiteit van die vraelys

Respondente het die versekering ontvang dat hul response slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik sal word en dus as streng vertroulik behandel sal word.

(iv) Voorkoms van die vraelys

Die volgende gegewens verskyn op die voorblad:

- * Aan wie die vraelys gerig word.
- * Die doel van die ondersoek.
- * Die vertroulikheid van die inligting.
- * Aanwysings met betrekking tot die invul van die vraelys.
- * 'n Voorbeeld.

Die res van die vraelys, dit is die blokkies vir beantwoording, die karakternommers vir die rekenaar, die tikwerk ensovoort, is gedoen volgens die kriteria van Cohen & Manion (1980:85 en Borg & Gall, 1979:298).

4.4.1.7 Begeleidende brief

In die begeleidende brief (Bylae 1) is die doel van die vraelys omskryf sowel as dat toestemming van die Direkteur van Onderwys ontvang is om die vraelys aan 'n aantal skole te stuur (Bylae 2).

Die vertroulike hantering van die vraelys het vervolgens aandag geniet. Die vraelys is aan die betrokke skole op 90/01/20 gepos vir die invul daarvan deur die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding of voorligter-onderwysers. Die terugsendingsdatum is op 90/02/14 gestel.

4.4.1.8 Terugontvangste

Vraelyste is aan $N = 171$ departementshoofde vir opvoedkundige leiding by Afrikaanse en dubbelmedium sekondêre skole van die Transvaalse Onderwysdepartement gestuur. Een-honderd-en-elf (64,9%) vraelyste is tot op en met die keurdatum terug ontvang waarvan vyftien nie ingevul was nie,

sodat die ontledings berus op die antwoorde van ses en negentig (96) dit wil sê 56,1% van die totale aantal vraelyse uitgestuur.

Geen opvolgbrief is aan die hoofde gestuur nie aangesien daar van die veronderstelling uitgegaan is dat die inligting wat uit dié terugsendings verkry sou word, nie 'n getroue refleksie van hoofde of departementshoofde vir opvoedkundige leiding se opvattinge aangaande beroepsvoortligting aan be- gaafde leerlinge in die junior sekondêre fase en die wyse van implementering van die program sou weergee nie. Daar is verwag dat van sommige skole geen reaksie sou wees nie.

4.4.1.9 Verwerking van die vraelysantwoorde

Die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO was behulpzaam met die statistiese verwerkings. Frekwensies en persentasies is met behulp van die SAS-rekenaarprogram bepaal.

4.5 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk is gewy aan 'n empiriese ondersoek. Ten aanvang is na die doel van die ondersoek gekyk, waarna enkele ondersoekmetodes en die keuse van 'n ondersoekmiddel van naderby beskou is. Die vraelys as 'n empiriese navorsingsmetode het vervolgens aandag geniet. Die populasie en keuse van proefpersone is bespreek, waarna op die vraelys gefokus is. Ten slotte is aandag aan die begeleidende brief, die terugontvangste en die verwerking van die vraelysantwoorde gegee.

In hoofstuk 5 sal 'n ontleding en bespreking van die vraelysantwoorde onder die soeklig geplaas word.

HOOFSTUK 5

VRAELYS AAN DEPARTEMENTSHOOFDE: OPVOEDKUNDIGE LEIDING VAN SEKONDÊRE SKOLE: AANBIEDING EN ONTLEDING VAN DIE VRAELYSANTWOORDE.

5.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word ten aanvang die vraelysantwoorde bespreek. Daarna word enkele gevolgtrekkings gemaak. Vraelysantwoorde sal met betrekking tot die volgende sake chronologies aangebied, ontleed en bespreek word:

- (i) In welke mate die begaafde leerling deur middel van die beroepsvoorligtingsprogram voorgelig en gesteun word ten opsigte van sy intelligensie, talentvolheid, kreatiwiteit, aanleg en besondere behoeftes.
- (ii) Die verskillende metodes wat toegepas word om die beroepsvoorligtingsprogram te verryk, waaronder die mediasentrum, beroepsinligtingsbesoeke, die mentor, beroepsinligtingspraatjies, die beroepsnavorsingsentrum, die rekenaar, biografieë van begaafde beroepslui en skakeling met die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede van die Opvoedkundige Hulpdiens.
- (iii) 'n Oorsig oor die bestaande beroepsvoorligtingsprogram in Transvaal om vas te stel in welke mate vir die begaafde leerling voorsiening gemaak word ten aansien van onder andere die evaluering van sy vakprestasies, beroepstudie, skakeling met die voorligteronderwyser, die koppeling van die leerling se selfstandige aktiwiteite aan beroepe, programverryking in die klaskamer en besoeke aan buite-kurrikulêre sentra.

5.2 INTELLIGENSIE

In hierdie paragraaf word die antwoorde op vrae 1 tot 5 aangebied en verolk.

5.2.1 Vraag 1

Vraag 1 in die vraelys wil respondente se mening bepaal oor die mate waarin die beroepsvoortligtingsprogram die leerling voorberei en ondersteun om by wyse van beroepsstudie vas te stel of hy aan die eise voldoen wat gevorderde beroepe aan sy besondere vermoëns stel.

Vraag 1: "Dul aan in watter mate die begaafde leerling voorgelg is om by wyse van beroepsstudie vas te stel of hy aan die eise voldoen wat gevorderde beroepe aan sy besondere vermoëns stel." (Bylaag 3, Vraag 1) Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.1 aangedul.

Tabel 5.1

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	3	3,1	3	3,1
Onbevredigend	14	14,6	17	17,7
Redelik	45	46,9	62	64,6
Ten volle	30	31,3	92	95,8
Geen antwoord	4	4,2	96	100,0

5.2.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

In 17,7% (17 uit 96) skole maak die skoolvoorligtingsprogram glad nie of onbevredigend vir die onderhawige aspek voorsiening. Dié feit dat so 'n groot persentasie van die respondente meen dat die begaafde leerling se beroepsstudie redelik is, kan moontlik toegeskryf word aan die feit dat die beroepsvoorligtingsprogram nie genoegsaam vir hierdie aspek voorsiening maak nie. Redelik dui op neutraliteit; dit gaan nie sleg nie, maar ook nie goed nie. Vir departementshoofde kan dit in baie gevalle 'n populêre keuse vir 'n antwoord wees hierdie. Die onderwyser is dus versigtig om kant te kies, en kies dus redelik as antwoord. Volgens 31,3% (30 uit 96) respondente word die minderheid begaafde leerlinge ten volle by beroepsstudie betrek. Die afdeling kan gemaak word dat daar slegs 'n paar skole in Transvaal is wat behoorlik vir hierdie aspek voorsiening maak.

5.2.2 Vraag 2

Vraag 2 se doel was om vas te stel of die begaafde leerling die geleentheid het om professionele beroepe van 'n gevorderde aard te oorweeg waarin sy besondere vermoëns ten volle kan ontplooi.

Vraag 2: "Dui aan in watter mate u die begaafde leerling begelei om professionele beroepe van 'n gevorderde aard, waarin sy besondere vermoëns ten volle kan ontplooi, te oorweeg." (Bylaag 3, Vraag 2) Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.2 aangedui.

Tabel 5.2

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	1	1,1	1	1,1
Onbevredigend	12	12,5	13	13,5
Redelik	36	37,5	49	51,0
Ten volle	43	44,8	92	95,8
Geen antwoord	4	4,2	96	100,0

5.2.2.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

Volgens 51,0% (49 uit 96) respondente word die begaafde leerling redelik, onbevredigend of glad nie die geleentheid gebied om professionele beroepe te oorweeg nie, terwyl bykans die helfte, naamlik 44,8% (43 uit 96), aangeleen het dat in skole ten volle hieraan uitvoering gegee word. As die vorige opmerking oor redelik (kyk par. 5.2.1.1) in ag geneem word, blyk dit dat ten opsigte van hierdie saak talle skole rede tot kommer het wat hierdie aangeleentheid betref.

5.2.3 Vraag 3

Met vraag 3 moes vasgestel word in watter mate die begaafde leerling voorligting ontvang om die verband tussen sy besondere verstandsv vermoëns en die land se hoëvlak-mannekragbehoefte in te sien (Bylaag 3, Vraag 3). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.3 aangedui.

Vraag 3: "Dui aan in watter mate die begaafde leerling voorligting ontvang om die verband tussen sy besondere verstandsv vermoëns en die land se hoëvlak-mannekragbehoefte in te sien".

Tabel 5.3

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	3	3,1	3	3,1
Onbevredigend	20	21,8	23	24,0
Redelik	44	45,8	67	69,8
Ten volle	25	26,0	92	95,8
Geen antwoord	4	4,2	96	100,0

5.2.3.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

Volgens die antwoorde in Tabel 5.3 kom dié aspek in 24,0% (23 uit 96) skole nie tot sy reg nie. Na aanleiding van die 45,8% (44 uit 96) respondente wat aangedui het dat daar wel redelik uitvoering hieraan gegee word, is die vraag of dit in die skole werklik so goed daaraan toegaan. Dit is slegs 'n aanname hierdie. As egter in ag geneem word dat slegs 26,0% (25 uit 96) respondente aangeleen het dat daar ten volle hieraan uitvoering gegee word, kan tot die gevolgtrekking gekom word dat hierdie aspek van die begaafde kind se beroepsopvoeding baie ruimte vir verbetering bied en meer aandag behoort te geniet.

5.2.4 Vraag 4

Vraag 4 is daarop gemik om die begaafde leerling te steun om sy selfkennis ten aansien van sy verstandelike vermoëns te evalueer (Bylaag 3, Vraag 4). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 4.2 aangedui.

Vraag 4 "Dui aan in watter mate die beroepsvoorligtingsprogram die begaafde leerling help om sy verstandelike vermoëns te ontdek, te begryp en te aanvaar".

Tabel 5.4

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	4	4,2	4	4,2
Onbevredigend	23	24,0	27	28,1
Redelik	33	34,4	60	62,5
Ten volle	32	33,3	92	95,8
Geen antwoord	4	4,2	96	100,0

5.2.4.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

33,3% (32 uit 96) respondente het aangeloop dat net 'n geringe aantal begaafde leerlinge ten volle by hierdie aspek van die program betrek word. Volgens 34,4% (33 uit 96) respondente word daar by die meeste skole slegs redelik aan hierdie saak aandag geskenk, wat daarop dui dat by die meeste skole minstens 'n poging aangewend word om hierdie aspek van die begaafde se beroepsopvoeding te behartig. Ongelukkig is dit ook waar, aldus die vraelysantwoorde, dat die beroepsvoorligtingsprogram in 28,1% (27 uit 96) skole glad nie of onbevredigend in die ontdekking van die begaafde leerling se verstandelike vermoëns voorsien.

5.2.5 Vraag 5

Vraag 5 is in die vraelys ingesluit om vas te stel in welke mate die begaafde leerling voorligting ontvang om sy besondere probleemoplossingsvaardighede te ontwikkel en dit toe te pas in sy vak- en beroepskeuses (Bylaag 3, Vraag 5). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.5 aangebied.

Vraag 5: "Dui aan in watter mate die beroepsvoorligtingsprogram die begaafde leerling voorberei om sy besondere probleemoplossingsvaardighede te ontwikkel en dit toe te pas wanneer hy keuses in verband met vakke en beroepe moet uitoefen".

Tabel 5.5

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	1	1,0	1	1,0
Onbevredigend	26	27,1	72	28,1
Redelik	45	46,9	72	75,0
Ten volle	20	20,8	92	95,8
Geen antwoord	4	4,2	96	100,0

5.2.5.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

Volgens 46,9% (45 uit 96) van die respondente kom hierdie aspek van die program redelik tot sy reg. Daar is egter 'n hele aantal respondente (27,1%, dit is 26 uit 96) wat hierdie aspek van die program as onbevredigend ervaar, terwyl dit blyk dat slegs 'n klein aantal begaafde leerlinge volgens 20,8% (20 uit 96) respondente hierdie deel van die begaafde leerling se beroepsopvoeding ten volle benut. Dit lyk dus of daar bepaalde leemtes in die beroepsvoorligtingsprogram voorkom.

5.3 TALENTVOLHEID

In hierdie vraag word die antwoorde op vraag 6 aangebied en vertolk.

5.3.1 Vraag 6

Met vraag 6 moes daar by respondente vasgestel word in watter mate die be-
gaafde leerling voorgelig word oor die belangrikheid van sy talente en die
implikasies daarvan vir sy vak- en beroepskeuses (Bylaag 3, Vraag 6). Ant-
woorde op hierdie vraag word in Tabel 5.6 aangedui.

Vraag 6 "Dui aan in watter mate die beroepsvoorligingsprogram die begaafde
leerling bewus maak van sy talente en die implikasies daarvan vir sy vak- en
beroepskeuses".

Tabel 5.6

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	0	0	0	0
Onbevredigend	18	18,8	18	18,8
Redelik	37	38,5	55	57,3
Ten volle	39	40,6	94	97,9
Geen antwoord	2	2,1	96	100,0

5.3.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

Uit die antwoorde van die oorgrote meerderheid respondente, naamlik 57,3%
(55 uit 96), blyk dit dat dié deel van die program glad nie, onbevredigend of
slegs redelik tot sy reg kom. Daar is dus veel ruimte vir verbetering van die
bestaande program, veral as in aanmerking geneem word dat slegs by 40,6%
(39 uit 96) skole die begaafde kind ten volle aangaande sy talente en die
implikasies daarvan vir sy keusmaking voorgelig word.

5.4 KREATIWITEIT

In hierdie vraag word die antwoorde op vraag 7 aangebied en vertolk.

5.4.1 Vraag 7

Vraag 7 is in die vraelys ingesluit om vas te stel of daar voldoende onderwysgeleenthede vir die begaafde leerling bestaan wat uitdagings aan sy besondere kreatiewe vermoëns bied (Bylaag 3, Vraag 7). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.7 voorgestel.

Vraag 7: "Dui aan in watter mate daar voldoende vakke, vakversamelings en studierigtings bestaan wat uitdagings aan die leerling se besondere kreatiewe vermoëns bied".

Tabel 5.7

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	6	6,3	6	6,3
Onbevredigend	19	19,8	25	26,0
Redelik	36	37,5	61	63,5
Ten volle	33	34,4	94	97,9
Geen antwoord	2	2,1	96	100,0

5.4.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

Volgens 34,4% (33 uit 96) respondente maak die beroepsvoorligtingsprogram ten volle vir vakke, vakversamelings en studierigtings voorsiening wat uitdagings aan die leerling se kreatiewe vermoëns bied. In ietwat meer, 37,5%

(36 uit 96) skole, gaan dit redelik wat hierdie aspek betref. Dit is egter kommerwekkend dat dit in 26,0% (25 uit 96) skole nie tot sy reg kom nie. Die aanname kan ook gemaak word dat selfs meer skole nie oor voldoende vakke, vakversamelings en studierigtings beskik om in die begaafde se behoeftes te voorsien nie.

5.5 AANLEG

In hierdie paragraaf word die antwoorde op Vraag 8 aangebied en vertolk.

5.5.1 Vraag 8

Met vraag 8 in die vraelys wou daar bepaal word in welke mate die belangrikheid van aanleg benadruk word by beroepstudie sodat die begaafde leerling 'n keuse kan uitoefen wat die beste by sy besondere aanleg pas (Bylaag 3, Vraag 8). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.8 weergegee.

Vraag 8: "Dui aan in watter mate die belangrikheid van aanleg benadruk word by beroepstudie sodat die begaafde leerling 'n keuse kan uitoefen wat die beste by sy besondere aanleg pas."

Tabel 5.8

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	1	1,0	1	1,0
Onbevredigend	8	8,3	9	9,4
Redelik	41	42,7	50	52,0
Ten volle	44	45,8	94	97,9
Geen antwoord	2	2,1	96	100,0

5.5.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat dit een aspek is hierdie waar-
aan daar in die oorgrote meerderheid skole ten volle uitvoering gegee word.
Volgens die respondente is dit egter nie die geval nie. Minder as die helfte,
nl. 45,8% (44 uit 96) respondente, het aangetoon dat dit redelik gaan met be-
trekking tot die mate waarin die belangrikheid van aanleg benadruk word by
beroepstudie van begaafde leerlinge. Dit dui nie op 'n Ideale situasie nie; daar
is dus veel ruimte vir verbetering.

5.6 BESONDERE BEHOEFTE

In hierdie paragraaf word die antwoorde op vrae 9 tot 12 aangebied en vertolk.

5.6.1 Vraag 9

Vraag 9 is in die vraelys ingesluit om vas te stel in watter mate die begaafde
leerling bewus gemaak word van die vakke en vlak van vakke as 'n uitdaging
om sy besondere begaafdheid te ontwikkel (Bylaag 3, Vraag 9). Antwoorde op
hierdie vraag word in Tabel 5.9 van naderby beskou.

Vraag 9 "Dul aan in watter mate die vakke en vlak van vakke 'n uitdaging aan
die leerling bied om sy besondere begaafdheid te ontwikkel".

Tabel 5.9

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	1	1,0	1	1,0
Onbevredigend	10	10,4	11	11,5
Redelik	27	28,1	38	39,6
Ten volle	56	58,3	94	97,9
Geen antwoord	2	2,1	96	100,0

5.6.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

Soos in die geval van vraag 8 (vgl. par. 5.5.1) is daar geanaliseer dat in die oorgrote meerderheid skole ten volle uitvoering aan hierdie aspek gegee word. Ofskoon 'n groot aantal respondente (58,3%, 56 uit 96) aangetoon het dat die vakke en vlak van vakke 'n uitdaging aan die begaafde leerling bied om sy besondere begaafdheid te ontwikkel, realiseer dié aspek in baie skole (dit wil sê 39,6%) nog nie na wense nie.

5.6.2 Vraag 10

Hierdie vraag is bedoel om vas te stel in watter mate die begaafde leerling ondersteun word om insig in sy probleme in verband met sy vak- en beroepskeuses te verkry en hierdie probleme sodoende op te los (Bylaag 3, Vraag 10). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.10 ontleed.

Vraag 10: "Dui aan in watter mate u die begaafde leerling ondersteun om insig in sy probleme in verband met sy vak- en beroepskeuses te verkry en hierdie probleme sodoende op te los".

Tabel 5.10

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	1	1,0	1	1,0
Onbevredigend	8	8,3	9	9,4
Redelik	35	36,5	44	45,8
Ten volle	50	52,1	94	97,9
Geen antwoord	2	2,1	96	100,0

5.6.2.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

In meer as die helfte, naamlik 52,0% (50 uit 96) skole, word daar volgens die respondente ten volle aan hierdie doelstelling uitvoering gegee. Aangesien "redelik" nie op 'n ideale toedrag van sake dui nie, kan die afdeling gemaak word dat begaafde leerlinge in bykans die helfte van die skole (45,8%, 44 uit 96) nie behoorlik ten opsigte van hierdie aspek ondersteun word nie. Daar is dus wel ruimte vir verbetering met betrekking tot dié aspek van die begaafde leerling se beroepsvoorligting.

5.6.3 Vraag 11

Met hierdie vraag moes respondente aandui in welke mate die begaafde leerling voorgelig word om waarde te heg aan die keuse van vakke en beroepe wat die beste by sy besondere vermoë pas (Bylaag 3. Vraag 11) Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.11 aangedui.

Vraag 11: "Dui aan in watter mate die begaafde leerling voorgelig is om waarde te heg aan die keuse van vakke en beroepe wat die beste by sy besondere vermoë pas".

Tabel 5.11

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	1	1,0	1	1,0
Onbevredigend	3	3,1	4	4,2
Redelik	30	31,1	34	35,4
Ten volle	58	60,4	92	95,8
Geen antwoord	4	4,2	96	100,0

5.6.3.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

60,4% (58 uit 96) en 31,1% (30 uit 96) respondente het aangetoon dat die voorligtingsprogram onderskeidelik ten volle en redelik slaag om die begaafde leerling bewus te maak van die belangrikheid van vakke en heroepe wat die beste by sy vermoëns pas. Daar is dus nog ruimte vir 'n doelbewuste poging om nog meer begaafdes by hierdie aspek van hul beroepsvoorligting te betrek.

5.6.4 Vraag 12

Met vraag 12 in die vraelys wou daar by die ondersoekgroep bepaal word in watter mate daar in die begaafde se emosionele behoeftes voorsien word (Bylaag 3, Vraag 12). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.12 bespreek.

Vraag 12: "Dui aan in watter mate u die begaafde leerling aanvaar, hom liefde bied en sodoende sekuriteit of 'n gevoel van veiligheid gee, wat hom aanspoor tot akademiese vakprestasies".

Tabel 5.12

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	3	3,1	3	3,1
Onbevredigend	4	4,2	7	7,3
Redelik	34	35,4	41	42,7
Ten volle	54	56,3	95	99,0
Geen antwoord	1	1,0	96	100,0

5.6.4.1 Ontleding en vertolkning van antwoorde

Die afdeling kan gemaak word dat die meeste respondente die sekuriteit en veiligheid van die begaafde leerling as baie belangrik beskou. Die feit dat 35,4% van mening is dat hierdie baie belangrike saak slegs redelik tot sy reg kom, is 'n aanduiding dat daar 'n aantal begaafdes is wat nie hierdie steun geniet nie. Die feit dat hierdie aspek in 'n aantal skole onbevredigend is of glad nie tot sy reg kom nie, laat die vraag ontstaan waarom dit wel die geval is. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat die kommunikasie tussen begaafdes en onderwysers nie altyd na wense nie.

5.7 DIE MEDIASENTRUM

In hierdie paragraaf word die antwoorde op vraag 13 aangebied en vertolk.

5.7.1 Vraag 13

Met vraag 13 is gepoog om vas te stel in watter mate die mediasentrum ingespan word om die begaafde leerling se beroepskennis te verryk (Bylaag 3, Vraag 13). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.13 aangedui.

Vraag 13: "Dui aan in welke mate die mediasentrum die begaafde leerling die geleentheid bied om sy beroepskennis te verryk".

Tabel 5.13

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	2	2,1	2	2,1
Onbevredigend	24	25,0	26	27,1
Redelik	36	37,5	62	64,6
Ten volle	29	30,2	91	94,8
Geen antwoord	5	5,2	96	100,0

5.7.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

Van die respondente het 37,5% (36 uit 96) laat blyk dat die mediasentrum slegs redelik benut word om die begaafde te help om sy beroepskennis te verryk, en 30,2% (29 uit 96) het te kenne gegee dat die mediasentrum die leerling ten volle van die belangrikheid van beroepskennis bewus maak. As die persentasieverspreiding per antwoord in Tabel 5.13 ontleed word, kan die afleiding gemaak word dat dit 'n aspek is hierdie wat nog baie aandag verdien. Of die mediasentrum personeel met hierdie taak vertrouwd is, is nie in hierdie ondersoek bepaal nie.

5.8 BEROEPSINLIGTINGSBESOEKE

In hierdie paragraaf word die antwoorde op vraag 14 aangebied en vertolk.

5.8.1 Vraag 14

Deur middel van hierdie vraag is gepoog om vas te stel in welke mate die begaafde leerling die geleentheid gebied word om werkgewende instansies te besoek om sodoende sy besondere verstandelike vermoëns te toets aan die vereistes wat gevorderde beroepe daaraan stel (Bylaag 3, Vraag 14). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.14 aangetoon.

Vraag 14 "Dui aan in watter mate daar vir die begaafde leerling geleentheid is om werkgewende instansies te besoek sodat hy sy besondere verstandelike vermoëns kan toets aan die vereistes wat gevorderde beroepe daaraan stel".

Tabel 5.14

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	7	7,3	7	7,3
Onbevredigend	29	30,2	36	37,5
Redelik	40	41,7	76	79,2
Ten volle	16	16,7	92	95,8
Geen antwoord	4	4,2	96	100,0

5.8.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

'n Analise van die antwoorde in Tabel 5.14 toon dat baie mini begaafdes (16,7%, 16 uit 96) geleentheid kry om werkgewende instansies te besoek. In 30,2% (29 uit 96) en 7,3% (7 uit 96) skole word daar byvoorbeeld glad nie of op onbevredigende wyse hieraan aandag gegee.

Faktore wat tot voorgenoemde ongelukkige toedrag van sake kan hydra, is onder meer:

- Lang afstande (plattelandse skole) en die koste daaraan verbonde.
- Die skool se eie interne beleid.
- Skole wat hierdie saak nie werklik so belangrik ag nie.

Bogenoemde is slegs aannames en is nie in die praktyk getoets nie.

5.9 DIE MENTOR

In hierdie paragraaf word die antwoorde op vraag 15 aangebied en vertolk.

5.9.1 Vraag 15

Deur middel van hierdie vraag wou bepaal word of die begaafde leerling met raadgevers in die beroepswêreld in aanraking kom ten einde sy self- en beroepskennis te verbreed (Bylaag 3, Vraag 15). Die antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.15 weergegee.

Vraag 15: "Dui aan in watter mate die begaafde leerling die geleentheid gebied word om met 'n raadgewer in die beroepswêreld in aanraking te kom om sý self- en beroepskennis te verbreed".

Tabel 5.15

	Frekwensie	Prosentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Prosentasie
Glad nie	5	5,2	5	5,2
Onbevredigend	22	22,9	27	28,1
Redelik	39	40,6	66	68,8
Ten volle	26	27,1	92	95,8
Geen antwoord	4	4,2	96	100,0

5.9.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

As "ten volle" by elke vraag as die ideale kriterium geneem word, is daar ten opsigte van hierdie aspek rede tot kommer. In net meer as 'n kwart van die skole, naamlik 27,1% (26 uit 96), kry begaafde leerlinge ten volle geleentheid om met 'n raadgever in die beroepswêreld in aanraking te kom. Sou dieselfde toedrag van sake ten opsigte van vraag 14 ook hier geld? Die geldigheid hiervan kon ongelukkig nie in hierdie ondersoek getoets word nie. Dié moontlikheid mag egter nie buite rekening gelaat word nie.

5.10 BEROEPSINLICHTINGS-PRAATJIES

In hierdie paragraaf word die antwoorde op vrae 16 tot 17 aangebied en vertolk.

5.10.1 Vraag 16

Met vraag 16 in die vraelys moes daar vasgestel word in welke mate daar vir die begaafde leerling geleentheid is om met begaafde persone uit die openbare en private sektor tydens hul besoek aan die skool oor hul loopbane te gesels (Bylaag 3, Vraag 16). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.16 aangedui.

Vraag 16: "Dui aan in watter mate daar vir die leerling geleentheid is om met begaafde persone uit die openbare en private sektor tydens hul besoek aan die skool te gesels"

Tabel 5.16

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	19	19,8	19	19,8
Onbevredigend	32	33,3	51	53,1
Redelik	23	24,0	74	77,1
Ten volle	20	20,8	94	97,9
Geen antwoord	2	2,1	96	100,0

5.10.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

Van al die respondente het 24,0% (23 uit 96) aangedui dat redelik aan dié besondere aspek uitvoering gegee word, terwyl dit in 33,3% (32 uit 96) skole onbevredigend is of glad nie tot sy reg kom nie. Die afleiding kan gemaak word dat die beroepsvoorligtingsprogram nie vir die begaafde leerling voorsiening maak om met begaafde persone uit die beroepswêreld kennis te maak nie (vgl. vraag 15, paragraaf 5.9.1). Die sienswyse van die respondente dat hierdie geleenthede slegs redelik maar ook onbevredigend is, dui daarop dat in hierdie verband veel ruimte vir verbetering is.

5.10.2 Vraag 17

Deur middel van hierdie vraag is bepaal in welke mate die begaafde leerling 'n beroepskeuse kan uitoefen op grond van beroepsinligting wat begaafde

persone uit die beroepswêreld aan hom verskaf (Bylaag 3, Vraag 17). Die antwoorde op hierdie vraag word deur Tabel 5.17 aangedui.

Vraag 17: "Dui aan in watter mate die begaafde leerling op grond van beroepsinligting soos deur die gasspreker (kyk Vraag 16) aan hom verskaf, 'n beroepskeuse kan uitoefen".

Tabel 5.17

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	16	16,7	16	16,7
Onbevredigend	32	33,3	48	50,0
Redelik	29	30,2	77	80,2
Ten volle	16	16,7	93	96,9
Geen antwoord	3	3,1	96	100,0

5.10.2.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

Volgens die respondente se antwoorde word daar slegs in 16,7% (16 uit 96) skole ten volle aan hierdie aspek aandag gegee. In 50,0% (48 uit 96) skole is die situasie onbevredigend of word daar glad nie vir begaafde leerlinge geleentheid gebied om 'n beroepskeuse te maak na aanleiding van beroepsvoortligting wat hy van begaafde persone uit die beroepswêreld ontvang het nie. Dit blyk dus dat skakeling met instansies en persone in die privaatsektor nie na wense is nie (vgl. vrae 14, 15 en 16).

5.11 DIE BEROEPSNAVORSINGSENTRUM

In hierdie paragraaf word die antwoorde op vraag 18 aangebied en vertolk.

5.11.1 Vraag 18

By hierdie vraag moes respondente 'n aanduiding gee in welke mate die be-
gaafde leerling die beroepsnavorsingsentrum van die skool besoek met die
oog op beroepstudie (Bylaag 3, Vraag 18). Die antwoorde word in Tabel 5.18
voorgestel.

Vraag 18 "Dul aan in watter mate die beroepvoortligtingsprogram die leerling
die geleentheid bied om die beroepsnavorsingsentrum in die skool te besoek
met die oog op beroepstudie".

Tabel 5.18

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	4	4,2	4	4,2
Onbevredigend	10	10,4	14	14,6
Redelik	40	41,7	54	56,3
Ten volle	39	40,6	93	96,9
Geen antwoord	3	3,1	96	100

5.11.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

Volgens die respondente se antwoorde word daar in 40,6% (39 uit 96) skole
behoorlik aan hierdie aspek aandag gegee, terwyl dit in 41,7% (40 uit 96) skole
redelik daaraan toegaan.

Eensyds kan die aanname gemaak word dat in soverre dit hierdie aspek betref, dit goed gaan in skole. Andersyds is daar ook rede tot kommer as daar in aanmerking geneem word dat in 14,6% (14 uit 96) skole dié aspek nie tot sy reg kom nie.

5.12 DIE REKENAAR

In hierdie paragraaf word die antwoorde op vraag 19 aangebied en vertolk.

5.12.1 Vraag 19

Hierdie vraag moes bepaal in welke mate die begaafde leerling vir sy beroepstudie 'n rekenaar tot sy beskikking het (Bylaag 3, Vraag 19). Die antwoorde word in Tabel 5.19 weergegee.

Vraag 19: "Dui aan in watter mate rekenaarsoektogte die begaafde in staat stel om beroepstudie te onderneem".

Tabel 5.19

	Frekwensie	Prosentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Prosentasie
Glad nie	52	54,2	52	54,2
Onbevredigend	27	28,1	79	82,3
Redelik	8	8,3	87	90,6
Ten volle	5	5,2	92	95,8
Geen antwoord	4	4,2	96	100,0

5.12.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

Uit Tabel 5.19 blyk dat dit 'n terrein is hierdie wat nog braak lê om ontgin te word.

Na aanleiding van die groot persentasie respondente (54,2%) wat negatief gereageer het, kan die afleiding gemaak word dat by die meeste skole in Transvaal geen rekenaarfasiilteite tot beskikking van die begaafde leerling is nie.

5.13 BIOGRAFIEË VAN BEGAAFDE BEROEPSLUI

In hierdie paragraaf word die antwoorde op vraag 20 aangebied en vertolk.

5.13.1 Vraag 20

Hierdie vraag het ten doel gehad om vas te stel of die begaafde leerling begaafde beroepsbeoefenaars se biografieë bestudeer met die oog op die inwin van beroepskennis (Bylaag 3, Vraag 20). Die antwoorde word in Tabel 5.20 ontleed.

Vraag 20: "Dui aan in watter mate u die begaafde kind wys op die belangrikheid van die bestudering van begaafde beroepsbeoefenaars se biografieë (lewensbeskrywings) met die oog op die inwin van beroepskennis".

Tabel 5.20

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	27	28,1	27	28,1
Onbevredigend	39	40,6	66	68,8
Redelik	25	26,0	91	94,8
Ten volle	3	3,1	94	97,9
Geen antwoord	2	2,1	96	100,0

5.13.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

Soos in die geval by vraag 19 (vgl. par. 5.12.1.1) is dit 'n aspek hierdie waar-aan bykans geen aandag in skole gegee word nie. Slegs 26,0% (25 uit 96) respondente het aangetoon dat daar tog in 'n redelike mate daarin geslaag word om daaraan uitvoering te gee. Daar kan ellike redes vir dié toedrag van sake aangevoer word. Die waarskynlikste is dat departementshoofde nie bewus is van die belangrike bydrae wat die bestudering van begaafde beroepsbeoefenaars se biografieë vir die begaafde kind se beroepskennis in-hou nie.

5.14 SKAKELING MET DIE ONDERWYSADVISEUR:**LOOPBAANAANGELEENTHEDE VAN DIE OPVOEDKUNDIGE HULPDIENS.**

In hierdie paragraaf word die antwoorde op vrae 21 tot 23 ontleed en vertolk.

5.14.1 Vraag 21

Met hierdie vraag moes respondente aandui in welke mate die begaafde leer-ling hulp van die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleentheide van die Op-voedkundige Hulpdiens ontvang wanneer hy studieprobleme ondervind

(Bylaag 3, Vraag 21). Die antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.21 bespreek.

Vraag 21: "Dui aan in watter mate die begaafde leerling hulp van die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede van die Opvoedkundige Hulpdiens ontvang wanneer hy studieprobleme ondervind".

Tabel 5.21

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	2	2,1	2	2,1
Onbevredigend	11	11,5	13	13,5
Redelik	34	35,4	47	49,0
Ten volle	45	46,9	92	95,8
Geen antwoord	4	4,2	96	100,0

5.14.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

Daar is van die veronderstelling uitgegaan dat skole behoorlik van die diens van die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede gebruik maak ten aansien van hulp aan begaafde leerlinge wat studieprobleme ondervind. Volgens die respondente se antwoorde kom hierdie aspek dan ook in 47,9% (45 uit 96) skole ten volle tot sy reg. In 35,4% (34 uit 96) skole gaan dit redelik daaraan toe, terwyl sodanige hulp aan begaafdes in 13,5% (13 uit 96) skole nie na wense is nie.

5.14.2 Vraag 22

Hierdie vraag was daarop gemik om vas te stel in welke mate die begaafde leerling hulp van die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede ontvang in die oplossing van sy emosionele probleme met die oog op keuse-uitoefening (Bylaag 3, Vraag 22). Die antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.22 weergegee.

Vraag 22: "Dui aan in welke mate die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede van die Opvoedkundige Hulpdiens die begaafde leerling help om sy emosionele probleme te hanteer en op te los om sodoende 'n vak- en beroepskeuse uit te oefen".

Tabel 5.22

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	5	5,2	5	5,2
Onbevredigend	16	16,7	21	21,9
Redelik	35	36,5	56	58,3
Ten volle	37	38,5	93	96,9
Geen antwoord	3	3,1	96	100,0

5.14.2.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

Soos ten opsigte van vraag 21 (vgl. par. 5.14.1.1) is gemeen dat die skool swaar op die dienste van die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede steun om die begaafde met sy emosionele probleme te help en op te los. Volgens die vraelysantwoorde is 38,5% (37 uit 96) skole ten volle vir hierdie hulp op die Onderwysadviseur aangewese. 36,8% (35 uit 96) skole maak redelik

daarvan gebruik, en 21,9% (21 uit 96) skole maak glad nie of onbevredigend daarvan gebruik. 'n Moontlike verklaring hiervoor is dat die betrokke skoolpersoneel self probeer om die begaafde te ondersteun of die hulp van die Onderwysadviseur word nie as noodsaaklik beskou nie. Hoe dit ook al sy, dié aspek verdien aandag.

5.14.3 Vraag 23

Met vraag 23 in die vraelys wou daar by respondente bepaal word in welke mate die begaafde leerling deur die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede ondersteun word om sy besondere persoonsvermoëns te begryp en te aanvaar ten einde in sy vakke só te kan presteer dat hy vak- en beroepskeuses kan oorweeg wat die beste by sy persoonsvermoëns pas (Bylaag 3, Vraag 23). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.23 ontleed.

Vraag 23: "Dui aan in watter mate die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede van die Opvoedkundige Hulpdiens die begaafde kind ondersteun om sy besondere persoonsvermoëns te begryp en te aanvaar ten einde in sy vakke so te kan presteer dat hy vak- en beroepskeuses kan oorweeg wat die beste by sy besondere persoonsvermoëns pas".

Tabel 5.23

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	7	7,3	7	7,3
Onbevredigend	18	18,8	25	26,0
Redelik	33	34,4	58	60,4
Ten volle	35	36,5	93	96,9
Geen antwoord	3	3,1	96	100,0

5.14.3.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

In 36,5% (35 uit 96) en 34,7 (33 uit 96) skole onderskeidelik word ten volle en redelik aan dié aspek uitvoering gegee. In 26,0% (25 uit 96) skole gaan dit egter nie so goed nie. 'n Moonlike verklaring vir hierdie toedrag van sake is dat die betrokke skoolpersoneel opgewasse is vir die laak en dat dit op die terrein van die skool lê om aandag daaraan te gee. Dit is dus duidelik dat nog meer aandag aan hierdie gedeelte van die beroepsvoortligtingsprogram geskenk kan word ten einde meer van die hulp van die Onderwysadviseur gebruik te maak.

5.15 VAKPRESTASIES

In hierdie paragraaf word die antwoorde op vraag 24 aangebied en vertolk.

5.15.1 Vraag 24

Hierdie vraag was daarop gemik om te bepaal of die begaafde leerling die geleentheid kry om vakprestasieprofile te teken ten einde sy vakprestasies met die oog op sy vak- en beroepskeuses te evalueer (Bylaag 3, Vraag 24). Die antwoord op hierdie vraag word in Tabel 5.24 weergegee.

Vraag 24: "Dul aan in watter mate die begaafde leerling die geleentheid kry om vakprestasieprofile te teken ten einde sy vakprestasies met die oog op sy vak- en beroepskeuses te evalueer".

Tabel 5.24

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	4	4,2	4	4,2
Onbevredigend	3	3,1	7	7,3
Redelik	14	14,6	21	21,9
Ten volle	72	75,0	93	96,9
Geen antwoord	3	3,1	96	100,0

5.15.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

Dit is praktyk in Transvaalse sekondêre skole dat alle leerlinge (ook begaafdes) vanaf standaard 6 gedurende beroepsvoorligting ná toetsreekse of eksamens vakprestasiëprofile teken ten einde hul vakprestasies met die oog op vak- en beroepskeuses te evalueer. Dit is dus te begrype waarom die oorgrote meerderheid respondente, nl. 75,0% (72 uit 96), aangetoon het dat ten volle aan hierdie aspek in skole uitvoering gegee word.

Dit blyk ook dat daar in 21,9% (21 uit 96) skole bepaalde leemtes in hierdie verband is en dat begaafde leerlinge in die betrokke skole nie volle voordeel uit die skoolvoorligtingsprogram trek nie.

5.16 BEROEPSTUDIE

In hierdie paragraaf word die antwoorde op vraag 25 aangebied en vertolk.

5.16.1 Vraag 25

Met hierdie vraag wou vasgestel word in watter mate die begaafde leerling opgevoed word om die belangrikheid van deurlopende beroepstudie te besef

(Bylaag 3, Vraag 25). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.25 aangebied en vertolk.

Vraag 25: "Dui aan in watter mate u die begaafde leerling wys op die belangrikheid van deurlopende beroepstudie wat hom moet steun in sy vak- en beroepskeuses".

Tabel 5.25

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	1	1,0	1	1,0
Onbevredigend	5	5,2	6	6,3
Redelik	27	28,1	33	34,4
Ten volle	60	62,5	93	96,6
Geen antwoord	3	3,1	96	100,0

5.16.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

62,5% (60 uit 96) van die respondente het aangetoon dat die begaafde leerling ten volle onder die besef van die belangrikheid van beroepstudie gebring word. Uit die gegewens is dit duidelik dat hierdie belangrike aspek van die begaafde leerling se beroepsopvoeding in die meeste skole in Transvaal ten volle tot sy reg kom. Dit is egter ook waar dat dit 'n aspek is hierdie waaraan in baie skole (34,4%) meer aandag gegee behoort te word.

5.17 SKAKELING MET DIE VOORLIGTERONDERWYSER

In hierdie paragraaf word die antwoorde op vraag 26 aangebied en vertolk.

5.17.1 Vraag 26

Met hierdie vraag wou bepaal word in watter mate die voorligteronderwyser die begaafde kind help om sy selfstandige aktiwiteite (uitgesonderd sy skolasiese prestasies) aan moonlike beroepe te koppel (Bylaag 3, Vraag 26). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.26 aangebied en vertolk.

Vraag 26: "Dui aan in watter mate u die begaafde leerling help om sy individuele, selfstandige aktiwiteite (uitgesonderd sy skolasiese prestasies) aan moonlike beroepe te koppel".

Tabel 5.26

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	0	0	0	0
Onbevredigend	18	18,8	18	18,8
Redelik	49	51,0	67	69,8
Ten volle	27	28,1	94	97,9
Geen antwoord	2	2,1	96	100,0

5.17.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

Die feit dat slegs 28,1% (27 uit 96) skole volgens die respondente ten volle aan hierdie aspek aandag gee, is moonlik te wyte aan die feit dat voorligteronderwysers nie daarvan bewus is nie of dit nie na waarde skat nie. Dit is derhalwe moeilik om te bepaal wat die toedrag van sake in die praktyk in die 51,0% (49 uit 96) skole is waar "redelik" as antwoord verstrek is.

5.18 PROGRAMVERRYKING IN DIE KLASKAMER

In hierdie paragraaf word die antwoorde op vrae 27 tot 29 aangebied en vertolk.

5.18.1 Vraag 27

Met hierdie vraag moes respondente aandui in welke mate daar in die gewone klaskamer vir die begaafde leerling ruimte gelaat word om sy eie program te volg om sodoende sy besondere begaafdheid, vermoëns en belangstellings te ontwikkel (Bylaag 3, Vraag 27). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.27 aangebied en ontleed.

Vraag 27: "Dui aan in watter mate daar in die gewone klaskamer vir die begaafde leerling ruimte gelaat word om sy eie program te volg om sodoende sy besondere begaafdheid, kreatiewe vermoëns en belangstellings te ontwikkel".

Tabel 5.27

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	16	16,7	16	16,7
Onbevredigend	39	40,6	55	57,3
Redelik	30	31,3	85	88,5
Ten volle	9	9,4	94	97,9
Geen antwoord	2	2,1	96	100,0

5.18.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

Die feit dat daar slegs by 9,4% (9 uit 96) skole in die gewone klaskamer aan begaafdes ten volle geleentheid gebied word om 'n eie verrykte program te volg, dui sekerlik nie op die ideale toestand nie, maar daar kan waarskynlik bepaalde redes voor aangevoer word. Daar kan byvoorbeeld aangevoer word dat die vakonderwyser begaafde, hoër-, standaard- en laergraadleerlinge as groep akkommodeer en dat 'n gedifferensieerde aanbleding van die leerstof in die praktyk nie altyd moontlik is nie. Verder is dit moontlik dat die onderwyser nie eksplisiet aan die begaafde leerling aandag gee nie.

5.18.2 Vraag 28

Met hierdie vraag wou bepaal word in watter mate daar 'n genoegsame verskeidenheid vakke bestaan waaruit die begaafde leerling 'n vakkeuse kan doen (Bylaag 3, Vraag 28). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.28 weergegee.

Vraag 28: "Dui aan in welke mate die begaafde leerling in staat gestel word om uit 'n groter verskeidenheid vakke (soos 'n ekstra buitemuurse vak) as die ander leerlinge 'n vakkeuse te kan doen".

Tabel 5.28

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	7	7,3	7	7,3
Onbevredigend	10	10,4	17	17,7
Redelik	32	33,3	49	51,0
Ten volle	45	46,9	94	97,9
Geen antwoord	2	2,1	95	100,0

5.18.2.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

46,9% (45 uit 96) en 33,3% (32 uit 96) respondente het aangetoond dat die voorligtingsprogram onderskeidelik ten volle en redelik voorsien in die behoeftes van die begaafde leerling.

Die groot persentasie (80,2%) van die respondente wat op hierdie vraag positief gereageer het, is opvallend. Slegs by 17 uit die 96 skole is voorligting ten opsigte van hierdie aspek óf onbevredigend óf word daar glad nie aan hierdie saak aandag geskenk nie. Die aanname kan gemaak word dat groter skole oor meer studierigtings en 'n groter verskeidenheid vakke as kleiner skole beskik wat weens hul grootte oor minder studierigtings en 'n beperkte aantal vakke beskik waaruit die begaafde kind 'n keuse kan doen. Hierdie toedrag van sake kan as rede aangevoer word waarom 17,7% (17 uit 96) skole wat vakke betref, nie in die begaafde leerling se behoeftes voorsien nie.

5.18.3 Vraag 29

Met hierdie vraag wou vasgestel word of die begaafde leerling sodanig versnel word dat hy sy skoolloopbaan gouer kan voltooi (Bylaag 3, Vraag 29). Antwoorde op hierdie vraag word in tabel 5.29 aangetoon.

Vraag 29: "Dui aan in watter mate die begaafde leerling die geleentheid het om vinniger in 'n vak te vorder en sodoende sy skoolloopbaan gouer te voltooi".

Tabel 5.29

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	68	70,8	68	70,8
Onbevredigend	11	11,5	79	82,3
Redelik	11	11,5	90	93,8
Ten volle	5	5,2	95	99,0
Geen antwoord	1	1,0	96	100,0

5.18.3.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

Die oorgrote meerderheid respondente, naamlik 70,8% (68 uit 96), het laat blyk dat die voorligtingsprogram glad nie vir versnelling voorsiening maak waardeur die begaafde leerling sy skoolloopbaan gouer kan voltooi nie. Dit wil dus voorkom of dit nie die amptelike beleid van die Transvaalse Onderwysdepartement is dat die begaafde leerling sy skoolloopbaan gouer voltooi nie. Dit is egter moontlik dat dié leerling wel vinniger in 'n vak kan vorder en daardeur verrykte vakinhoud by wyse van hykomende werk kry.

5.19 BESOEKE AAN BUITEKURRIKULÊRE SENTRA

In hierdie paragraaf word die antwoorde op vrae 30 tot 31 aangebied en vertolk.

5.19.1 Vraag 30

Vraag 30 is in die vraelys ingesluit om vas te stel in welke mate die begaafde leerling 'n skool vir musiek, ballet en kuns besoek om daardeur sy besondere begaafdheid te ontwikkel (Bylaag 3, Vraag 30). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.30 weergegee.

Vraag 30: "Dul aan in welke mate die begaafde leerling in u skool 'n skool vir musiek, ballet en kuns besoek".

Tabel 5.30

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	0	0	0	0
Onbevredigend	29	30,2	29	30,2
Redelik	63	65,6	92	95,8
Ten volle	2	2,1	94	97,9
Geen antwoord	2	2,1	96	100,0

5.19.1.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

Volgens die antwoorde in Tabel 5.30 kom hierdie aspek hoegenaamd nie tot sy reg nie. Al gee 65,6% (63 uit 96) skole te kenne dat dit redelik daaraan toegaan, is die indruk dat wat hierdie saak betref, daar rede tot kommer is (vgl. par. 5.2.11). Dit is moontlik dat begaafde leerlinge óf nie oor die studierigtings aan dié skool voorgelig word nie, óf dat die geografiese ligging van die skool dit vir die leerlinge onmoontlik maak om sulke skole te besoek. Dit is slegs aannames hierdie en kon nie met die betrokke ondersoek vasgestel word nie.

5.19.2 Vraag 31

Vraag 31 was daarop gemik om vas te stel of die begaafde leerling 'n sentrum vir begaafdes bywoon met die oog op programverryking (Bylaag 3, Vraag 31). Antwoorde op hierdie vraag word in Tabel 5.31 aangebied.

Vraag 31: "Dui aan in watter mate die begaafde kind in u skool 'n sentrum vir begaafde leerlinge buite u skool (uitgesonderd die skool in Vraag 30 genoem) besoek".

Tabel 5.31

	Frekwensie	Persentasie	Kumulatiewe Frekwensie	Kumulatiewe Persentasie
Glad nie	5	5,2	5	5,2
Onbevredigend	77	80,2	82	85,4
Redelik	12	12,5	94	97,9
Ten volle	2	2,1	96	100
Geen antwoord	0	0	96	100

5.19.2.1 Ontleding en vertolking van antwoorde

Alhoewel daar buitemuurse sentra vir begaafde leerlinge bestaan, dui die meerderheid respondente (85,4%) aan dat die bywoning van dié sentra onbevredigend is. Redes wat vir hierdie toedrag van sake aangevoer kan word, is die feit dat die begaafde leerling op velerlei terreine uitmuntend kan presteer en dus dikwels 'n vol program het, sodat hy dit moeilik vind om die sentrum by te woon. Op die platteland is die sentrum dikwels ver van die skool af, met die gevolg dat dit onprakties vir 'n ouer is om sy kind een middag per week

na die sentrum te neem. Hierdie toedrag van sake bring heelwaarskynlik mee dat die bywoning van sulke sentra deur begaafde leerlinge onbevredigend is.

5.20 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is vraelysantwoorde met betrekking tot verskillende aspekte van beroepsvoorligting aan die begaafde leerling in die junior sekondêre skoolfase aangebied en bespreek.

In hoofstuk 6 word 'n samevalting, gevolgtrekkings en aanbevelings aangebied.

HOOFSTUK 6

SAMEVATTING, GEVOLGTREKKING EN AANBEVELINGS

6.1 INLEIDING

Ten einde die hele saak van beroepsvoorligting aan die begaafde leerling vir die junior sekondêre skoolfase in perspektief te plaas was dit eerstens nodig om die onderwerp vanuit die literatuur te bestudeer en tweedens om verskillende aspekte van beroepsvoorligting empiries volgens die vraelysmetode te ondersoek.

Nadat die samevatting van die literatuurstudie aangebied is, sal die gevolgtrekkings waartoe geraak is, saamgevat word. In die lig van die literatuurstudie en die empiriese ondersoek sal daar enkele aanbevelings gemaak word.

6.2 SAMEVATTING

6.2.1 Probleemstelling (vgl. par. 1.2)

Ten spyte van die feit dat voorligting aan die begaafde kind onlosmaaklik deel is van sy onderwysvoorsiening en daar gedurende die sewentiger- en tagtigerjare hoofsaaklik op die onderwys en opvoeding van die begaafde leerling gefokus is, is weinig aandag aan sy beroepsopvoeding gegee. Dit is egter waar dat die begaafde kind 'n behoefte ten aansien van sy beroeps- en loopbaanbeplanning het en nie, soos dikwels gemeen word, dat hy self die mas kan opkom nie.

In die lig van voorgenoemde blyk dit dat die begaafde kind se besondere loopbaanbehoefte 'n eiesoortige, verrykte beroepsvoorligtingsprogram regverdig ten einde hom in staat te stel om sy besondere persoonvermoëns ten volle te ontplooi om daardeur aan die eise wat gevorderde beroepe daaraan stel, te voldoen.

6.2.2 Doel van die ondersoek (vgl. par. 1.3)

Die doel van hierdie ondersoek was om:

- (i) Vanuit die literatuur te besin oor die behoeftes en eienskappe van begaafde leerlinge.
- (ii) Die praktyk van beroepsvoorligting aan dié leerlinge in die algemeen en in Transvaal in die besonder aan die hand van die literatuur te bestudeer.
- (iii) Empiries te bepaal of die huidige beroepsvoorligtingsprogram in Transvaal in die behoeftes van die junior sekondêre begaafde kind voorsien.
- (iv) Tot bepaalde gevolgtrekkings en aanbevelings ten aansien van beroepsvoorligting aan die begaafde kind te kom.

6.2.3 Kenmerke en behoeftes van die begaafde leerling en die implikasies daarvan vir die beroepsvoorligtingsprogram (vgl. hoofstuk 2)

6.2.3.1 Besondere verstandelike kenmerke van die begaafde leerling (vgl. par. 2.3)

Die begaafde kind beskik oor verskeie besondere verstandelike kenmerke waaronder intelligensie, talentvolheid, kreatiwiteit en aanleg. Dit bring mee dat hy aan 'n verrykte beroepsvoorligtingsprogram behoefte het. Dié program moet voorsiening maak vir die optimalisering van al die uitsonderlike verstandelike vermoëns van die begaafde kind sodat hy gevorderde vakke, vakkeuses en professionele beroëpe kan oorweeg wat die beste by sy persoonkenmerke pas. Die voorligtingsprogram moet voorts voorsiening maak vir 'n verskeidenheid vakke, onderwys- en opvoedingsaangeleenthede wat die professionele beroepswêreld vir die begaafde kind ontsluit.

6.2.3.2 Besondere behoeftes van die begaafde leerling en die implikasies daarvan vir 'n beroepsvoorligtingsprogram (vgl. par. 2.4)

Die begaafde leerling het dieselfde beroepsopvoedingsbehoefte as ander leerlinge en het selfs méér hulp en bystand as ander leerlinge nodig, wat meebring dat hy 'n verrykte beroepsvoorligtingsprogram regverdig. Die begaafde kind moet naamlik voorgelig word om sy besondere vermoëns te ken en beroepskennis te bekom, sodat hy gevorderde beroepskeuses kan oorweeg. Die program moet voorts vir verrykte vakinhoudse voorsiening maak wat die leerling uitdaag om op skoolse gebied uitmuntend te presteer, sodat hy aan die hoë eise van gevorderde studierigtings kan voldoen. Dié leerling het voorts 'n behoefte aan steun en aanmoediging, sekerheid, liefde en 'n eie waardesisteem vir die ontplooiing van sy vermoëns, die oplossing van problematiese vak- en beroepskeuses en die oorweging van besondere beroepe waaraan hy waarde heg. Daar is 'n verskeidenheid vakkeuses nodig, sodat die begaafde leerling groter beweegruimte kan hê om vakke te kies wat 'n verskeidenheid beroepe vir hom moontlik maak.

6.2.4 Beroepsvoorligting aan die begaafde leerling met besondere verwysing na Transvaal (vgl. hoofstuk 3)

6.2.4.1 Metodes om die beroepsvoorligtingsprogram van die begaafde leerling te verryk (vgl. par. 3.2)

Daar is 'n verskeidenheid programverrykingsmetodes wat tans nie noodwendig praktyk in die RSA is nie. Een hiervan is beroepsinligtingsbesoeke deur die begaafde leerling wat onder meer die mediasentrum in die skool, besoeke aan die beroepswêreld, skakeling met persone in die beroepsituasie, beroepsvoorligtingspraatjies by die skool, beroepsstudie, die bestudering van biografieë van begaafde beroepslui en skakeling met die beroepsvoorligter insluit. Voorgenoemde metodes kan die beroepsvoorligtingsprogram in die klaskamer aanvul deurdat dit onder andere die begaafde kind se self- en beroepskennis verryk en hom dus beter toerus vir sy keuse-uitoefening.

6.2.4.2 Oorsig van die bestaande beroepsvoorligtingsprogram vir die junior sekondêre skoolleerling in Transvaal met besondere verwysing na die begaafde leerling (vgl. par. 3.3)

Beroepsvoorligting aan die "gewone" standerd vyf-, ses en sewe leerling binne skoolverband omvat aspekte soos selfkennis, beroepskennis en die rol hiervan by die kind se keuse-uitoefening, die tipe onderwys wat verskaf word en studiemetodes. Opvoedkundige en persoonlike probleme as beperkende faktore vir studierigting-, vak- en beroepskeuse geniet eweneens aandag.

6.2.4.3 Beroepsvoorligting aan die begaafde standerd vyf, ses en sewe leerling binne en buite skoolverband (vgl. par. 3.3.4 en 3.3.5)

Die begaafde leerling moet insig in sy besondere persoonsvermoëns sowel as beroepskennis oor gevorderde beroepskennis bekom. Daar is buitekurrikulêre sentra en skole vir spesifiek-hoogbegaafdes waar die begaafde kind buite skoolure in vakke onderrig word waarvoor nie in die klaskamer voorsiening gemaak word nie. Daar vind dus kurrikulumuitbouing en kwalitatiewe differensiasie plaas deurdat die begaafde kind binne en buite die klaskamer 'n verskeidenheid vakke op 'n gevorderde vlak kan neem. Daar is voorts die moontlikheid van versnelling waardeur die begaafde kind sy skoolloopbaan gouer kan voltooi en dus op 'n betreklike jeugdige leeftyd tot die beroepswêreld toetree.

6.2.4.4 Die rol van die opvoedkundige hulpdiens met betrekking tot beroepsvoorligting aan die begaafde leerling (vgl. par. 3.3.5.4)

Die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede verskaf beroepsvoorligting aan die begaafde st. 5- en 7-leerling, sy ouers en voorligteronderwysers ten opsigte van die keuse-uitoefening ten aansien van 'n skool, studierigting en vakke. Verder maak hy bemoënis met die begaafde leerling wat vak-, beroepskeuse-, studie-, opvoedkundige en ander probleme ondervind. Hy staan ook die voorligtingonderwyser by in die identifisering van moontlike begaafde leerlinge.

6.2.5 Die empiriese ondersoek (vgl. hoofstuk 4)

Die doel van die ondersoek was om empiries te bepaal wat die stand van beroepsvoorligting aan die begaafde leerling in die junior sekondêre fase in Transvaalse skole is.

Departementshoofde vir Opvoedkundige leiding is in die ondersoek betrek, aangesien hulle primêr by die implementering van die voorligtingsprogram betrokke is. Van die 171 departementshoofde verbonde aan Afrikaansmedium- en dubbelmedium- sekondêre skole het 96 die vraelyste ingevul teruggestuur. Een honderd en elf vraelyste is tot en met die keurdatum terugontvang, waarvan vyftien nie ingevul was nie.

Die motivering vir die ontwerp van die vraelys, die keuse van die soort items, die eerste en finale redaksie van die vraelys, sowel as die rangskikking van die vrae, die lengte, anonimiteit en voorkoms van die vraelys het aan die orde gekom. Ten slotte is die aandag op die begeleidende brief, die opvolgbrief en terugontvangste gevestig.

6.2.6 Aanbieding, ontleding en terugrapportering van die vraelysantwoorde (vgl. hoofstuk 5)

Die totale terugontvangste wat op 56,1% (96 uit 171) te staan gekom het, is gerekenariseer, en aan die hand van 'n rekenaaruitdruk is die data getabelleer en in die vorm van tabelle weergegee. Die data is met betrekking tot bepaalde hoofsaaklik chronologies aangebied, ontleed en vertolk.

6.3 GEVOLGTREKKINGS

Op grond van die voorafgaande literatuurstudie en empiriese ondersoek kan die onderstaande gevolgtrekkings gemaak word.

6.3.1 Kenmerke en behoeftes van die begaafde leerling en die implikasies daarvan vir die beroepsvoorligtingsprogram (vgl. hoofstuk 2)

Na aanleiding van die feit dat die begaafde kind sekere uitsonderlike kenmerke en besondere beroepsvoorligtingsbehoeftes het wat 'n eiesoortige program noodsaak, word die volgende afleidings gemaak:

- Die begaafde leerling beskik oor uitsonderlike intelligensie wat besondere onderwysprogramme of dienste benodig, waaronder beroepstudie oor gevorderde beroepe. Dit blyk dat daar nie genoegsaam aandag aan hierdie aspek van 'n besondere beroepsvoorligtingsprogram in die meeste skole in Transvaal geskenk word nie (vgl. par. 5.2).
- Ten spyte van die feit dat die begaafde leerling oor besondere talente beskik wat 'n besondere beroepsvoorligtingsprogram regverdig, wil dit voorkom asof daar nie voldoende met die talentvolle leerling se beroepsvoorligtingsbehoeftes rekening gehou word nie (vgl. par. 5.3).
- Nie al die sekondêre skole in Transvaal beskik oor voldoende vakke, vakversamelings en studierigtings wat met die begaafde kind se kreatiewe vermoëns en sy behoefte aan uitdaging van hierdie besondere eienskap rekening hou nie. Hierdie aspek van die begaafde leerling se beroepsopvoeding geniet in die meeste gevalle nie voldoende aandag nie (vgl. par. 5.4).
- Aanleg is deel van die begaafde leerling se kenmerkende persoonseienskappe wat by hom die behoefte aan besondere onderwys- en opvoedingsgeleenthede skep om dit te ontwikkel; tog wil dit voorkom of daar nie behoorlik aan dié aspek uitvoering gegee word nie (vgl. par. 5.5).
- Die begaafde leerling beskik oor uitmuntende begaafdheid, wat beteken dat hy vakke op 'n gevorderde vlak moet bestudeer ten einde sy behoefte aan uitdaging van sy begaafdheid te vervul. Dit wil voorkom asof daar in die meeste gevalle in Transvaalse skole wel hiervoor voorsiening gemaak word. Dit lyk egter asof daar 'n aantal voorligteronderwysers is wat nie

altyd van hierdie behoefte van die begaafde leerling bewus is nie; vandaar die getal skole waar die toedrag van sake nie na wense is nie (vgl. par. 5.6).

- Die begaafde kind ervaar dikwels probleme ten aansien van sy vak- en beroepskeuses en het dus 'n behoefte aan steun vir die oplossing van hierdie probleme. Dit blyk dat voortligteronderwysers nie genoeg met Maslow se behoeftehiërargieteorie rekening hou nie; vandaar die leemte by baie skole om in hierdie behoefte van die begaafde kind te voorsien (vgl. par. 5.6).
- Emosionele probleme wat die gevolg van onbevredigende behoeftes is, kan daartoe lei dat die begaafde leerling onderpresteer en dus nie aan die vereistes van gevorderde vakke en professionele beroepe voldoen nie. Dit blyk uit die navorsing dat 'n groot aantal voortligteronderwysers van hierdie behoeftes van die begaafde kind bewus is en aandag daaraan gee. Daar is egter nog te veel skole waar hierdie behoefte van die begaafde kind oor die hoof gesien word (vgl. par. 5.6).

6.3.2 Beroepsvoortligting aan die begaafde leerling met besondere verwysing na Transvaal (vgl. hoofstuk 3)

Ten opsigte van die verskillende metodes om die beroepsvoortligtingsprogram van die begaafde kind te verryk kan verskeie gevolgtrekkings gemaak word:

- Programverryking kan buite die mure van die klaskamer plaasvind. Die mediasentrum is een van hierdie verrykingsmetodes waar die begaafde kind beroepstudie kan onderneem. Die gebruik van die mediasentrum vir voorgenoemde doel is tans nie praktyk in Transvaalse sekondêre skole nie, en daar word hoogstens redelik tot onbevredigend aandag hieraan geskenk (vgl. par. 5.7).
- Dit blyk dat besoeke aan die beroepswêreld feitlik glad nie 'n plek in die huidige beroepsvoortligtingsprogram inneem nie. Hierdeur verskraal die begaafde kind se idee van die werklike beroepswêreld, aangesien hy nie

sy teoretiese self- en beroepskennis aan die else wat beroepe daaraan stel, kan toets nie. Terselfdertyd word die begaafde kind die geleentheid ontnem om met 'n mentor of raadgever in aanraking te kom wat sy kundigheid met hom kan deel (vgl. par. 5.8).

- Die begaafde kind se beroepsvoorligtingsprogram kan baie verryk word wanneer 'n begaafde persoon uit die beroepswêreld die skool besoek, aangesien die gasspreker sy ervaring met betrekking tot professionele beroepe met dié kind kan deel. Daar word slegs redelik tot onbevredigend aan hierdie aspek aandag gegee, met die gevolg dat daar nie sprake van programverryking in hierdie opsig kan wees nie (vgl. par. 5.9).
- 'n Beroepsnavorsingsentrum by 'n skool is 'n ideale bron van selfstandige navorsing ten aansien van self- en beroepskennis vir die begaafde kind waar hy terselfdertyd die geleentheid gebied word om selfstandige beroepsnavorsing te onderneem. Dit lyk asof daar 'n aantal skole is wat moeite doen met hierdie saak, terwyl daar nog te veel skole is waar die begaafde kind redelik tot onbevredigende blootstelling geniet (vgl. par. 5.11).
- Dit is baie duidelik dat die rekenaar glad nie of slegs 'n beskeie plek in die programverryking van die begaafde kind inneem. Hy word dus nie opgevoed om op 'n rekenarnetwerk in te skakel of om sy persoonvermoëns met behulp van die rekenaar te ontwikkel nie (vgl. par. 5.12).
- Die begaafde leerling word nie aangemoedig om die lewens van begaafde beroepsbeoefenaars te bestudeer nie. Hy vorm dus nie 'n beeld van die rol van die begaafde volwassene se besondere persoonvermoëns in gevorderde beroepe nie (vgl. par. 5.13).
- Die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede van die Opvoedkundige Hulpdiens kan op verskeie maniere 'n belangrike bydrae tot die begaafde kind se beroepsopvoeding lewer. Dit wil voorkom asof hierdie persoon wel deur die skool betrek word; tog kan hy 'n groter rol vervul as die

persentasie antwoorde van die respondente in ag geneem word (vgl. par. 5.14).

- Voortligteronderwysers heg groot waarde aan vakpreslasieprofile as hulpmiddel wat die begaafde kind in sy keusemaking kan steun. Hiervan getuig die positiewe reaksie van die respondente, waaruit afgelei kan word dat baie aandag aan hierdie saak geskenk word (vgl. par. 5.15).
- Deurlopende beroepstudie is 'n baie belangrike aspek van die begaafde kind se beroepsopvoeding aangesien dit hom moet steun in sy keuse-uitoefening. Dit wil voorkom asof deeglik daaroor besin word; daar is egter nog 'n hele aantal skole waar ruimte vir verbetering is (vgl. par. 5.16).
- Voortligteronderwysers is blykbaar nie altyd bewus van die belangrikheid van die totale persoonsvermoëns vir die begaafde kind se keuse-uitoefening nie. Hiervan getuig die "redelik" as antwoord by vraag 26, waarmee bepaal wou word in watter mate die leerling se selfstandige aktiwiteite (wat sy vakprestasies uitsluit) beklemtoon word by sy vakkeuses (vgl. par. 5.17).
- Uit die navorsing blyk dit dat die stelsel van gedifferensieerde onderwys nie genoegsaam vir die begaafde kind se individuele program binne die klaskamer voorsiening maak nie, aangesien hierdie aspek by die oorgrote meerderheid skole 'n onbevredigende plek beklee. Dit wil dus voorkom asof voorgenoemde stelsel nie na wense geïmplementeer word nie (vgl. par. 5.18).
- Dit wil voorkom asof daar by die oorgrote meerderheid skole in Transvaal sodanige kurrikulumuitbouing plaasvind dat die begaafde kind meer vakke as die gemiddelde leerling kan neem. Dit is moontlik dat die begaafde kind verbonde aan 'n skool met klein getalle, hierdie geleentheid ontnem word vanweë beperkte vakkeuses en vakversamelings (vgl. par. 5.18).
- Dit is moontlik dat die begaafde leerling vanweë sy besondere persoonsvermoëns sodanig in sy vakke versnel word dat hy sy

skoolloopbaan gouer kan voltooi en op 'n vroeë ouderdom tot die beroepswêreld loetree. Vanweë verskeie probleme word hierdie praktyk nie in Transvaalse sekondêre skole toegepas nie (vgl. par. 5.18).

- Vir die begaafde leerling met besondere vermoëns en belangstellings in 'n kunsrigting is daar geleentheid om sodanige skool by te woon. Dit is egter opmerklik dat hierdie skool nie gewild is nie deurdat dit deur relatief min begaafde kinders besoek word. Verskeie redes kan hiervoor aangevoer word, waaronder die moontlikheid dat minstens twee vakke, naamlik musiek en kuns, wel by 'n skool naby die begaafde kind se huis aangebied word (vgl. par. 5.19).
- Die begaafde leerling het die geleentheid om vakke wat nie in die klaskamer aangebied word nie, by buitemuurse sentra by te woon en daardeur blootstelling aan 'n verskeidenheid verrykte vakke en vakinhoud te bekom. Hierdie sentra word egter nie goed bygewoon nie. Dit wil dus voorkom asof dié sentra nie in die begaafde leerling se behoeftes voorsien nie (vgl. par. 5.19).

Die onderhawige studie is gebaseer op die response van 56,1% (96 uit 171) voorligteronderwysers wat vir beroepsvoorligting aan begaafde leerlinge in die junior sekondêre fase in Transvaal verantwoordelik is. Daar kan dus geen sprake van veralgemening wees nie, en die resultate kan nie met situasies in alle skole en ander provinsies in verband gebring word nie. Hoe dit ook al sy, die bevindings in hierdie ondersoek toon dat beroepsvoorligting aan die begaafde leerling in die junior sekondêre fase in 'n groot aantal skole nie behoorlik tot sy reg kom nie. Dit blyk verder dat die maksimale benutting van beroepsvoorligting aan begaafde leerlinge slegs tot sy volle reg kan kom indien die voorligteronderwyser oor die nodige kennis van die begaafde leerling se behoeftes en bedrewenheid in die aanbieding van die program beskik.

6.4 AANBEVELINGS

In die lig van wat in hierdie navorsing bevind is, word die volgende aanbevelings gedoen:

- Daar behoort dringend na die aard, wese en behoeftes van die begaafde leerling gekyk te word, ten einde vas te stel of die huidige beroepsvoortligtingsprogram genoegsaam daarvoor voorsiening maak.
- Waar daar opmerklike verskille ten aansien van programverrykingsmetodes in oorsese lande en die Transvaalse Onderwysdepartement is, behoort krities hierna gekyk te word met die oog op vernuwing en verruiming van die bestaande beroepsvoortligtingsprogram.
- Die stelsel van gedifferensieerde onderwys behoort vir die begaafde leerling se besondere vermoëns sodanig voorsiening te maak dat hy binne die klaskamer sy eie program kan volg vir die ontplooiing van sy begaafdheid; dusdoende word al sy persoonskenmerke ontwikkel.
- Daar behoort genoegsaam kurrikulumuitbouing plaas te vind wat die begaafde kind in staat stel om meer vakke as die gemiddelde leerling te neem, waardeur sy beroepskeuses verruim word. Hierdie poging behoort ook by kleiner skole aangewend te word waar die begaafde leerling lams vanweë die aantal skoliere beperkte aantal vakke en vakversamelings het waaruit hy 'n keuse kan maak.
- Voortligting aan die begaafde leerling is 'n spanpoging waarby alle voortligteronderwysers sowel as die ouers van dié leerling betrek behoort te word om sodoende die taak van die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding te vergemaklik en doeltrefferder te maak. Dit is byvoorbeeld belangrik dat elke vakonderwyser die begaafde kind sal wys op die beroepsmoontlikhede van 'n bepaalde vak.
- Daar is leemtes in die beroepsvoortligtingsprogram van die begaafde kind, aangesien die respondente ten aansien van verskeie aspekte aangedui het dat dit weinig aandag geniet. 'n Moontlike en praktiese oplossing is dat die groepering van begaafde leerlinge oorweging behoort te geniet. Dit bring mee dat dié leerlinge vir 'n gedeelte van die skooldag saam onderrig word in verrykte vakke en vakinhoud, terwyl hulle die res van die dag saam met die ander leerlinge onderrig word. Groepering kan daartoe meewerk

dat buitenuurse sentra vir spesifieke vakke vervang word en daarmee saam die probleme wat veroorsaak dat begaafde kinders nie dié instansies besoek nie. Alle begaafde leerlinge kan dus binne skoolverband by 'n verrykte beroepsvoorligtingsprogram betrek word. Daar behoort egter op die praktiese uitvoerbaarheid van groepering ingegaan te word sowel as die moontlike uitwerking daarvan op die persoonlikheidsontwikkeling van die begaafde leerling en gewone leerlinge.

6.5 LEEMTES IN HIERDIE ONDERSOEK

Die ideaal sou wees om die begaafde leerlinge self te kon betrek by die empiriese ondersoek. Daar was egter bepaalde redes waarom dit nie wenslik geag is nie. Die onbevredigende terugvoer van slegs 56,1% respondente skep die indruk dat nie al die respondente die navorsingsonderwerp belangrik genoeg geag het nie. Daar kan dus met reg gevra word of die beroepsopvoeding van die begaafde kind as belangrik genoeg geag word.

6.6 SLOTOPMERKING

Die stolsom waartoe in hierdie ondersoek na beroepsvoorligting aan die begaafde kind geraak word, is dat die begaafde leerling oor besondere vermoëns beskik wat 'n eiesoortige onderwysvoorsiening regverdig. Indien dit nie gebeur nie, gaan die begaafde kind se uitsonderlike persoonsvermoëns vir die RSA verlore, iets wat ons land nie kan bekostig nie, gesien die geweldige vraag na hoëvlak-mannekrag. Die begaafde kind kan slegs tot 'n volwaardige mens ontwikkel indien al sy persoonsvermoëns met behulp van die nodige beroepsvoorligtingsmetodes ontplooi.

BRONNELYS

- ARY, D., JACOBS, L.C. & RAZAVIEH, A. 1979. Introduction to research in education. New York : Holt.
- AVENT, C. 1974. Practical approaches to careers education. Cambridge : Hobsons.
- BADENHORST, K. 1988. Die begaafde kind in die onderwyssituasie. Ongepubliseerde B.Ed.-seminaar. Dept. Voorligting en Ortopedagogiek. PU vir CHO. Potchefstroom.
- BERNARD, H.W. & FULMER, D.W. 1978. Principles of guidance. New York : Thomas.
- BEST, J.W. & KAHN, J.V. 1986. Research in education. Englewood Cliffs : Prentice-Hall.
- BIEHLER, R.F. & SNOWMAN, J. 1986. Psychology applied to teaching. Boston : Houghton.
- BIGGS, H. 1982. Trends in the development of gifted and talented children's programmes in Western Australia. **Education library service bulletin** (Western Australia). 19(1) : 3-9.
- BORG, W.R. & GALL, M.D. 1979. Educational research. New York : Longman.
- BRANDWEIN, P. 1979. Thoughts on being "bright" and/or "gifted". *Instructor*. 89(4):28.
- BYRNE, R.H. 1977. Guidance: a behavioral approach. New Jersey : Prentice-Hall.

- BYRNE, J. & BYRNE, K. 1979. Making the most of your abilities. **Science research ass. inc.**, 60(401):245-249.
- CHILD, D. 1986. Psychology and the teacher. London: Holt.
- CHITTENDEN, A. 1981. Spesiale skool vir begaafde kinders. **Landbouweekblad**.
- CLARK, B. 1980. Growing up gifted. Toronto : Charles.
- CLENDENNING, C.P. & DAVIES, R.H. 1980. Creating programs for the gifted. New York : Bowker.
- COETZEE, T.P. 1984. Voorligting aan begaafde leerlinge en hulle ouers. Ongepubliseerde B.Ed.-seminaar. Dept. Voorligting en Ortopedagogiek. PU vir CHO. Potchefstroom.
- COHEN, L. & MANION, L. 1980. Research methods in education. London : Croom.
- COLANGELO, J. & LA FRENZ, F. 1981. Career education. **Gifted child quarterly**, 25(1).
- COLANGELO, N. & ZAFFRAN, R. 1979. New voices in counselling the gifted. Iowa : Kendal.
- COLLIS, H. 1980. Helping you to recognise gifted children. **National Education** (New Zealand), 62(642):3-8.
- CRAIG, J.K. 1979. Die hantering van die begaafde kind. **S.A. Tydskrif vir pedagogiek**, 13(2):43-54.
- DAVIE, JUDITH, F. 1982. Resources, referral and reassurance: The library and parents of the gifted and talented. **Top of the news**, 38(4):331-335.

- DE BEER, N.A. 1981. Die begaafde kind - 'n psigopedagogiese perspektief. **Fokus**, 9(1):1590-1596.
- DE LANGE, B.J. 1988. Die beroepsvoortligtingsprogram in die klaskamer en samewerking met die Opvoedkundige Hulpdiens. Streekkursus in beroepsleiding vir sekondêre skole. Transvaalse Onderwysdepartement.
- DE JONG, S.M.L. 1985. Die beroepswaardes van standerd tien-leerlinge. Johannesburg. (Skripsie (M.Ed.) - R.A.U.)
- DE WET, J.J., MONTEITH, J.L. DE K., STEYN, H.S. & VENTER, P.A. 1981. Navorsingsmetodes in die Opvoedkunde. 'n Inleiding tot empiriese navorsing.
- DOVER, ARLENE. 1983. Computers and the gifted: past, present and future. **Gifted child quarterly**, 27(2):81-85.
- DOVEY, K. 1982. Education. Cape Town : Oxford.
- DUMINY, P.A. & SÖNGE, W.F. 1981. Didaktiek: teorie en praktyk. Longman: Penguin.
- EHRlich, VIRGINIA. Z. 1980. Gifted children. A guide for parents and teachers. New Jersey : Prentice-Hall.
- ELLINGTON, CAROL. 1983. Career education: people and programs working together. **Teaching exceptional children**, 15(4):210-214, Summer.
- ENGELKES, J.R. & VAN DER GROOT, D. 1982. Introduction to counselling. Boston : Houghton.
- EYSENCK, H. & ROSE, S. 1979. Race, intelligence and education. **New Scientist**, 81(1146):849-852, March.

- FELDHUSEN, J & SOKOL, L. 1982. Extra-school programming to meet the needs of gifted youth: super Saturday. **Gifted child quarterly**, 26(1):51-55, Spring.
- FOURIE, P. 1982. Die Helderberg-vereniging vir begaafde kinders. Stellenbosch.
- FOX, L.H. & PYRYT, M.C. 1979. Guidance of gifted youth. **Educational forum**, 43(2):185-187.
- FOX, M.H. 1981. Creativity and intelligence. **Childhood Education**, 57(4):227-232. March/April.
- FREEMAN, J. 1980. Gifteds have problems. **National education**, 62(642):3-8. Feb.
- GIBSON, R. & MITCHELL, M.M. 1981. Introduction into guidance. London: Macmillan.
- GIBSON, R.L., MITCHELL, M. M. & HIGGINS, R.E. 1983. Development of counselling programs and guidance services. London : MacMillan.
- GINSBERG, G. HARRISON, C.H. 1977. How to help your gifted child. New York : Monarch.
- GOWAN, J.C. & DEMOS, G.D. 1964. The education and guidance of the ablest. USA : Thomas.
- GOWAN, J.C. & BRUCH, C.B. 1971. The academically gifted student and guidance. Boston : Houghton.
- GOWAN, J.C. & DEMOS, G.D. 1975. The education and guidance of the ablest. Illinois : Charles.

- GOWAN, J.C., KHATENA, J. & TORRANCE, E.P. 1979. Educating the ablest. Georgia: Peacock.
- GOUWS, M. 1983. Openbaringswyses van hoogsbegaafde leerlinge - 'n psigopedagogiese perspektief. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- GRAY, W.A. 1982. Mentor-assisted enrichment projects for the gifted and talented. *Educational leadership*, 40(1):16-21.
- HAMILL, JANE. 1979. Nothing is more unequal than the equal treatment of unequals. *Science and children*, 18-21, March.
- HAASBROEK, J.B. & JOOSTE, J.H. 1981. Die identifisering van hoogsbegaafde leerlinge. *Onderwysbulletin*, XXV (2):14-16.
- HEINEMANN, A. & MALLIS, J. 1978. Star power: providing for the gifted and talented. Module 10. Guidance and counselling for the gifted/talented. Education service center, Austin, Texas.
- HERTZ, K.V. & JANECEK, B. 1978. Libraries are important for gifted students. *NASSP Bulletin*, 62(415):120-121.
- HOHENSHILL, T.H. & MILES, J.M. 1976. School guidance services. Iowa : Kendall.
- HOPKINS, L.B. 1980. Help wanted! Jobs for tomorrow. *Language arts*, 57(1):66-69.
- HOPKINSON, D. 1978. The education of gifted children. London : Woburn.
- HYMAN, M.B. & BRODY, L.. 1984. Career guidance for the gifted. *G/C/T*, 31:30-31. Jan - Feb.

- IZAACSON, L. 1978. Career information in counselling and teaching. Boston : Allyn.
- JOOSTE, J.H. 1982. Onderwysvoorsiening vir hoogbegaafde leerlinge in Transvaal. **Onderwysbulletin**, XXV(2).
- KHATENA, J. 1982. Educational psychology for the gifted. New York: Wiley.
- KOTZE, J.M.A. 1983. Voorsittersrede SAVBO. (In Behr, A.L. red. Begaafde kind-onderwys: enkele probleemareas.
- KRUGER, H.B. 1980. Algemene skoolvoortligting vir onderwyss studente.
- LANDMAN, W.A. 1980. Inleiding tot die opvoedkundige navorsingspraktik. Durban : Butterworth.
- LANDMAN, W.A. 1988. Navorsingsmetodologiese begrippe. Pretoria : Serva.
- LAYCOCK, F. 1980. Gifted children. Illinois : Scott.
- LOUW, D.A. 1982. Inleiding tot die psigologie. Johannesburg : McGraw-Hill.
- MARAIS, J.L. 1984. Guidance for the gifted. **Fokus**, 12(4):668-696.
- MAARSCHALK, J. 1980. Kreatiwiteitsonderwys vir elkeen of slegs vir Einsteins? **S.A. Tydskrif vir pedagogiek**, (13):21.
- MARKS, W.L. & NYSTRAND, R.O. 1981. Strategies for educational change. New York : MacMillan.
- MC ALPINE, D. 1980. Could be most neglected in ordinary classroom. **National education**, 9, Feb.

- MC MILLAN, E. & LOVELAND, G. 1984. Counselling for the gifted. **Special education in Canada**, 58(4):125-126.
- MORGAN, H.J., TANNANT, C.G. & GOLD, M.J. 1980. Elementary and secondary level programs for the gifted and talented. New York : Teachers.
- NASH, W.R., BORMAN, C. & COLSON, S. 1980. Career education for gifted and talented students: a senior high school model. **Exceptional children**, 46(5):404-405.
- NOLLER, J.B. 1982. Mentoring: renaissance of apprenticeship. **Journal of creative behavior**, 16(1): 14.
- NORRIS, W., HATCH, R.N., ENGELKES, J.R. & WINHORN, B. 1979. The career information service. Chicago : College.
- OMOND, J.L. 1979. The gifted child in the class: suggestions to teachers. **Educamus**, Mei.
- OMOND, J.L. 1981. Giftedness and creativity. **Kontak**, 5(39):40, Oct.
- PASSOW, A.H. 1979. The gifted and the talented. their education and development. Chicago : University.
- PHELPS, L.A. 1978. Turning the gifted into their talents. **Vocational education**, 53(7):26-28.
- RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1978. Skoolvoorligting: beginsels en metodes. RGN-Voorligtingreeks VR1, Pretoria.
- RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1986. Verslag van die Werkkomitee: Onderwys vir hoogsbegaalde leerlinge. Pretoria.

REILLY, J. 1981. Intellectually talented children and resource utilization. **Education Library Service Bulletin** (West Australia), 19(1):3-9.

REIS, S.M. & CELLERINO, M. 1983. Guiding gifted students through independent study. **Teaching exceptional children**, 15(3):136-139.

RENZULLI, J.S., SMITH, L.H. & REIS, S.M. 1982. Curriculum compacting: an essential strategy for working with gifted students. **The elementary school journal**, (82):3:185-194.

RGN kyk Raad vir Geesteswetenskaplike navorsing.

ROSLAK, C. & DEUTSCH, R. 1982. Making cross connections: serving gifted students in the school media center. **Top of the news**, 38(4):303-307.

RUNIONS, T. 1980. The mentor academy program. **Gifted child quarterly**, 24(4):153-157.

SANDERLIN, OWENITA, 1979. Gifted children. How to identify and teach them. South Brunswick: Barnes.

SANGSTER, C.H. & ADAMSON, G. 1977. Nurturing gifted children. **Education Canada**, 17(4):26-27.

SAS Institute Inc. 1982. SAS users guide: statistics. 1982 edition. Cary, N.C.: SAS-institute.

SAX, G, 1979. Foundations of educational research. New Jersey : Prentice-Hall.

SCHACHTER, J. 1980. Learning from authors in person and in mixed media. **Gifted child quarterly**, 24(2):69-71.

SCHLESINGER, B.E. 1982. An untapped resource of inventors: gifted and talented children. **The elementary school journal**, 82(3):215-219.

SCHLICHTER, CAROL, L. 1981. The multiple talent approach in mainstream and gifted programs. **Exceptional children**, 82(1):144-150.

SCHWARTZ, L.L. 1981. Are you a gifted parent of a gifted child? **Gifted child quarterly**, 25(1):31-35.

SCOTT, M. 1984. Persoonlikheid as voorspeller van akademiese prestasie. Potchefstroom. (Skripsie (M.Ed.) - PU vir CHO.)

SHERTZÉR, B. 1981. Career planning. Boston : Houghton.

SLAVIN, R.E. 1984. Research methods in education. New Jersey : Prentice-Hall.

SMITH, J. 1980. Media services for gifted children. **School media quarterly**, 80(3):161-178.

STREET, L. 1980. The gifted child and the teacher librarian. **Australian school librarian**, 17(1):21-26.

STROM, R.D. 1983. Expectations for educating the gifted and talented. **Educational forum**, 97(3): 279-303. Spring.

TASHNER, J.T. 1982. Using computers with gifted students. **Top of the news**, 38(4):318-324.

TOD kyk Transvaal. Onderwysdepartement.

TOLBERT, E.L. 1980. Counselling for career development. Boston : Houghton.

- TORRANCE, P. 1980. Creativity and futurism in education: retooling. *Education*, 10(4):306-309.**
- TRANSVAAL. Onderwysdepartement 1982. Buitekurrikulêre sentrums vir hoogsbegaafde leerlinge. Ongenommerde omsendminuut. Pretoria.**
- TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1984. Ad hoc-komitee vir die onderrig van die begaafde kind. Pretoria.**
- TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1985. Handleiding vir primêre onderwys. Pretoria.**
- TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1986. Handleiding vir algemene skoolorganisasie. Pretoria.**
- TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1988a. Voorligtingsprogram vir skole. Omsendminuut 70 van 1988. Pretoria.**
- TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1988b. TOD-beleid oor navorsing in skole. Omsendminuut 48. Pretoria.**
- TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1988c. Die beroepvoorligtingsprogram in die sekondêre skool. Pretoria.**
- TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1989. Buitekurrikulêre sentrums vir hoogsbegaafde leerlinge. Omsendminuut 24 van 1989. Pretoria.**
- TUCKMAN, B.W. 1978. Conducting educational research. New York : Harcourt.**
- TURNER, N. 1979. Stylish wedding and infusing career education into creative writing and composition. *English Journal*, 68:59-62. Oct.**
- TUTTLE, F.B. & BECKER, L.A. 1980. Characteristics and identification of gifted and talented students. Washington : National.**

- VAN DALEN, D.B. 1979. Understanding educational research - an introduction. New York : McGraw-hill.
- VAN DER WALT, J.S. 1983. Voorligting aan die hoogsbegaafde leerling. Werkkomitee: Onderwys vir begaafde leerlinge. Pretoria : Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.
- VAN TASSEL-BASKA, J. 1983. The teacher as counsellor for the gifted. *Teaching exceptional children*, 15(3):145-150.
- VAIL, P. 1979. The world of the gifted child. New York: Walker.
- VISAGIE, M.L. 1980. Die begaafde kind *Nou-Blad*, 11(2):95-96.
- WEINRACH, S.G. 1979. Career counselling. New York : Mc Graw.
- WHITMORE, J.R. 1980. Giftedness, conflict and underachievement. Boston : Allyn.
- WIERSMA, W. 1969. Research methods in education. New York : Holt.
- YOUNG, M. & McLAMB, L.W. 1984. A career education program for secondary gifted students. *G/C/T.*, 31:2-4. January.
- YOUNGMAN, M.B. 1978. Designing and analysing questionnaires. Nottingham : University.
- ZLOTNICK, J. 1989. Professions: the views of gifted white children. S.A. Raad vir Natuurwetenskaplikes. *Bulletin*. 1, Maart.

BYLAE 1

Onderwys hulpsentrum

Privaatsak A15

KLERKSDORP

18 Januarie 1990

Die Hoof

'n Vriendelike beroep word op u gedoen om die ingeslote vraelys aan u Departementshoof: Opvoedkundige Leiding of Voorligtingonderwyser te oorhandig om deur hom/haar ingevul te word.

Die vraelys het ten doel om voorligtingonderwysers van sekondêre skole se mening oor die stand van beroepsvoorligting aan begaafde leerlinge in die junior sekondêre fase in Transvaalse skole in te win.

Skriftelike toestemming is van die Transvaalse Onderwysdepartement is ontvang om genoemde saak in sekondêre skole in Transvaal te ondersoek (kyk aangehegte brief).

U naam of die naam van u skool word nêrens op die vraelys ingevul nie en alle inligting word dus as anoniem beskou. Wees dus verseker dat alle inligting as streng vertroulik behandel sal word.

Die vraelys moet asseblief so eerlik as moontlik beantwoord word en voor of op 14 Februarie 1990 in die gefrankeerde koevert aan bogenoemde adres teruggestuur word.

U begrip en vriendelike samewerking word hoog waardeer.

Die uwe

D.L. CRONJÉ



DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR
DEPARTMENT OF EDUCATION AND CULTURE


ADMINISTRASIE: VOLKSRaad
ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT
TRANSVAAL EDUCATION DEPARTMENT

Navrae:
Enquiries: Mnr. J.S. Meyer
Verw.:
Ref.: TOA 9-7-2
Tel.: (012) 324 1660/-70

Provinsiale Gebou
Provincial Building
Privaatsak X76
Private Bag X76
Pretoria 0001

Mnr. D.L. Cronje
Onderwys hulpsentrum
Privaatsak A15
KLERKSDORP
2570



Geagte mnr. Cronje

BEROEPSVOORLIGTING AAN DIE BEGAAFDE LEERLINGE IN DIE JUNIOR
SEKONDÊRE SKOOLFASE IN TRANSVAAL

U skrywe, gedateer 1989-10-04, het betrekking.


Die Transvaalse Onderwysdepartement het waardering vir navorsing wat betekenis het vir onderwys en opvoeding. U versoek is sorgvuldig oorweeg en die Departement ondervind geen probleme met u tema as sodanig nie, maar dit spyt my om u mee te deel dat die Departement om die volgende redes nie daaraan kan voldoen nie:

- Die inligting wat uit die vraelys na vore sal kom, is sensitief en vertroulik van aard.
- Soortgelyke navorsing word intern deur die TOD onderneem en die beroepsvoorligtingsprogram word gevolglik voortdurend hersien en aangepas om in al die leerlinge se behoeftes te voorsien.
- Die vraelys sal nie voldoen aan die doelstellings soos deur u aangedui nie.



- . Die vraelys, en dus die navorsing, berus op 'n evaluering deur die begaafde leerlinge van sowel die effektiwiteit van die huidige beroepsvoorligtingsprogram van die TOD in die sekondêre skole as 'n evaluering van die effektiwiteit van die beroepsvoorligtingsonderwysers. Die vraag is met watter verwysingsraamwerk en deskundigheid of kriteria die oordele gevel word. In die lig hiervan is u navorsingsmetode vir die Departement dus onbevredigend.

Indien die navorsingsmetode tot bevrediging van die Departement aangepas word, kan 'n nuwe vraelys deur die Departement vir goedkeuring oorweeg word.



Namens DIREKTEUR VAN ONDERWYS

BYLAE 3

VRAELYS AAN DEPARTEMENTSHOOFDE: OPVOEDKUNDIGE LEIDING

ALGEMENE AANWYSINGS

- Hierdie vraelys is saamgestel om die stand van beroepsvoorligting aan begaafde leerlinge in die junior sekondêre skoolfase vas te stel.
- Die inligting wat ingesamel word, word slegs vir navorsingsdoeleindes gebruik en sal streng vertroulik behandel word.
- Dui op 'n 4-puntskaal aan in welke mate vir die onderstaande aspekte van beroepsvoorligting in u skool voorsiening gemaak word.
- 'n Vraag word beantwoord deur 'n kruisie in die toepaslike blokkie te maak.

U absolute eerlike antwoord op elke vraag sal hoog op prys gestel word.

VOORBEELD

In watter mate word die begaafde leerling deur middel van die beroepsvoorligtingsprogram voorberei en ondersteun om vak- en beroepskeuses te maak?

1	2	3	4
---	---	---	---

SKAAL:

- 1 = Glad nie
2 = Onbevredigend
3 = Redelik
4 = Ten volle

Vir kantoorgebruik

--	--	--

(1-3)

Dui aan in watter mate:

1. die begaafde leerling voorgelig is om by wyse van beroepstudie vas te stel of hy aan die eise voldoen wat gevorderde beroepe aan sy besondere vermoëns stel.

1	2	3	4
---	---	---	---

 (4)

2. u die leerling begelei het om professionele beroepe van 'n gevorderde aard waarin sy besondere vermoëns ten volle kan ontplooi te oorweeg

1	2	3	4
---	---	---	---

 (5)

3. die begaafde leerling voorligting ontvang om die verband tussen sy besondere verstandvermoëns en die land se hoëvlak- mannekragbehoefte in te sien.

1	2	3	4
---	---	---	---

 (6)

4. die beroepsvoorligtingsprogram die begaafde leerling help om sy verstandelike vermoëns te ontdek, te begryp en te aanvaar.

1	2	3	4
---	---	---	---

 (7)

5. die beroepsvoorligtingsprogram die leerling voorberei om sy besondere probleemoplossingsvaardighede te ontwikkel en dit toe te pas wanneer hy keuses in verband met vakke en beroepe moet uitoefen

1	2	3	4
---	---	---	---

 (8)

6. die beroepsvoorligtingsprogram die begaafde leerling bewus maak van sy talende en die implikasies daarvan vir sy vak- en beroepskeuses.

1	2	3	4
---	---	---	---

 (9)

7. daar voldoende vakke, vakversamelings en studierigtings bestaan wat uitdagings aan die leerling se besondere kreatiewe vermoëns bied

1	2	3	4
---	---	---	---

 (10)

8. die belangrikheid van aanleg benadruk word by beroepstudie sodat die begaafde leerling 'n keuse kan uitoefen wat die beste by sy besondere aanleg pas

1	2	3	4
---	---	---	---

 (11)

9. die vakke en vlak van vakke 'n uitdaging aan die leerling bied om sy besondere begaafdheid te ontwikkel

1	2	3	4
---	---	---	---

 (12)

10. u die begaafde leerling ondersteun om insig in sy probleme in verband met sy vak- en beroepskeuses te verkry en hierdie probleme sodoende op te los

1	2	3	4
---	---	---	---

 (13)

11. die leerling voorgelig is om waarde te heg aan die keuse van vakke en beroepe wat die beste by sy besondere vermoëns pas

1	2	3	4
---	---	---	---

 (14)

12. u die begaafde leerling aanvaar, hom liefde bied en sodoende sekuriteit of 'n gevoel van veiligheid gee wat hom aanspoor tot akademiese vakprestasies

1	2	3	4
---	---	---	---

 (15)

13. die mediasentrum die begaafde leerling die geleentheid bied om sy beroepskennis te verryk

1	2	3	4
---	---	---	---

 (16)

14. daar vir die begaafde leerling geleentheid is om werkgewende instansies te besoek sodat hy sy besondere verstandelike vermoëns kan toets aan die vereistes wat gevorderde beroepe daaraan stel

1	2	3	4
---	---	---	---

 (17)

15. die leerling die geleentheid gebied word om met 'n raadgewer in die beroepswêreld in aanraking te kom om sô sy self- en beroepskennis te verbreed.

1	2	3	4
---	---	---	---

 (18)

16. daar vir die leerling geleentheid is om met begaafde persone uit die openbare en privaatsektor tydens hul besoek aan die skool oor hul loopbane te gesels

1	2	3	4
---	---	---	---

 (19)

17. die begaafde leerling op grond van beroepsinligting soos deur die gaspreker (kyk vraag 16) aan hom verskaaf, 'n beroepskeuse kan uitoefen

1	2	3	4
---	---	---	---

 (20)

18. die beroepsvoorligtingsprogram die leerling geleentheid bied om die beroepsnavorsingsentrum in die skool te besoek met die oog op beroepsstudie

1	2	3	4
---	---	---	---

 (21)

19. rekenaarsoektogte die begaafde in staat stel om beroepsstudie te onderneem

1	2	3	4
---	---	---	---

 (22)

20. u die begaafde leerling wys op die belangrikheid van die bestudering van begaafde beroepsbeoefenaars se biografieë (lewensbeskrywings) met die oog op die inwin van beroepskennis

1	2	3	4
---	---	---	---

 (23)

21. die begaafde leerling hulp van die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede van die Opvoedkundige Hulpdiens ontvang wanneer hy studieprobleme ondervind

1	2	3	4
---	---	---	---

 (24)

22. die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede van die Opvoedkundige Hulpdiens die begaafde leerling help om sy emosionele probleme te hanteer en op te los om sodoende 'n vak- en beroepskeuse uit te oefen

1	2	3	4
---	---	---	---

 (25)

23. die Onderwysadviseur: Loopbaanaangeleenthede van die Opvoedkundige Hulpdiens die begaafde kind ondersteun om sy besondere persoonsvermoëns te begryp en te aanvaar ten einde in sy vakke so te kan presteer dat sy vak- en beroepskeuses kan oorweeg wat die beste by sy besondere persoonsvermoëns pas

1	2	3	4
---	---	---	---

 (26)

24. die begaafde kind die geleentheid kry om vakprestasieprofile te teken ten einde sy vakprestasies met die oog op sy vak- en beroepskeuses te evalueer

1	2	3	4
---	---	---	---

 (27)

25. u die begaafde leerling wys op die belangrikheid van deurlopende beroepstudie wat hom moet steun in sy vak- en beroepskeuses

1	2	3	4
---	---	---	---

 (28)

26. u die begaafde leerling help om sy individuele, selfstandige aktiwiteite (uitgesonderd sy skolasiese prestasies) aan moontlike beroepe te koppel

1	2	3	4
---	---	---	---

 (29)

27. daar in die gewone klaskamer vir die begaafde leerling ruimte gelaat is om sy eie program te volg om sodoende sy besondere begaafdheid, kreatiewe vermoëns en belangstellings te ontwikkel

1	2	3	4
---	---	---	---

 (30)

28. die begaafde leerling in staat gestel word om uit 'n groter verskeidenheid vakke (soos 'n ekstra buitemuurse vak) as die ander leerlinge 'n vakkeuse te kan doen.

1	2	3	4
---	---	---	---

 (31)

29. die begaafde leerling die geleentheid het om vinniger in 'n vak te vorder en sodoende sy skoolloopbaan gouer te voltooi

1	2	3	4
---	---	---	---

 (32)

30. die begaafde leerlinge in u skool 'n skool vir musiek, ballet en kuns besoek

1	2	3	4
---	---	---	---

 (33)

31. die begaafde leerlinge in u skool 'n sentrum vir begaafde leerlinge buite u skool (uitgesonderd die skool in vraag 30 genoem) besoek

1	2	3	4
---	---	---	---

 (34)

Dankie vir u samewerking.